# NAMPO

KAAP | CAPE

GIDS 2025 GUIDE

SA Graan Grain




**10 - 13 September 2025**

**BREDASDORP PARK**

**SMART TECHNOLOGY**
FOR EFFICIENT RESOURCE MANAGEMENT

**SLIM-TEGNOLOGIE**
VIR DOELTREFFENDE HULPBRONBESTUUR




# Work Site Ready.

## Multiple Jobs. Maximum Uptime.

From trenching and digging to clearing and loading, the Hitachi backhoe loader and range of mini excavators deliver versatility that works as hard as you do. With simple controls, easy maintenance, and the legendary Hitachi reliability, you get more done in less time - helping you run a more efficient and profitable operation.

Don't settle for less. Choose the machines that work as hard as you do.

Get a quote today - email us at marketing@hcmaf.com

**HITACHI.**
**The Total Operating Cost Advantage.**

GSA GRAIN | GRAAN
SA Graan Grain

**EIENAAR/UITGEWER**
GRAAN SA
POSBUS 74087, LYNNWOOD RIDGE, 0040
Tel: 086 004 7246
*www.grainsa.co.za*

**REDAKSIE**
Dr Dirk Strydom
BESTURENDE DIREKTEUR VAN
NAMPO (PTY) LTD
Tel: 086 004 7246 • Sel: 082 852 4810
E-pos: *dirks@grainsa.co.za*

**REDAKTEUR**
Rentia Mynhardt
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 771 7566
E-pos: *rentia@infoworks.biz*

**BESTURENDE REDAKTEUR**
Johan Smit
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806
E-pos: *johan@infoworks.biz*

**MEDEWERKERS**
Louise Kunz
Valerie Cilliers
Mariëtta Cronjé

**PUBLISERINGSPAN**
Elizma Myburgh, Lani Viljoen
en Marisa van Heerden (bladuitleg)

**ADVERTENSIEVERKOPE**
KOLBE MEDIA – Kaapstad
Jurgen van Onselen – advertensiekoördineerder
Tel: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
E-pos: *jurgen@kolbemedia.co.za*

SCHMILTZ MARKETING – Johannesburg
Ruth Schultz – advertensiekonsultant
Tel: 081 480 6413 • Sel: 083 583 5243
E-pos: *ruth@schmiltz.co.za*




# Op jou merke...



**Rentia Mynhardt, redakteur/*editor***

Die Kaap is amper-amper weer Hollands! Van 10 tot 13 September sal Bredasdorp Park vir die sesde keer gons wanneer NAMPO Kaap aangebied word. Vanjaar se tema, "Slim-tegnologie vir Doeltreffende Hulpbronbestuur", slaan die spyker op die kop, veral wanneer 'n mens kyk na hoeveel uitdagings landbou tans moet trotseer.

In hierdie NAMPO Kaap-gids van *SA Graan/Grain* kan jy oor alles lees wat by die skou aangebied word sodat jy solank jou skedule kan uitwerk. Laai sommer ook die NAMPO-app af, of doen solank die opdatering. Behalwe dat jy al die gebeure wat jy wil bywoon kan boekmerk, kan jy dit ook gebruik om tot by die uitstaller te loop wat jy wil besoek. As jou rigting – of eerder die gebrek daaraan – soos myne is, spaar hierdie funksie jou baie tyd en treë!

Koop solank jou kaartjies by *ticketpro.co.za*, want dit gaan 'n landbouskou wees wat jy nie wil misloop nie. 'n Hele paar nuwe dinge sal te sien wees:

- Dames sal vir die eerste keer die KAMERS/Makers-opwiptent kan geniet met verskeie eg Suid-Afrikaanse produkte.
- Die nuwe Neptun Deli-saal is net die plek om te wees as jy van kaas en wyn hou.
- Onderneem 'n helikopterrit en verewig jou herinneringe uit die lug.
- Boerboele maak hul buiging in die arena.
- Woon 'n paar gesprekke in die Santam-ouditorium by.
- Die BKB Merino Classic-skou is na drie jaar weer terug.
- Bespreek hierdie jaar vir jou akkommodasie in een van die splinternuwe tente en gaan rus 'n bietjie tussendeur die moeë voete.

NAMPO Kaap bly 'n ervaring wat jonk en oud sal geniet. Die skoleprogram en jeugskou is nog 'n hoogtepunt om na uit te sien. Dit is hier waar ons jongmense opnuut die waarde van landbou ervaar en waardeer. Met al die nuutste tegnologie in landbou wat vertoon word, sal die saadjie wat waarskynlik lank gelede reeds geplant is, beslis hier water kom kry.

Onthou ook om 'n draai by die 4x4-baan te maak om die adrenalien 'n bietjie op te stoot. Oudergewoonte sal daar ook genoeg wees om aan te smul terwyl jy deur die stalletjies loop en die pragtige vee en perde bewonder.

As jy 'n planmaker is, herinner ek jou ook sommer aan die Boereplanne-kompetisie. Kry jou inskrywingsvorm agter in hierdie gids.

Geniet jou *NAMPO Kaap*-gids en loer agterin vir die terreinkaart en saaluitleg.

Op jou merke, gereed ... Bredasdorp Park!

Mooi loop!

Rentia

# INHOUD CONTENTS



12



34



54


**4** Slim-tegnologie en vennootskap dryf NAMPO Kaap vorentoe

**5** Knap bestuurspan maak dié ekspo moontlik

**6** Toewyding en ervaring dryf ekspo se sukses

**9** *50 Jaar se sukses in oesmasjinerie*

**10** Dis hoekom jy NAMPO Kaap moet dagboek

**12** Kom skop jou skoene hiér uit

**14** *Ontmoet die nuwe baas van die plaas*

**16** 'n Meganiese oplossing vir elke plaas

**19** Viertrekpret en -vaardigheid by gewilde 4x4-baan

**20** Meer voete vra meer plek én parkeerplek

**23** *Technology and support that drive innovation and efficiency*

**24** Ervaar die Overberg-prag vanuit die lug

**25** Hier gesels ons kopstukke

**25** Teken gratis in op *SA Graan/Grain*

**26** *From field to family: caring for agricultural workers*

**29** *'n Rooi golf van tegnologie*

**30** Dié wit tent 'n moet vir elke dame

**33** *Venster op kleingraanproduksie in die streek*

**34** BKB Merino Classic meet nasionale standaarde

**34** Eerste merinovagskou in agt jaar vind weer plaas



65




70


**35** *Precision cleaning for solar panels*

**36** *Nuwe tegnologie ... in jou kunsmis?*

**39** Boer se beste vriend wys sy staal

**40** Skoleprogram belê in produsente van môre

**42** Blomme beeld natuurelemente uit

**45** Jong talent wys hulle slag

**46** The NAMPO app is your compass

**48** *Real-time blockage detection enables quick response*

**49** Smul jou hier en smul jou daar

**51** Wyn, kaas en deli-lekkertes gaan smaakkliere prikkel

**53** *Hierdie sleepwaens bied 'n eenvoudige oplossing*

**54** Pluimvee skud hul ekspo-vere reg

**54** Genetika van gehalte in die kollig

**57** *Verlaag stres in herkouers só*

**58** *Dié kleppe en silinders bring einde aan waterprobleme*

**59** Perdeprogram: SA en Australië sê mekaar die stryd aan

**60** Saadproewe wys wat werk

**61** Drie sussies ry 1 900 km vir demensie

**62** *Tegnologie vir landbou – hier en in buiteland*

**63** Borge is NAMPO Kaap se hartklop

**63** Maak die hekke oop!

**64** *Inligtingstegnologie ondersteun strategiese bestuursbesluite*

**65** Grondlose stelsels en groente trek aandag

**66** *Take control of waste, one bale at a time*

**68** Linne, leer en pure lekkerte hiér te koop

**70** Groot pryse vir kreatiwiteit en innovasie

**72** Boereplanne – inskrywingsvorm

**74** Terreinkaart van Bredasdorp Park

**76** Sale-uitleg




# Slim-tegnologie en vennootskap dryf NAMPO Kaap vorentoe

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Met die tema "Slim-tegnologie vir Doeltreffende Hulpbronbestuur" staan NAMPO Kaap 2025 weer eens gereed om 'n deurslaggewende bydrae tot die toekoms van landbou in die Wes-Kaap te maak. In 'n tyd waar klimaatsverandering, stygende insetkoste en druk op natuurlike hulpbronne produsente dwing om meer doeltreffend en volhoubaar te boer, bied NAMPO Kaap 'n strategiese ruimte vir vooruitdenkende oplossings.

"Deur NAMPO Kaap in samewerking met die bestuur van Bredasdorp Park NPC aan te bied, kan ons werklik waarde bied aan ons Graan SA-lede, die breër graanwaardeketting én aan landbou in sy geheel. Dit is 'n geleentheid waar beleidmakers, navorsers, verskaffers, produsente en jong landbouleiers met mekaar in gesprek kan tree met die gemeenskaplike doelwit om Suid-Afrikaanse landbou vorentoe te neem," sê dr Dirk Strydom, besturende direkteur, Nampo (Pty) Ltd.

Daar word tydens die skou veral gefokus op die unieke produksietoestande en kommoditeite van die Wes-Kaap. By NAMPO Kaap kry produsente toegang tot praktiese kennis, netwerkgeleenthede en tegnologie wat volhoubare en winsgewende landbouproduksie bevorder. Dit is ook 'n ruimte waar ontwikkelende produsente kan leer en hul praktyke kan slyp en waar studente in landbou asook die jeug geïnspireer kan word om hul plek in die landbousektor te vind.

"'n Produsent is dikwels op homself aangewese om die regte besluite op sy plaas te neem. NAMPO Kaap bied egter aan produsente die unieke geleentheid om uitdagings en suksesse met diegene wat 'n soortgelyke pad stap, te deel. Te midde van kundiges, borge, tegnologieverskaffers en medeprodusente word dit beklemtoon dat 'n produsent nie in isolasie funksioneer nie, maar wel binne 'n groter, effektiewe en ondersteunende netwerk. Hierdie gevoel van samehorigheid is nie net motiverend nie, maar lei ook tot meer ingeligte en volhoubare besluitneming," sê Strydom.



Dr Dirk Strydom, besturende direkteur, Nampo (Pty) Ltd

Hy wys verder daarop dat een van die belangrikste dryfvere agter die sukses van NAMPO Kaap die hoë kwaliteit van uitstallers is. Hulle dra nie net as uitstallers van produkte of dienste by tot die voortbestaan van die skou nie, maar bring ook hul eie netwerke en bemarkingskanale saam wat help om dit aan 'n wyer gehoor bekend te stel. Verlede jaar het 45 894 besoekers die skou besoek en daar word verwag dat hierdie syfer verder sal styg. Boonop is dit juis vanweë die kwaliteituitstallings in die landboutoerusting- en tegnologiebedrywe dat produsente die geleentheid kry om op hoogte te kom van die nuutste beskikbare innovasies. Hierdie vennootskap met die uitstallers gaan ook verder as bloot sigbaarheid en handelsmerkblootstelling. Dit is 'n samewerking wat die plaaslike ekonomie stimuleer, werk skep en die gees van gemeenskapsbetrokkenheid versterk.

NAMPO Kaap dien egter nie net as 'n ontmoetingsplek vir rolspelers binne die landbousektor nie, maar vervul ook 'n belangrike opvoedingstaak teenoor die breër publiek en die media. Deur blootstelling aan die werklikhede van landbouproduksie – van uitdagings soos klimaatsverandering en insetkoste tot oplossings soos tegnologie en volhoubare praktyke – ontstaan daar 'n dieper begrip vir hierdie kritiek belangrike sektor. Hierdie groter insig dra by tot waardering vir die noodsaaklike rol wat landbou in voedselsekerheid en ekonomiese stabiliteit speel. Sodanige bewusmaking is noodsaaklik in 'n tyd waar voedselsekerheid 'n nasionale prioriteit is en samewerking tussen produsente en verbruikers 'n belangrike vereiste is vir volhoubare vooruitgang.

'n Arendsblik van laas jaar se NAMPO Kaap.



## Gesinsvriendelike ervaring

"Tog is NAMPO Kaap nie net daar vir die produsent of die landboukundige nie – dit is ook 'n gesinsvriendelike ervaring wat iets vir almal bied. Die program word doelbewus uitgebrei om die gesin te betrek met elemente soos die gewilde boerboelvertoning, 'n kleurvolle blommeskou en 'n propvol vroueprogram. Sodoende word die aantrekkingskrag na die skou verder verbreed en verander dit in 'n belewenis waar toegang tot landbou-aangeleenthede en innovasie op 'n feestelike en toeganklike wyse geskied," sê Strydom. ●





# Knap bestuurspan maak dié ekspo moontlik



Chrystal van Wyk, besigheidsbestuurder van Bredasdorp Park.

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Die jaarlikse NAMPO Kaap-landbouskou verg 'n besonderse dinamika om die sukses te verseker wat jaar na jaar daarmee op Bredasdorp Park behaal word. Hierdie sukses is te danke aan verskeie faktore, maar kan veral toegeskryf word aan die bekwame en effektiewe bestuurspan van Bredasdorp Park. Aan die stuur van sake is Chrystal van Wyk, wat op die Bredasdorp Park-direksie dien en 'n leidende rol speel in die strategiese beplanning en daaglikse bestuur van die park asook in die beplanning en uitvoering van die skou.

NAMPO Kaap is oor die afgelope vyf jaar as 'n onmisbare hoogtepunt op die Wes-Kaapse landboukalender gevestig danksy deeglike beplanning en nougesette koördinering deur die bestuurspan. Tydens die organisering van die skou moet daar oorleg gepleeg word met Graan SA as vennoot, en 'n wye verskeidenheid van rolspelers, borge, uitstallers, aanbieders van spesiale programme, die plaaslike munisipaliteit, die media en spyseniers. Werwing van borge en die samestelling van 'n program wat beide uitstallers en besoekers sal lok, bly veral 'n uitdaging. Die toegewyde spanwerk, doelgerigte fokus en deursettingsvermoë van die bestuurspan word jaarliks weerspieël in die suksesvolle interaksie met die onderskeie rolspelers en die hoë standaard wat by NAMPO Kaap gehandhaaf word.

"Elke lid van die span moet sy spesifieke verantwoordelikhede nougeset nakom. Deurlopende, oop kommunikasiekanale moet gehandhaaf word en effektiewe koördinering is uiters belangrik. Stelsels op die terrein, waaronder infrastruktuur vir water en elektrisiteitsvoorsiening, veiligheidsprotokolle en digitale ondersteuning, mag ook nie faal of oorvleuel nie," sê Van Wyk. "Wanneer hierdie stelsels presies werk soos beplan, laat dit elke spanlid toe om met selfvertroue op hul taak te fokus, sonder verwarring of vertraging. Dit is hierdie deeglik beplande orde op Bredasdorp Park wat uiteindelik ook 'n vlot, professionele ervaring vir uitstallers en besoekers aan NAMPO Kaap moontlik maak."



Bredasdorp Park NPC is vereer met 'n gesogte Wes-Kaapse Ekonomiese Innovasie-toekenning vir hul baanbrekerswerk met die NAMPO Kaap-landbou-ekspo in samewerking met Graan SA. Dit is toegeken vir die rol wat NAMPO Kaap in die bevordering van die landbousektor speel, asook die dryf van ekonomiese groei in die Wes-Kaap.

**Hier ontvang Henk Aggenbach, voorsitter van die Bredasdorp Park NPC-raad, die toekenning van Noluthando Pama, direkteur van die Kaapse Kamer van Koophandel en Nywerheid.**

Daar word voortdurend gestreef om die standaard van die fasiliteite wat Bredasdorp Park bied nog verder te verhoog deur deurlopend aandag te gee aan die verbetering daarvan. Volgens haar is vanjaar geen uitsondering nie. 'n Nuwe, algemene parkeerarea aan die westekant tesame met 'n ekstra toegangshek sal help om die verkeersvloei beter te bestuur en om die druk op bestaande toegangsroetes te verlig. 'n Ontvangs- en parkeerarea is ook geskep vir gebruik deur Vinpro-produseerders wat hul toegang tot die terrein sal vergemaklik. Vir wynliefhebbers en fynproewers is daar ook iets besonders om na uit te sien. 'n Stylvolle deli is in die Neptun-gebou ingerig waar plaaslike wyne en verfynde produkte in 'n elegante omgewing ten toon gestel sal word. Daar is ook 'n wateropgaarsisteem met 'n halfmiljoen liter drinkwater aangebring weens die munisipale stelsel wat nie altyd aan die vraag kan voldoen tydens spitsperiodes nie.

## Ekonomiese katalisator

NAMPO Kaap is veel meer as net 'n gebeurtenis. Dit dien ook as 'n ekonomiese katalisator vir Bredasdorp en die Overberg. Dit stimuleer fondsinsameling, verhoog die vraag na plaaslike produkte en dienste en gee plaaslike ondernemings en toerisme 'n hupstoot. Werksgeleenthede word ook plaaslik gevul. Die invloei van fondse dra dus direk by tot die bevordering van die plaaslike ekonomie en die gemeenskap. Hierdie blootstelling word verder versterk deur uitgebreide mediadekking wat die streek op 'n nasionale platform sigbaar maak. Hierdie geïntegreerde betrokkenheid verseker dat NAMPO Kaap 'n waardevolle ontwikkelingsgeleentheid plaaslik en vir die hele streek bied.

Van Wyk wys daarop dat die terugvoer van besoekers en uitstallers oorweldigend positief is – iets wat die bestuurspan as 'n bevestiging en erkenning van hul toewyding ervaar. "Die mense stem met hul voete. Meer as 45 000 besoekers het die vyfde NAMPO Kaap bygewoon. Uitstallers waardeer op hul beurt die professionele wyse waarop hulle hanteer word, asook die netjiese, goed toegeruste geriewe.

"Die kombinasie van die teenwoordigheid van 'n gemoedelike, plattelandse atmosfeer wat die kultuur van die eiesoortige landboukarakter van die Wes-Kaap weerspieël saam met die nuutste landbou-innovasie, maak die uitstallings en 'n besoek aan NAMPO Kaap uniek. Hierdie wenresep kan verder toegeskryf word aan die balans waarmee die skou saamgestel word wat die geleentheid bied om ernstige besigheid te doen terwyl daar terselfdertyd genoeg ruimte is vir afleiding en vermaak vir die hele gesin.

"Of jy 'n landbouprodusent, uitstaller of gesinsmens is – daar is vir seker iets vir almal. Sien jou by NAMPO Kaap 2025," sluit sy af. ●

# TOEWYDING EN ERVARING DRYF EKSPO SE SUKSES

*SA Graan/Grain*-redaksie

Waar jy ook al 'n NAMPO-geleentheid sien – of dit op die vlaktes van die Vrystaat is of in die prentjiemooie Overberg – kan jy verseker wees dat 'n kernspan van Graan SA 'n deurslaggewende rol speel in die sukses van hierdie wêreldklaslandbouskoue. Hierdie toegewyde span bring nie net hul ervaring nie, maar ook hul toewyding en diepgaande kennis van wat dit verg om 'n skou van hierdie omvang glad en professioneel aan te bied.

'n Sprekende voorbeeld hiervan is Bennie Zaayman, bestuurder van NAMPO Park buite Bothaville, en Wim Venter, administratiewe beampte van die NAMPO Oesdag. Alhoewel hulle primêr in die Vrystaat werksaam is, speel hulle 'n sleutelrol in die beplanning, voorbereiding en aanbieding van NAMPO Kaap wat jaarliks op Bredasdorp Park in die Wes-Kaap aangebied word.

## Van uitstallers tot infrastruktuur

Zaayman en Venter vorm deel van die bestuurskomitee van NAMPO Kaap en is van die begin af by alle strategiese en operasionele besluite betrokke om sodoende die standaard van die NAMPO-handelsmerk te bevorder.

Hulle neem ook die volledige administrasie van uitstallers op hul skouers – van die hantering van navrae van potensiële en bestaande uitstallers en die verwerking en keuring van aansoeke, tot die toekenning van standplase en die finalisering van kontrakte. Met meer as 500 uitstallers wat aan NAMPO Kaap 2024 deelgeneem het, is dit duidelik dat hierdie nie 'n eenvoudige taak is nie. Dit verg presiese beplanning en noukeurige rekordhouding om in die uiteenlopende behoeftes van al die uitstallers te voorsien.

Die twee spanlede is ook reeds 'n week voor die skou op Bredasdorp Park aanwesig waar hulle met die plaaslike span saamwerk om die terrein gereed te kry vir die aankoms van uitstallers, kontrakteurs en besoekers. Hulle toesig en koördinering met kontrakteurs wat verantwoordelik is vir die oprigting van infrastruktuur, sowel as hul betrokkenheid by die reëlings vir sekuriteit, inspeksies van standplase en algemene navrae, vorm 'n belangrike deel van die voorbereidende aktiwiteite.

NAMPO Kaap is 'n gewilde bestemming vir landbousake doen, maar ook vir die hele gesin.






Bennie Zaayman (links), bestuurder van NAMPO Park, en Wim Venter, administratiewe beampte van die NAMPO Oesdag, speel jaarliks 'n sleutelrol in die beplanning en suksesvolle aanbieding van NAMPO Kaap op Bredasdorp Park.

*Dit verg presiese beplanning en rekordhouding om in die uiteenlopende behoeftes van uitstallers te voorsien*

## Paraatheid tydens die skou

Wanneer die hekke van NAMPO Kaap oopgaan, staan die twee manne ook slaggereed by die inligtingskantoor om ervare en professionele ondersteuning van uiteenlopende aard te bied waar nodig. Of dit nou daaglikse betrokkenheid by die toegangshekke is om te verseker dat voertuie en uitstallers betyds en ordelik toegang tot die skouterrein verkry, of om 'n onverwagse probleem van 'n uitstaller vinnig op te los – hulle is altyd gereed om te help.

NAMPO Kaap se groei en sukses is te danke aan meer as net logistiek en organisasie – dit is die mense agter die skerms wat die verskil maak. Die twee spanlede se entoesiasme, kennis en praktiese ingesteldheid dra in elke opsig by tot 'n professionele en goed georganiseerde NAMPO Kaap. ●




**KONVENSIONEEL**
DIAMOND
QUARTZ

**TRIASIEN-TOLERANT**
ALPHA TT
HYTTEC TROPHY
AGASTRA TT
HYTTEC TRIFECTA
HYTTEC VELOCITY

Clearfield®
Produksiestelsel vir Kanola

NUSEED CERES IMI

*Clearfield® is 'n geregistreerde handelsmerk van BASF.*

**Takke:**
**Joostenbergvlakte:** 021 981 1126
**Cradock:** 087 365 0010
**George:** 087 354 1028
**Howick:** 033 330 2765
**Kimberley:** 053 841 0675
**Piketberg:** 087 365 3025
**Port Elizabeth:** 041 373 9894
**Potchefstroom:** 018 294 7470
**Pretoria:** 012 803 6033
**Swellendam:** 087 359 3236
**www.agricol.co.za**

NUWE **CR10** & **BRAUD**

# 50 JAAR VAN INNOVASIE




Kom vier **50 jaar** van strooptegnologie saam met New Holland en ervaar die toekoms van boerdery met die bekendstelling van die nuutstegenerasie-**CR10**-stropers en **Braud**-druiweoesmasjiene.

**Ervaar innovasie met uitnemende ingenieurswese.**
**Neem jou oes na die volgende vlak.**

NAMPO KAAP | CAPE
10 tot 13 September,
Bredasdorp, Standplaas 71 - 78

50 JAAR TWIN ROTOR

50 Jaar BRAUD

**Kontak jou New Holland-handelaar vandag of bel ons:**

Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal, Mpumalanga
Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap
Eduan Booyens (071 871 8163) - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo

Volg ons op **www.newholland.com/za**

NEW HOLLAND
SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN

Vir huidige aanbiedinge besoek newhollandag.co.za

# 50 JAAR se sukses in OESMASJINERIE

**Derrick Coetzee,** produkbemarkingspesialis: Suider-Afrika

New Holland is gereed vir NAMPO Kaap wat plaasvind vanaf 10 tot 13 September 2025. Verwag 'n indrukwekkende tentoonstelling van masjinerie op standplaas 71, 72, 73, 76, 77 en 78, wat die maatskappy se toewyding weerspieël om deel te vorm van enige boerderypraktyk.

Met die fokus op 50 jaar se suksesvolle produksie van TwinRotor-stropers en Braud-druiweoesmasjinerie kan die volgende verwag word:

## CR10-stroper

New Holland het in 1975 baanbrekerswerk gedoen met die gebruik van TwinRotors vir dors en skeiding, met die bekendstelling van die TR-stropers. Vyftig jaar later het dubbele rotors die kenmerk geword van byna elke hoë-uitset-stroopontwerp.

Ons antwoord op die uitdagings – nie net van vandag nie, maar ook van môre – is die nuwe CR10-stroper. Onder die oppervlak is dit 'n monster wat die grootste begeertes kombineer met tegnologie wat ontwerp is om verliese te minimaliseer, graangehaltepremies te beskerm, lopende koste laag te hou en jou lande in die beste toestand te laat vir die volgende seisoen. Die manier waarop stropers ontwerp word, is heroorweeg en 'n heeltemal nuwe argitektuur en dryflyn is geskep wat beteken dat die nuwe CR10 in 'n ander liga is. Die 24-duim-rotors, in 'n wyer en langer dorskompartement, voer 'n 16 000-liter-graantenk, en laai die oes teen 'n vinnige 210 liter/sekonde af.

Die Twin Clean™-skoonmaakskoen bevat twee skoonmaakstelsels wat gelyktydig loop, met twee boonste siwwe, twee onderste siwwe, twee skoongraansensors en twee stelle druksensors om die skoonmaakskoenlading te meet. Die stelsel is 'n eerste in die bedryf – vol outomaties om egalige kruisverspreiding van die skoonmaakskoen te waarborg vir maksimum kapasiteit met verliesvlakke naby nul.

Verspreidingsbeheer word geoutomatiseer deur die bekroonde IntelliSpread™-radar om volle en egalige residubedekking agter die stroper te verseker, ongeag windeffekte, gewassoort of vogtoestande van tot 18 m (60 vt).

## BRAUD 8.50L Compact

Die Coëx-spanne het meer as 18 000 druiweoesmasjiene en trekkers met hoë grondvryhoogte vervaardig. Hierdie masjiene het maatstawwe geword danksy hul boukwaliteit, hul oeskwaliteit en bowenal hul vermoë om in die verskillende behoeftes van wynprodusente wêreldwyd te voorsien. Die splinternuwe reeks kompakte masjiene verskaf 'n moderne ontwerp, ongelooflike gemak, indrukwekkende beweeglikheid op die wenakkers en verhoogde produktiwiteit.

BRAUD 8.50L-oesmasjiene is toegerus met die SDC-skudstelsel, die beste oesstelsel. Danksy hierdie stelsel word die wingerdstokke en druiwe tydens oes beskerm. Dit is toegerus met skudders wat direk vanaf die kajuit verstel kan word om by alle opleitoestande te pas. Die buigsame bakkies verseël die Noria om die wingerdstokke en oes die vrugte sonder enige verlies op die grond. Druiwe word dan versigtig na die bokant van die oeskop oorgedra, altyd in dieselfde bakkie.


Die nuutstegenerasie-CR-stropers neem strooptegnologie na die hoogste vlak.

Die BRAUD 8.50L is toegerus met 'n splinternuwe, meer robuuste, langer onderstel, wat dit 'n afstand van 2,82 m gee. Die enjin se krag is verhoog tot 144 pk om aan die hoë vraag na krag te voldoen. Die transmissie is ook herontwerp om hierdie masjien die beste veldryvermoëns te gee. Die oeskop is indrukwekkend groot, met 'n vergaderbak van tot 3 600 liter. Vir optimale deurset is die vervoerbande tot 600 mm verbreed, en die ontstingelaars is dieselfde as dié wat op die 9 000L-reekse aangebring is.

Halfpad tussen 'n hoë-opbrengsmasjien en 'n kompakte een, is die BRAUD 8.50L geskik vir alle soorte groot wingerde, selfs die grootste. Beskikbaar in skroef-, ontstingel- of Opti-Grape™ II-weergawes, sal die BRAUD 8.50L homself onontbeerlik maak vir jou behoeftes en jou landgoed!

In die tent by NAMPO Kaap sal die winkel wees waar jy jouself kan kom toerus met New Holland-handelsware en -klere. Die FieldOps-afdelings sal ook beskikbaar wees om jou in te lig en te help met jou boerdery-innovering.

Verskeie spesiale aanbiedings sal aangebied word, so hou die media dop vir verdere inligting hieroor.

New Holland: Saam met jou, seisoen na seisoen. ●

*Vir meer inligting besoek www.newholland.com/za of kontak Derrick Coetzee by 082 524 7447.*

# Dis hoekom jy **NAMPO Kaap** moet **DAGBOEK**

**Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Die sesde NAMPO Kaap word van 10 tot 13 September deur Graan SA en Bredasdorp Park NPC aangebied met die tema "Slim-tegnologie vir Doeltreffende Hulpbronbestuur". Hierdie landbou-ekspo is 'n viering van die Overberg se landbouhart, kultuur en gemeenskap.

Gemeet aan die groei in besoeker- en uitstallergetalle, is 'n besoek aan die tweede grootste landbougeoriënteerde ekspo in die land en die grootste wintergraan- en Wes-Kaapse ekspo in Suid-Afrika 'n moet. "Hierdie landboutentoonstelling bied 'n unieke geleentheid aan uitstallers van landbouprodukte en -dienste wat betrekking het op die wintergraanstreek en Wes-Kaapse landboumark. Jy kry alles wat gerig is op landbou in die Wes-Kaap op een terrein," gesels Henk Aggenbach, voorsitter van Bredasdorp Park se direksie en voorsitter van die NAMPO Kaap-beplanningskomitee.

Anders as sy Vrystaatse eweknie, fokus NAMPO Kaap op die diverse landboupraktyke van die Wes-Kaap, wat dit 'n unieke streeksperspektief gee. Dit bied 'n platform aan produsente van graan, vee, wingerde, vrugte en groente om die nuutste tegnologie en werktuie te verken. Produsente kry hier die unieke geleentheid om met die nasionale verteenwoordigers van maatskappye en insetverskaffers te gesels.

Organiseerders reken dat die program vars toevoegings bied wat die unieke insette en verwagtinge van die plaaslike landbougemeenskap belig.

## Landbou bly die fokus

Georganiseerde landbou dra deurslaggewend by tot produsenteondersteuning, en strategiese gesprekke en landbou-inligtingsessies wat in die Santam-ouditorium plaasvind, sal hierdie rol onderstreep.

Lees meer hieroor op bladsy 59




Lede van Graan SA, Vinpro, die Rooivleisprodusente-organisasie en die Melkprodusente-organisasie sal sleutelstrategieë vir die bedryf onder die loep neem. SA Stamboek sal die gesprek oor teeluitnemendheid lei, met 'n fokus op melkbeeste, vleisbeeste en kleinvee.

Tydens die seminaar oor beskermde groenteproduksie sal verskeie kundiges bymekaarkom om temas soos volhoubare waterbestuur, grondlose boerdery-innovasies en die bemagtiging van ontwikkelende produsente in die kollig te plaas.

Lees meer hieroor op bladsy 34



*Dit bied 'n platform aan produsente om die nuutste tegnologie en werktuie te verken*

## Veeprodusente, moet dit nie misloop nie

Vir veeprodusente is daar nog meer om te sien met nuwe telers wat ook hul vee aan besoekers wil kom bekend stel. Van die nuwe rasse sluit in Limousin- en Chianina-beeste asook Île-de-France-, Suffolk- en Persiese skaaprasse. 'n Totaal van 35 uitstallers gaan in die nuwe Landbank-lewendehawetent gehuisves word, wat langs die BKB-lewendehawesentrum opgerig is.

Na 'n afwesigheid van drie jaar keer die nasionale BKB Merino Classic-skou weer terug na Bredasdorp Park om die gehalte en diversiteit van Suid-Afrika se merinobedryf te weerspieël. Volgens Willie van Heerden, bestuurder van Merino SA, kom die kern van hul lede uit die Suid-Kaap, so Bredasdorp Park is 'n baie sentrale ligging. Telers kan hul diere inskryf vir beoordeling in 'n totaal van 42 klasse. Die organiseerders verwag meer as 300 inskrywings vir hierdie jaarlikse kompetisie van stoet- en kommersiële skaapprodusente.



Lees meer hieroor op bladsy 42



Lees meer hieroor op bladsy 39



Lees meer hieroor op bladsy 70




Die BKB Nasionale Merino-vagskou vorm ook deel van die kompetisie. Alle diere met wol korter as 50 mm neem deel in die kortwolklas en die met wol langer as 60 mm in die langwolklas. Van Heerden noem ook dat die minimum lengte vir die C-klas 50 mm is.

## Iets vir die hele gesin

Die Western Cape Lubricants-arena sit gewoonlik stampvol as perde en ruiters vertonings lewer. Vanjaar is daar 'n nuwe sporthoogtepunt wat die aandag gaan trek. Suid-Afrika en Australië sê mekaar die stryd aan met pensteek (*tentpegging*). Hierdie sport is 'n hoëspoed-ruitersport waar ruiters swaarde en lanse inspan om 'n voorwerp op volle galop te moet raak slaan. Die sport vereis 'n hoë standaard van ryvaardigheid. Beoordelaars ken punte toe vir die styl en akkuraatheid waarmee voorwerpe getref word.

Op Saterdag 13 September maak meer as 'n 100 boerboele hul buiging in die arena om mee te ding in die Wes-Kaap Kampioenskappe van die Suid-Afrikaanse Boerboeltelersgenootskap (SABBS). Hierdie honderas is bekend vir hul gespierde bouvorm, selfversekerde temperament en lojaliteit aan hul families. Volgens Lititia Kruger, voorsitter van SABBS, evalueer beoordelaars tydens die vertoning 'n hond se fisieke krag en balans. Die dier moet selfvertroue uitstraal, goed hanteerbaar en gehoorsaam wees. Kernkriteria sluit in die algehele liggaamsbou en korrekte belyning, wat bepalend is vir funksionele beweging. 'n Hond se beweging word noukeurig beoordeel en beoordelaars kyk of hy parallel beweeg sonder beenkruising, 'n stabiele ruglyn handhaaf tydens aksie, en gladde, doelgerigte treë gee wat behoorlike bouvorm weerspieël. Mense wat meer wil uitvind oor boerboele, kan met kundiges en telers in die Landbank-lewendehawetent gesels.

*Beoordelaars ken punte toe vir die styl en akkuraatheid waarmee voorwerpe getref word*

As jy nog altyd wou sien hoe lyk Bredasdorp Park uit die lug, is dit nou jou kans. 'n Opwindende toevoeging tot die NAMPO Kaap-ervaring is om Bredasdorp Park vanuit 'n helikopter te bekyk – mits die weer dit toelaat. Overberg Aviation bied ritte van 3 tot 30 minute aan in Bell 206 Jet Rangers of Robinson R44's.

## Redes om NAMPO Kaap te besoek

**Landbou word gevier:** Die tema van NAMPO Kaap laat die kollig val op hoe tegnologiese ontwikkeling 'n integrale rol speel in die bevordering van volhoubare landbou. Daar is egter verskeie ander plekke waar die fokus op landbou is. Die NAMPO Kaap-boereplannekompetisie wys Wes-Kapenaars se vindingrykheid met handige boereplanne wat produsente se werksaamhede op die plaas makliker maak. Baie van die kreatiewe uitstallings se produkte het ook 'n plaastema.

# Kom skop jou skoene hiér uit

Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker

As die landskap in die Wes-Kaap verander in 'n lappieskombers van geel en groen, skud Bredasdorp Park sy vere reg, want NAMPO Kaap is om die draai. Die pragtige natuurskoon van die Overberg, omring deur die rustigheid van die platteland, is een van die redes waarom die skou jaarliks groei. Dit is mos lekker om te ontsnap van die vaal winters in die noorde van die land na die groen en goud van die suide.

Gastehuise van Bredasdorp en omliggende dorpe maak hulle deure oop vir besoekers en uitstallers wat na dié hoogtepunt op die Wes-Kaapse landboukalender stroom. Bespreek sommer vir 'n dag of twee langer en verken die pragtige omgewing.


## Slaan jou tentpenne in

Tentverblyf is op die terrein agter Overberg Agri se gronde beskikbaar – akkommodasie vir 150 besoekers in luukse of standaardtente. Buiten vir die privaat ablusiegeriewe, sluit hierdie verblyf ook parkering in. Daar is 24 uur per dag sekuriteit beskikbaar en 'n kuiertent waar jy na 'n lang dag kan ontspan.

Stuur 'n e-pos na *admin@antoinetteevents.co.za* of skakel 028 425 2729 indien jy plek wil bespreek. Neem kennis dat 'n minimum bespreking van vier nagte vir hierdie akkommodasie geld.

## VINNIGE FEITE OOR DIE OVERBERG

- Arniston/Waenhuiskrans is die enigste dorp in Suid-Afrika wat tot nasionale monument verklaar is en twee name het.
- Struisbaai het die langste strand in die Suidelike Halfrond – wit sand wat strek oor 14 km.
- Die suidelikste punt van die Afrika-kontinent, Kaap Agulhas, se naam kom van die Portugese woord, *agulhas*, wat naalde beteken en verwys na die rotse en riwwe waarop baie skepe gestrand het.
- Die naam Gansbaai is afkomstig van die wilde ganse wat volop in die omgewing was.
- Fernkloof-natuurreservaat in die Hermanus-omgewing het meer as 1 600 geïdentifiseerde spesies inheemse fynbos en meer as 92 voëlspesies.
- Voordat Elim 'n Morawiese sendingstasie geword het, was die dorp se naam Vogelstruiskraal. Die naam Elim kom uit Eksodus 15:27.
- Swellendam is die derde oudste dorp in Suid-Afrika en spog met een van die beste 25 negeputjiegholfbane in die land.



Luukse tentakkommodasie is vanjaar op die Bredasdorp Park-terrein beskikbaar.





**'n Gewilde plek vir 'n foto by Agulhas – die skeidslyn tussen die Atlantiese en Indiese Oseaan.**
(Foto: Wikipedia)



**'n Pragtige gastehuis in Napier.**
(Foto: *peacevalleyguesthouse.co.za*)





Struisbaai se lang, indrukwekkende strand tydens 'n sonsondergang. (Foto: Maritsa Moller)

## Bly en ry

Indien Bredasdorp en die tentedorp nie beskikbare akkommodasie bied nie, kan jy verblyf opspoor in een van die omliggende dorpies – waar jy met jou voete in die see kan loop, geskiedkundige besienswaardighede van die streek besigtig of net die vars lug en ongerepte natuurskoon geniet. Die volgende dorpe is almal binne 50 km van Bredasdorp geleë: Arniston/Waenhuiskrans, Struisbaai, Kaap Agulhas, Napier en Elim.

Volgens Tirzah Atkins, toerismebeampte van die Kaap Agulhas-munisipaliteit, is verblyf in veral Bredasdorp en Napier nie volop nie, aangesien baie van die akkommodasie tans vir die huisvesting van kontrakteurs gebruik word vir langtermynbehuising terwyl hulle projekte in die omgewing voltooi.

Om uit te vind waar jy saans jou skoene kan uitskop, kontak haar by 028 425 5581 of stuur 'n e-pos na *TirzahA@capeagulhas.gov.za*. Sy sal jou voorsien van 'n lys van beskikbare akkommodasie in nabygeleë dorpe.

Ander dorpe in die omgewing wat binne 90 km van Bredasdorp af is en ook verblyfopsies bied, is Gansbaai, Hermanus, Stanford, Swellendam en Caledon.

Hierdie dorpe bied meer as net huisvesting, met 'n verskeidenheid eetplekke en besienswaardighede. Vind meer uit by die Kaap Agulhas-toerismekantoor (028 424 2584) of skandeer die QR-kode vir meer inligting. ●

## DIS HOEKOM JY...

**Ervaar die Overberg se sjarme:** NAMPO Kaap spog met 'n uniekheid aan die skou se ligging met kanola wat blom op pad na Bredasdorp Park. 'n Hoogtepunt is die blomme-uitstallings wat die Kaapse fynbos en kusflora vier. Kreatiewe rangskikkings bring die streek se biodiversiteit visueel tot lewe. Hierdie kunswerke verbind estetika met ekologiese bewusmaking. Die heuning- en hidroponika-uitstallings is ook eie aan die ekspo.

**'n Gesinsvriendelike ervaring:** Van ponieritte en kinderpretparke tot skaapkop-etes en 'n program spesiaal vir die skoner geslag – daar is iets vir elke smaak. Met die jeugskou en skoleprogram word die belang van landbou-opvoeding en praktiese blootstelling aan jong leerders beklemtoon. Die skoleprogram groei jaarliks en die organiseerders glo dat die program leerders se belangstelling in die landbousektor as 'n moontlike loopbaanopsie stimuleer.

**Meer as net vee:** By NAMPO Kaap is daar baie masjiene, mense en voertuie – en natuurlik vee. In die Wes-Kaap kraai hoenders koning op landbouskoue en by NAMPO Kaap kan besoekers van naderby kennis maak met 'n verskeidenheid pluimveespesies. Moet ook nie die perdeskoue en die vertoning van skaaphonde en hul hanteerders misloop nie. Die donkies van Eseltjiesrus-donkieskuiling sorg vir spesiale foto-oomblikke.

Lees meer hieroor op bladsy 63




## Sien jou daar!

Maak seker jy vat die pad Bredasdorp Park toe, maar kry net eers jou toegangskaartjie aanlyn teen R100 by *www.ticketpros.co.za* – dan hoef jy nie in die koue in 'n ry te val nie. By die hekke kan kaartjies teen R110 vir volwassenes en R50 vir kinders aangeskaf word. Toegang vir voorskoolse kinders is gratis.

Onthou dat die parkeerarea verdubbel is. Indien dit lyk of die parkeerarea vol is, ry net na die agterkant van Bredasdorp Park en gaan die terrein by ingang 5 binne waar daar voldoende parkering is. ●

*Vir meer inligting oor NAMPO Kaap 2025, besoek www.nampokaap.co.za, kontak Chrystal van Wyk by 028 050 1385 of stuur 'n e-pos na admin@expo.org.za.*

NAMPO KAAP | CAPE 2025

# Ontmoet die nuwe baas van die plaas

Inligting verskaf deur Valtra

Elke plaas kort 'n baas; iemand wat kan touwys maak en leiding gee. Maar wat is die produsent sonder sy bobaas-staatmakertrekker? Dit is waar die Valtra S6 én die Valtra Q-reeks handig te pas kom.

## Die Valtra S6 – nie sommer enige trekker nie

Hierdie sesdegeslag-trekker is die toppunt van Valtra se krag en presisie met 'n tikkie styl.

Die 8,4-liter-enjin is gegrond op dié van AGCO Power. Met 420 perdekrag (pk) en tot 1 750 Nm wringkrag, is hierdie bul geskik vir die grootste, skynbaar onmoontlike take. Dit is Valtrac se kragtigste trekker tot dusver en wanneer dit by swaar en harde werk kom, stuit hy vir niks.

Met die talle ure wat 'n produsent in sy trekker se kajuit deurbring, behoort dit behoorlik soos huis te voel. Daarom is gemak ook nie iets waaroor Valtrac eers meer debatteer nie. Met Valtrac se AutoComfort-vering, gly die trekker glad oor die rowwe landerye. Vir 'n beter uitsig bied die SkyView-kajuitopsie die perfekte panoramiese uitsig.

## Die bielie agter die boer

Naas sy hond, is 'n trekker 'n boer se beste vriend. En net soos elke boer dink sý hond is die soetste, oulikste en mooiste, behoort elkeen te voel sy trekker is nommer een. Daarom bied Valtra se Unlimited Studio vir produsente die geleentheid om die S6 aan te pas volgens hulle behoeftes en voorkeure. Voeg veiligheidskameras, spesiale verf, ekstra ligte en 'n outomatiese banddrukstelsel by. As dit wettig en fisies moontlik is, kan die Unlimited Studio dit doen.

Die S6-trekker se ontwerp help jou om brandstof te bespaar sonder om te kul. Danksy 'n slim dieselpartikelfilter (DPF) en selektiewe katalitiese reduksiestelsel (SCR) gebruik die trekker minder diesel en gee dit die produsent die warm wete dat hy nie die lug met waterstofoksied besoedel nie.

Die vernuftige Valtra se agterste hyser tel 12 000 kg op en sy voorste hyser 5 800 kg. Hierdie trekker is gemáák vir swaar hyserwerk. Met 'n hidrouliese vloeitempo van tot 400 liter/minuut, hanteer die trekker groot werktuie maklik, en sy knap draaisirkel van 8,2 meter maak hierdie reus so ligvoets soos 'n ribbok.

Maar dit is nie al nie: 'n Verdere lig in die produsent se lewe is die Valtra S6 se LUD-ligte waarvan daar genoeg rondom aangebring is om nag soos dag te laat lyk.

## Die nuwe Valtra Q-reeks – die slimme tussenklas-reus!

As jy jou boerdery se produktiwiteit na 'n volgende vlak wil neem, maar nie noodwendig die volle omvang van die S6 benodig nie, dan is die Q-reeks jou goue middeweg.

Die Valtra Q-reeks vul die gaping tussen die T- en S-reeks en is beskikbaar in modelle vanaf 230 tot 305 pk. Sy enjin is net so robuus soos sy voorkoms, met presiese kraglewering danksy 'n AGCO Power-7,4-liter-enjin en die bekroonde SmartTouch-beheerkoppelvlak, wat reeds produsente wêreldwyd beïndruk het.

Hierdie reeks is ontwerp met hoë werkverrigting én gemak in gedagte. Met presisieboerdery-integrasie, 'n volledig gesuspendeerde kajuit, en intelligente tegnologie soos *auto-guidance*, ISOBUS en telemetrie, gee hierdie trekker die produsent alles wat nodig is om groter, vinniger en slimmer te werk.

Die stewige raam, indrukwekkende hidrouliese kapasiteit van tot 200 liter/minuut en doeltreffende brandstofverbruik maak die Q-reeks 'n ware werkesel – sonder om jou beursie aan brandstof en onderhoud leeg te tap.

## Styl wat werk

Net soos sy groter boetie, die S6, kan die Q-reeks ook verpersoonlik word deur Valtra se Unlimited Studio – van kajuituitrusting tot eksterne funksies.

Of jy nou op soek is na 'n absolute reus soos die S6, of 'n trekker in die Q-reeks wat op verskeie terreine presteer, Valtrac bring albei na Suid-Afrika – gereed om plaaswerk soos ons dit ken, te verander. ●

*Besoek gerus die webwerf by www.valtrac.co.za om die hele reeks trekkers en ander werktuie te sien.*

**Die nuwe Valtra S6 is die toppunt van krag, presisie en styl.**




BOSS POWER.
VALTRA INNOVATION.
Meet the all-new Valtra S6 Series – built for serious power, precision, and comfort. Whether you're working the fields or pulling heavy loads, the S6 delivers consistent performance with intelligent technology to match. Designed for the toughest conditions and trusted by farmers worldwide, now ready for South Africa.
VALTRA
iF DESIGN AWARD 2025
reddot winner 2025 best of the best
GOOD DESIGN
Power That Commands Respect
Up to 309kW from AGCO Power 8.4L engines.
Smart Farming Technology
Comes standard with Valtra SmartTouch, Auto-Guide, and precision farming tools.
Comfort Like No Other
Spacious cab with premium air suspension, ergonomic controls, and ultra-low noise levels.
Tough, Reliable, and Fuel-Efficient
Designed for high productivity and low operating costs.
Built for African Conditions
Rugged chassis and advanced cooling system ensure optimal performance, even in extreme climates.
VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS
0861 VALTRA ATTIE: 083 261 9863
www.valtrac.co.za Valtrac South Africa Valtrac

# 'N MEGANIESE OPLOSSING VIR ELKE PLAAS

Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker

NAMPO Kaap is 'n indrukwekkende vertoonvenster van tegnologie, meganisasie en innoverende oplossings vir die moderne produsent. Hierdie jaar spog die ekspo met 'n wye verskeidenheid implemente en landbou-toerusting – van graanhantering en saadbehandeling tot voerproduksie, besproeiing en konstruksiewerktuie.

Of jy nou 'n klein plaasbedryf of 'n groot kommersiële onderneming het, daar is beslis iets vir jou by NAMPO Kaap. Van basiese gereedskap tot gesofistikeerde masjinerie, die uitstallers bring hulle beste na Bredasdorp Park.

## Graan- en saadhantering

Produsente wat fokus op graanproduksie kan uitsien na demonstrasies van graanskoonmakers, kleursorteringsmasjiene, graanverpakkers en saadbehandelingsmasjiene. Verskeie maatskappye bring hulle topgehalte-oesoplossings vir verskillende gewasse.

Tapkarre en aluminiumwaens van verskillende groottes sal produsente 'n blik gee op die nuutste vervoer- en opbergoplossings vir graan- en ander insette.

## Voerproduksie en dierehantering

Vir dié in veeboerdery is daar mobiele dierehanteringstoerusting asook voer- en konsentraatmengers, pilmasjiene en hamermeulens. Vertikale voermengers, selflaai-sementmengers, bossiekappers en misstrooiers bied oplossings vir voereffektiwiteit én afvalbestuur.

Sitrex-harke, Storti-voermengers en 'n Franco Fabel-stropertafel-uitstalling bied 'n kombinasie van Italiaanse presisie en plaaslike toepassings.

## Besproeiing

Produsente sal ook toegang hê tot 'n wye reeks pype, toebehore en landboubesproeiingstoerusting sowel as gereedskap, onderdele en landboukomponente. Van groot besproeiingstelsels vir kommersiële boerderye tot kleiner, doeltreffende oplossings vir tuin- en huisbesproeiing is beskikbaar.

## Multifunksionele masjinerie

Caterpillar se reeks konstruksiewerktuie soos TLB's, graafmasjiene, wiellaaiers en kragopwekkers dien beide die landbou- en konstruksiesektor. Verskeie uitstallers bring ook minigrawe, rollers en vurkhysers wat produsente in verskeie toepassings kan benut.

Vir die meer gespesialiseerde behoeftes is daar balkspuite, wingerdboumasjinerie, damskroppe, skrapers, en selfs houtverwerkers en sementmengers wat aan trekkers gekoppel kan word.

*Elektriese voertuie en moderne gereedskap wys dat die landbousektor vinnig by wêreldneigings aanpas*

## Innovasie en veeldoeligheid

Van hoëspoed-skyfimplemente tot selflaai-sementmengers en trekker-gemonteerde hyskrane en graafarms – die klem val op veeldoeligheid, kostedoeltreffendheid en tegnologiese vooruitgang. Die teenwoordigheid van elektriese voertuie en moderne gereedskap wys duidelik dat die landbousektor vinnig aanpas by wêreldneigings.

## Implemente en masjinerie vir plant en oes

Verskeie bekende handelsname bring hulle nuutste planters, rippersstelsels en grondbewerkingsgereedskap. Kyk uit vir verskeie reekse groot akkerbou-implemente sowel as moderne spuite. Groot name in landboumasjinerie sal weer van die voorste trekkers en implementkombinasies ten toon stel. *SA Graan/Grain* het by adverteerders in die NAMPO Kaap-gids, Case IH, New Holland en Valtra, gaan hoor watter tegnologie produsente na hulle uitstallings gaan lok.




## Trekkers: krag ontmoet presisie en styl

Case IH se nuwe Steiger-wieltrekkers, beskikbaar in modelle van 425 tot 595 perdekrag (pk), bring ongekende krag na groot graanboerderye. Met 'n verbeterde wielstelsel vir verskillende grondtoestande, AFS Connect-presisietegnologie en 'n intuïtiewe Pro 1 200-aanraakskerm, bied hierdie reus maklike bestuur en maksimum doeltreffendheid.

Valtra bring hul mees indrukwekkende trekkers tot dusver na NAMPO Kaap, met die bekendstelling van die S6-reeks – 'n 420 pk-trekker met 1 750 Nm-wringkrag, AutoComfort-vering en SkyView-kajuitopsie. Hierdie sesdegeslag-trekker kombineer brute werkverrigting met brandstofdoeltref-





fendheid danksy sy slim selektiewe katalitiese reduksiestelsel en dieselpartikelfilter. Die Q-reeks van Valtra bied op sy beurt modelle tussen 230 en 305 pk met SmartTouch-beheer, ISOBUS, *auto-guidance* en 'n volledig gesuspendeerde kajuit vir produsente wat gemak, presisie en betroubaarheid verlang.

New Holland se indrukwekkende BRAUD 8.50L Compact sluit aan by hul ryk erfenis in oesmasjinerie. Hierdie druiweoesmasjien, met 'n 144 pk-enjin en 3 600 liter-vergaderbak, is ideaal vir wynplase. Dit gebruik die SDC-skudstelsel en Noria-bakkies om druiwe sag en doeltreffend te oes, met optimale aanpassing vir verskeie wingerde.

## Spuittegnologie: slim, vinnig en akkuraat

Case IH se Patriot-spuitreeks wys hoekom hierdie selfaangedrewe spuite so gewild is onder Suid-Afrikaanse produsente. Die Patriot 250 en 350, sowel as die gevorderde Patriot 50-reeks, spog met AIM Command Flex 2-tegnologie, konstante spuitdruk, direkte inspuiting en volledige monitering via Viper 4+ en AFS Pro 1200-skerms. Daarby bied hulle Carbon BEE-sigspuitstelsel die vermoë om tussen kontantgewasse en onkruid te onderskei. Dit kan 'n 50%-besparing op produkkoste moontlik maak.

## Strooprestasie op sy beste

New Holland se splinternuwe CR10 TwinRotor-stroper bring 50 jaar se innovasie tot 'n hoogtepunt. Met twee 24-duim-rotors, 'n graantenk van 16 000 liter en aflaaispoed van 210 liter/sekonde, herskep hierdie stroper die konsep van hoë kapasiteit en minimale verlies. Die Twin Clean™-skoonmaakskoen en IntelliSpread™-radartegnologie verseker gelyke verspreiding van oesreste, selfs met wind en verskillende vogvlakke.

Case IH se strooptegnologie kry ook 'n hupstoot met Geringhoff se nuwe bandaangedrewe fyngraanstropertafels. Beskikbaar in groottes van 9,1 tot 13,7 m (en 'n 15,2 m-opsie in ontwikkeling), bied dié tafels minder verliese, egalige vloei en 'n robuuste Schumacher Easy Cut II-snystelsel vir lang lewensduur.

## Meer as net yster op wiele

Benewens tegnologie en masjinerie, bied Case IH, New Holland en Valtra ook spesiale aanbiedinge, tegniese advies, handelsware en praktiese demonstrasies op hul standplase. Besoekers aan NAMPO Kaap sal eerstehands ervaar hoe moderne ingenieurswese, digitale integrasie en boerderygemak hand aan hand werk.

Of jy belangstel in presisieboerdery, hoë-opbrengsproduksie, voereffektiwiteit of net beter hantering van jou plaasprosesse, NAMPO Kaap 2025 is die ideale plek om die nuutste implemente en masjinerie eerstehands te ervaar. Kom vergelyk, vra vrae, toets toerusting en investeer in jou boerdery se toekoms. ●




PACSys
CHANGE THE GAME

South Africa's Trusted Agri-Drone Partner Since 2016

WHY CHOOSE PACSYS

**Established in 2016 by Farmers, for Farmers** (first and most experienced agricultural drone dealer in South Africa)

**Free operator training** by a registered PCO for an unlimited number of pilots

**Free delivery** anywhere in South Africa

**24/7 Customer Service Hotline**


**Multiple Branches** and **Mobile Support** Vehicles Covering all of South Africa

**10% Loyalty Discount** on All After-Sales Parts & Service

**Contact Us Today**

**Mobile:** +27 32 330 5009 | **Email:** sales@pacsys.co.za

www.pacsys.co.za


GRAND VITARA
LIVE The Grand Life
Wireless CarPlay
Cruise Control
Touchscreen Infotainment System
9" GLX / 7" GL
LED Projector Headlights with DRL
210mm
Ground Clearance
Automatic Climate Control
Discover more at SuzukiAuto.co.za
Pictures shown are for illustrative purposes only.
SUZUKI



NAMPO KAAP | CAPE

# Viertrekpret en -vaardigheid by gewilde 4x4-baan




Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker

Vir die besoekers aan NAMPO Kaap is daar een trekpleister wat jaar ná jaar koppe laat draai en motors laat brom – die 4x4-baan, met trots geborg deur Engen.

Volgens Francois du Toit, wat nou al vir die derde jaar betrokke is by die organisering van dié avontuurgeleentheid, is die 4x4-baan 'n gewilde aktiwiteit op die terrein. "Die baan bied besoekers die geleentheid om nie net te kyk nie, maar self te ervaar hoe die verskillende viertrekhandelsmerke vaar op 'n baan wat as gematig beskryf kan word." Volgens Du Toit is daar genoeg uitdagings op die baan, wat effens anders lyk, om jou hart vinniger te laat klop.




## 'n Baan vir avonturiers

Die 4x4-baan is nie net 'n vertoonvenster nie, dit is ook 'n praktiese toetsgrond. Met 'n roete wat beide nuwe uitdagings én beter vloei bied, bly die gewilde heuwelklim 'n toets vir enigiemand agter die stuur. "Die afkomslag is beslis een van die mees tegniese dele," sê Du Toit, "maar ons pas streng veiligheidsmaatreëls toe om alle deelnemers en voertuie te beskerm."

Die baan trek veral die belangstelling van die jonger generasie, iets wat Engen slim benut deur jaarliks kompetisies aan te bied wat spesifiek op landbouskole gemik is.

## Handelsmerke wat indruk maak

Die deelname sluit 'n indrukwekkende lys motorvervaardigers in wat hul 4x4-voertuie op die baan ten toon gaan stel. Onder die uitstallers tel Suzuki SA, Rola Trust, Isuzu SA, Mahindra SA, Toyota SA, Jaguar Land Rover, JAC McCarthy Parow en Ford SA. Behalwe vir die demonstrasies op die baan, is talle van die vervaardigers ook in die uitstallingsruimte beskikbaar vir meer inligting en voertuigbesigtiging.

Engen sal besoekers in hul tent naby die baan verwelkom, waar 'n onthaalarea sal sorg vir gemak en gasvryheid.




## Viertrek – 'n leefstyl in die streek

Die Wes-Kaap is 'n streek waar die liefde vir 4x4 nie net 'n stokperdjie is nie, maar deel is van 'n leefstyl. Van die duine van Atlantis en Arniston, tot die bergroetes in die Cederberge en produsente se eie uitdagende plaaspaadjies, is viertrekavonture gewild onder plaaslike gesinne en avonturiers. Die 4x4-baan by NAMPO Kaap weerspieël dus veel meer as net bemarking – dit is 'n viering van die streek se passie vir ry, avontuur en tegnologie wat werk.

Of jy nou 'n bakkieboer, adrenalienjagter of nuuskierige besoeker is, die 4x4-baan is beslis 'n hoogtepunt wat jy nie moet misloop nie. ●





# MEER VOETE VRA MEER PLEK ÉN PARKEERPLEK

**Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Bredasdorp Park NPC is in Junie vanjaar deur die Kaapse Kamer van Koophandel en Nywerheid vereer met een van die gesogte Wes-Kaapse Ekonomiese Innovasie-toekennings vir hul baanbrekerswerk met NAMPO Kaap. Hierdie jaarlikse toekennings gee erkenning aan individue en organisasies wat deur kreatiewe denke en vernuwende benaderings betekenisvolle ekonomiese groei in die Wes-Kaap bevorder.

NAMPO Kaap het sedert sy eerste aanbieding in 2018 indrukwekkende groei getoon. Die getal uitstallers het van 350 tot 542 gestyg in 2024, 'n 55%-groei, terwyl besoekersgetalle van 16 000 tot 45 894 gestyg het, 'n toename van amper 190%. Dit is hierdie groei wat die Bredasdorp Park-span laat kopkrap het oor hoe om die groeiende getal voertuie te akkommodeer.

Henk Aggenbach, die voorsitter van die NAMPO Kaap-beplanningskomitee, vertel dat die huidige parkeerterrein met 7 ha uitgebrei is. Daar is nou 'n totaal van 13 ha se parkering beskikbaar vir besoekers. As jy graag wil sien hoe lyk die vergrote terrein, bespreek gerus 'n helikopterrit. (Lees meer hieroor op bladsy 24.)

'n Nuwe ingang naby die Neptun-saal wat toegang tot hierdie parkeerarea verleen, sal die verkeersvloei verbeter. Aggenbach moedig besoekers aan om die nuwe parkeerarea te gebruik. "As jy sukkel om parkering te kry, ry net om die terrein na die nuwe parkeerarea – daar is meer as genoeg parkering beskikbaar. Jy hoef nie om te draai en huis toe te gaan nie – die parkeerarea is nou verdubbel." Hy herinner besoekers aan NAMPO Kaap ook om kaartjies aanlyn te koop om toue by die toegangshekke te vermy.

'n Foto van Bredasdorp Park se parkeerarea wat in 2024 geneem is.



## Ander aanpassings vir nog 'n beter ervaring

Die tentverblyf wat op die terrein beskikbaar is by Hek E naby die Engen 4x4-baan, gaan baie gerieflik wees vir dié wat vroeg spring. Daar is selfs privaat parkering beskikbaar. (Lees meer hieroor op bladsy 19.)

Daar gaan 35 uitstallers gehuisves word in die nuwe Landbank-lewendehawetent wat langs die BKB-lewendehawesentrum opgerig word. Verskeie nuwe telers kom vir die eerste keer op Bredasdorp Park uitstal en die ekstra spasie sal verseker dat almal die diere behoorlik kan bekyk. ●

Omdat daar vanjaar meer vee-uitstallers is, is daar spasie geskep om die viervoetiges te akkommodeer.


















NAMPO 2025 KAAP | CAPE

**Innovative farming technology for high-yield agriculture**

## Are you ready to experience the pinnacle of agricultural innovation?

## Then join LEMKEN at NAMPO Cape 2025!

Discover the future of farming:

- Witness cutting-edge agricultural machinery.
- Explore our latest advancements in smart farming technology.
- Engage with LEMKEN experts to enhance your farming efficiency.

## Visit stand 102 for innovative solutions.

## It is all about your success!

LEMKEN

lemken.com




# DRIVING AGRICULTURE

## SEW-EURODRIVE IS PROUD TO DRIVE THE SECTOR THAT FEEDS OUR ECONOMY

Our innovative and reliable drive systems and automation technology help optimize energy usage, reduce downtime, and improve performance in various agricultural applications from irrigation and harvest, to processing and packaging.

Committed to providing technical support and customised training that will maximize equipment performance and lifespan, you can be sure of increased productivity and profitability in your application.

NAMPO KAAP | CAPE

VISIT THE SEW-EURODRIVE STAND AT NAMPO CAPE FROM 10-13 SEPTEMBER 2025

# Technology and support that **drive innovation and efficiency**

Supplied by SEW-EURODRIVE

As South Africa's agricultural sector faces mounting pressure to improve productivity while reducing input costs, SEW-EURODRIVE is delivering the advanced drive technology and technical support producers need to modernise and thrive.

From packhouses and processing plants to irrigation systems and grain handling, SEW-EURODRIVE's rugged, energy-efficient solutions are built for agricultural performance. Its well-known 7-series geared motors, X.e-series industrial gear units and IE3 premium-efficiency motors are already hard at work in conveyors, mixers, sorters, and augers across the country – delivering maximum uptime and low lifecycle costs, even in harsh outdoor environments.

In centre pivot irrigation, SEW-EURODRIVE offers a complete plug-and-play drive solution – from centre drives and wheel drives to the gear units and motors powering them. These systems align to existing shaft sizes and flange connections, ensuring easy integration and are supported by a full local repair and refurbishment offering that prioritises sustainability and cost efficiency over replacement.

The company's commitment to energy efficiency extends further through its energy audit services, where specialists assess irrigation drive systems and identify savings by upgrading to IE3 motors, optimising gearbox selection, or integrating MOVIGEAR® and MOVI-C® solutions for decentralised and automated control. In many cases, these interventions pay for themselves within a few cycles.

Packhouses are also benefiting from SEW-EURODRIVE's VSD (variable speed drive) technology and ECDriveS® systems for light-duty roller conveyors, allowing operations to scale output based on real-time demand while cutting energy costs.



**Designed for demanding conditions, SEW-EURODRIVE's gear units and motors deliver consistent energy efficient performance across a wide range of agricultural applications, from crop irrigation to grain handling.**

Backing its cutting-edge technology is SEW-EURODRIVE's unmatched national service network, decentralised stockholding, and new geared motor repair centre under development at its Johannesburg HQ – all designed to deliver faster turnaround times and greater peace of mind for time-sensitive agricultural operations.

With a presence in every major farming region – from the Western Cape to Mpumalanga – SEW-EURODRIVE is closing the loop on agricultural efficiency. From supply and installation to inspection, repair, and optimisation, the company offers long-term value, innovation, and support where it counts most – on the land.

**In the field or at the processing plant, SEW-EURODRIVE's robust drive solutions ensure maximum uptime and reliability, helping producers boost productivity and reduce maintenance downtime.**




## Contact information

Website – *www.sew-eurodrive.co.za*
LinkedIn – *www.linkedin.com/company/SEW-EURODRIVE-sa/*
Facebook – *www.facebook.com/SEWEurodriveSA*
Instagram – *www.instagram.com/seweurodrivesa/* ●

# Ervaar die Overberg-prag vanuit die lug



Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker

As jy nog altyd in 'n helikopter wou rondrits, kan jy hierdie droom in Bredasdorp by NAMPO Kaap kom waar maak.

'n Bekende naam in plaaslike lugvaart, Overberg Aviation, bied vir die eerste keer besigtigingsritte per helikopter tydens NAMPO Kaap aan. Met panoramiese uitsigte oor die pragtige Overberg-landskap beloof elke vlug om 'n onvergeetlike ervaring te wees.

Overberg Aviation is bekend vir sy toeristevlugte per helikopter, waaronder die gewilde besigtigingstogte van walvisse langs die Kaapse kuslyn – 'n unieke ervaring wat besoekers van oor die hele wêreld lok.

Twee moderne helikopters sal gebruik word om besoekers tydens NAMPO Kaap veilig en in styl die lug in te neem.

- Die Bell 206 JetRanger, 'n betroubare viersitplek-helikopter, is wêreldwyd bekend vir sy gladde vlug en uitstekende sigbaarheid wat dit ideaal maak vir toerismevlugte.
- Die Robinson R44, 'n driesitplek-helikopter, is lig en rats, en bied ook 'n uitstekende uitsig vir passasiers. Dit is perfek vir kort besigtigingsvlugte oor die skouterrein en omliggende platteland.

Daar sal ook 'n kans wees om die helikopters van naderby te bekyk. Diegene wat in lugvaartkunde belangstel, kan gerus 'n draai maak by die Overberg Aviation-stalletjie waar besprekings vir vlugte gedoen kan word. Jy kan ook 082 500 8963 skakel.

Pryse vir vlugte begin by R950 per persoon en daar kan gekies word tussen vier vlugte. Die "Bangbroek" is 'n vinnige op en af vir drie minute, die "Skouperd" oor die skouterrein sal vyf minute duur, en die "Rooispan" vlieg reg rondom Bredasdorp. Laastens is daar die "Ons gaan see toe"-vlug tot by Kaap Agulhas met 'n ent langs die strand af.

Alle vlugte word uitgevoer deur gesertifiseerde vlieëniers en daar word aan streng veiligheidsregulasies voldoen. Kinders is welkom mits hulle deur 'n volwassene vergesel word. Plekke is beperk en die belangstelling is groot. Maak dus seker dat jy vroegtydig bespreek. ●

JOHNSON TAYLOR FORKLIFTS
We are widely recognized for our dedication to quality, safety, and ensuring customer satisfaction. Our goal is to consistently deliver the highest standard of service to you. How can we be of service to you?






Whether you are in the market for a new forklift or only need to service your forklift, with our extensive experience and dedication to excellence, we are confident we can help your operation flow smoothly and efficiently.

Tel: 021 945 1480 • Email: info@johnsontf.co.za | 37 Willow Road, Stikland Industrial, Bellville, Cape Town, Western Cape





# HIER GESELS ONS KOPSTUKKE

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Tydens NAMPO Kaap 2025 gaan daar verskeie gesprekke in die Santam-ouditorium plaasvind wat elk 'n unieke geleentheid vir produsente, landboukundiges en belanghebbendes sal bied om hul kennis te verdiep, idees uit te ruil en praktiese oplossings vir kopkrapprobleme te vind. Elke sessie* bestaan uit 'n geskeduleerde aanbieding deur kenners in hul veld, gevolg deur 'n interaktiewe vraag-en-antwoordsessie tussen deelnemers. 'n Wye spektrum temas van wyn en gars tot teelverbetering en groenteproduksie sal onder die loep geneem word.

## Vinpro bring wynkennis na die tafel

Die wynbedryf sal aan die woord kom wanneer Vinpro, die nasionale diensorganisasie wat tegniese, ekonomiese en besigheidsadvies aan Suid-Afrikaanse wynprodusente verskaf, 'n reeks relevante gesprekke aanbied. Die gesprekke sal fokus op praktiese uitdagings en oplossings binne die bedryf, met onderwerpe soos alternatiewe energie en gevallestudies oor sonpanele asook innoverende benaderings tot beweiding deur die integrasie van diere in wingerde met spesifieke verwysing na Waterford en David se model. Waardetoevoeging tot grootskaalse produksie deur strategiese handelsmerkontwikkeling asook meganisasie binne die wynbedryf sal aandag geniet.

## Garsproduksie in die kollig

Garsproduksie sal onder die vergrootglas geplaas word tydens die aanbieding van Graan SA se paneelbespreking onder die tema "Gars – geleenthede, gehalte en groei: die toekoms van die garsmark". 'n Paneel van kenners gaan verskeie fasette van die garsbedryf ontleed, onder andere marktoegang, produsentgeleenthede, kwaliteitstandaarde en groeipotensiaal binne die plaaslike en internasionale konteks. Hierdie gesprek sal 'n platform aan produsente en rolspelers bied om insig te verkry rakende die uitdagings en ontwikkelingsgeleenthede wat die garsmark inhou.

## Praktiese insig vir teelbesluite

SA Stamboek sal 'n bydrae lewer tydens die gesprekke by NAMPO Kaap met 'n reeks fokusaanbiedings wat tot die kern van teel, produksie en volhoubare winsgewendheid spreek.

Klem sal gelê word op die suiwelbeesbedryf, waar kundiges aktuele en praktiese onderwerpe soos biosekuriteit in melkbeeskuddes, strategieë om winsgewend te melk asook vooruitdenkende teelrigtings vir die melkkoei van die toekoms sal bespreek. Suiwelprodusente sal vir seker inligting oor kuddebestuur en teeldoelwitte hier kan kry.

Verder sal daar op die volhoubaarheid van die beesvleisbedryf gefokus word en hoe geteikende teelprogramme toegepas kan word. Die kleinveebedryf kom ook aan die beurt met aandag wat gegee sal word aan die integrasie van bestuursinligting, entrepreneurskap en tegnologiese hulpmiddels in teelbesluite.

## Innovering in groenteproduksie

Die reeks gesprekke word afgesluit met 'n uitgebreide seminaar oor groenteverbouing wat verskeie aspekte van volhoubare produksie asook die bemagtiging van ontwikkelende produsente in die groentebedryf sal hanteer. Volhoubare waterbestuur, oplossings vir ontwikkelende groenteboere, innoverende produksiemetodes en geïntegreerde plaag- en siektebestuur vir kweekhuise en oopveldboerdery sal gedek word.

Moderne tegnologie en die toekoms van groenteboerdery sal aandag geniet in die sessie oor presisieboerdery, kweekhuistegnologie en innovasie-aanvaarding. Ten slotte sal daar gefokus word op markneigings, uitvoergeleenthede en die toevoeging van waarde vir hoër winsgewendheid. Deelnemers sal riglyne ontvang oor hoe om hul produkte mededingend te posisioneer, winsgewendheid te verhoog en langtermynsukses in die mark te verseker. ●

** Program onderworpe aan verandering.*

**Kry die program van gesprekke aangebied in die Santam-ouditorium hier.**

# Teken gratis in op *SA Graan/Grain*




***SA Graan/Grain*-redaksie**

*SA Graan/Grain* is jou aanlyn kompas vir die volhoubare produksie van graan en oliesade in Suid-Afrika. Hierdie uitsonderlike landboupublikasie voorsien jou van die nuutste landbou-inligting gebaseer op relevante navorsing, tegnologie, produksietegnieke en kundigheid.

Nie net word die tydskrif maandeliks in drukformaat gelees nie, maar al hoe meer lesers vind dit gerieflik om die aanlyn platform, *sagrainmag.co.za*, te besoek. Bly verder ingelig deur Graan SA se sosialemedia-platforms op Facebook, Instagram en LinkedIn te volg.

## Kry jou kopie

Om *SA Graan/Grain* in jou posbus, per e-pos of WhatsApp te ontvang, teken gratis in deur *sagrainmag.co.za* te besoek of skandeer die QR-kode. ●

NAMPO KAAP | CAPE 2025

# From field to family: caring for agricultural workers

**Dominique Olivier,** on behalf of Simply Financial Services

In farming, everything starts with people. Before the tractors roll out, it's people who show up to plant, pick, pack, and keep the wheels turning – often in tough conditions, far from the spotlight.

Your workers aren't just part of the job, they're part of the journey. Their hands help shape your harvest. Their families live alongside your livelihood. And just as you invest in good seed and sturdy equipment, there's one more thing worth investing in: the wellbeing of the people who keep your farm alive.

That is what Simply's Flexi Staff Cover is all about – practical, affordable insurance designed for South African businesses where taking care of your team means taking care of your future.

## Cover that makes a difference

Flexi Staff Cover provides three key types of insurance: funeral cover, life cover, and occupational disability cover. Funeral cover ranges from R5 000 to R100 000 and pays out within 48 hours. You can cover just employees or include their spouses and children under 21. If a worker dies, their spouse and kids stay covered for another six months at no extra cost.

Life cover provides a lump sum payout ranging from R50 000 to R2,5 million to the employee's chosen beneficiaries, either as a fixed amount or linked to their salary. A R3 000 grocery benefit is paid out alongside the life cover to help families cope immediately.

Occupational disability cover offers the same payout range for workers who suffer an accident or illness and can't work anymore, helping families adjust to sudden income changes.

Agricultural work is physically demanding and often takes place far from emergency services. For many workers, a single unexpected event can spiral into financial crisis – a funeral without funds, a household without income, children pulled out of school.


Offering risk cover sends a powerful message: 'You matter. We've got your back.' But it's also good for business. Workers who feel supported are more likely to stay through busy seasons, helping you attract and keep good people. When employees feel valued, they're more focused, productive, and loyal. In an industry that relies on community trust, having a reputation as a producer who looks after their people goes a long way.

## Designed with producers in mind

Flexi Staff Cover fits into farm life seamlessly. Signing up is quick and entirely digital – no paperwork delays. You can get a quote online in minutes, with the Simply team available if you prefer to talk through options. You decide how much cover you want per worker and whether it should be a flat amount or tied to their salary. Simply understands that not every business runs on formal payroll, offering flexible payment methods, whether you pay by EFT or other setups.

## The real-life impact

For one citrus farm in the Western Cape, Flexi Staff Cover's value became clear after a long-serving team member passed away suddenly. His family received both the funeral benefit and life cover payout within days. The grocery benefit helped feed his children during the funeral week, and the larger payout settled debts and paid school fees. Without the cover, the family might have faced food insecurity and dropped schooling. Instead, they had space to grieve with dignity.



Your farm is more than land and produce – it's a living ecosystem of people with families, hopes, and futures. Flexi Staff Cover helps you protect that ecosystem, growing trust and goodwill that last beyond harvests.

Because when you protect your workers, you're investing in them, their families, and ultimately, the future of farming itself. ●

Simply Financial Services is an authorised FSP 47146. Hollard Life Assurance Company Limited (Reg No. 1993/001405/06), a Licensed Life Insurer and an authorised Financial Services Provider. Terms and conditions apply.


Simply Boer
Get peace of mind
with funeral cover
for your staff
Simply Boer
FROM
R10 pp/pm*
*Premiums are risk profile dependent
www.simply.co.za
021 045 1513
simply
Simply Financial Services (Pty) Ltd is
a registered financial services provider
(FSP 47146). T&Cs online.
Hollard.
Hollard Life Assurance Company Limited
(Reg No. 1993/001405/06), a Licensed Life Insurer
and an authorised Financial Services Provider


NAMPO KAAP
10 - 13 SEPTEMBER
STANDPLAAS: 128, 129, 152 EN 153
KOM KUIER BY CASE IH EN BELEEF HOEKOM ONS SÊ: INNOVASIE IS NIE NET BINNE-IN ONS MASJIENE NIE
DIS DEEL VAN ELKE BESLUIT WAT ONS NEEM
TEGNOLOGIE
IN, OM EN OP
CASE IH

# ’N ROOI GOLF VAN TEGNOLOGIE

**Gerrit Bezuidenhout,** namens Case IH

Benewens die bekende trekker-, spuit-, stroper- en implementreekse, kan besoekers aan Case IH se standplaas ook snykant-tegnologie uit die boonste rakke verwag: van die indrukwekkende nuwe Steiger-trekkerreeks tot Geringhoff se fyngraanstropertafels en die gevorderde Patriot-spuitreekse.

## Nuwe standaard vir grootboerderytrekkers

Case IH bring brute krag na die Suid-Afrikaanse landbou met die bekendstelling van sy splinternuwe Steiger-wielreeks, beskikbaar in modelle van 425 tot 645 pk. “Die nuwe generasie is ontwerp vir maksimum werkverrigting, brandstofdoeltreffendheid en intelligente tegnologie – alles gebou op dekades van beproefde Steiger-DNS,” sê André Olwagen, hoof van taktiese bemarking en produkportefeulje by Case IH.

By NAMPO Kaap sal produsente die geleentheid hê om dié veldreus van nader te sien. Die nuwe reeks bied verbeterde trekkrag, wielstelsels wat vir verskillende grondtoestande ontwerp is en volledige integrasie met FieldOps vir presisieboerdery.

“Die 2025-Steiger-reeks is ideaal vir groot graanprodusente wat op betroubaarheid, krag en produktiwiteit staatmaak,” sê hy.

In die kajuit wag verdere verbeteringe met meer spasie, beter ergonomie en ’n intuïtiewe Pro 1200-aanraakskerm. Hierdie skerm bied intydse insigte, ISOBUS-integrasie en aanlyn konnektiwiteit vir optimale besluitneming. Vir Suid-Afrikaanse produsente beteken dit meer produktiwiteit, minder staantyd en groter gerief tydens lang dae in die land.

“Tesame met Case IH se FieldOps Connect-tegnologie kan produsente ook hul trekkers se prestasie van ’n afstand monitor en instel, wat ’n groot voordeel teweegbring vir boerderye wat oor wye gebiede strek,” verduidelik hy.


Die Case IH Steiger 475.

## Meer doeltreffende fyngraanstropertafels

Geringhoff se fyngraanstropertafels bring ’n groot tree vorentoe met bandaandrywing uit die Duitse vervaardiger se stal. “Die fyngraantafels beskik oor ’n aantal verbeteringe op die eerstegenerasietafel wat meer as 20 jaar gelede in Suid-Afrika ingekom het – verrykte geskiedenis en Duitse ontwerp wat stroop in Suid-Afrika die hupstoot vorentoe gegee het. Wat die fyngraantafels betref, is hulle beskikbaar in vanaf 9,1 m (30 voet) tot 13,7 m (45 voet), asook ’n 15,2 m-opsie (50 voet) vir die toekoms,” sê hy. Die bandaangedrewe ontwerp van die Geringhoff verminder graanverliese, gee meer egalige produkvloei en is veral doeltreffend by baie fyn saad soos kanola. “Die tafels is ook toegerus met die Schumacher Easy Cut II-snystelsel. Dit is ’n robuuste stelsel sonder slytplate wat lae onderhoud en langer lewensduur verseker. Nog ’n voordeel is die lugstelsel wat verseker dat die kleiner sade nie na die grond val nie maar op die band geblaas word sodat dit in die stroper se graantenk beland,” sê hy.

## Volledige spuitreeks

Die Case IH Patriot-spuitreeks help reeds produsente landwyd om opbrengste te verbeter, lande onkruidvry te hou en insetkoste te beperk. Tydens NAMPO Kaap 2025 kan besoekers gerus hierdie bewese spuitreeks van nader besigtig. “Deur gevorderde tegnologie wat meer hektare in minder tyd dek, bring die Patriot-reeks tyd- en kostebesparing na die produsent, sonder om doeltreffendheid prys te gee,” sê Olwagen.

Vir produsente wat van ’n sleepspuit na ’n selfaangedrewe spuit beweeg, is die intreevlak-Patriot 250 ideaal. Hierdie model en die groter Patriot 350, met tenkgroottes van 2 500 en 3 500 liter en balkwydtes van tot 36 m, word in Brasilië vervaardig.

Die Patriot 50-reeks, wat in die VSA vervaardig word, neem spuitwerk na ’n nuwe vlak. “Met AIM Command Flex 2 pulseer spuitstukke teen 20 Hz, word balkdruk konstant gehou en afdrywing beperk. Direkte inspuiting voorkom ook produkverlies en beskerm pype, terwyl die Viper 4+ en AFS Pro 1200-skerms volledige beheer en monitering van die spuit bied,” aldus Olwagen.

’n Spuitpuntwasstasie, verbeterde onderstel en – as naverkope-opsie – Carbon BEE se slim sigspuitstelsel wat tussen kontantgewasse en onkruid kan onderskei, bespaar tyd en geld met besparings van tot 70% in produkkoste. “Ons wil nie net koste bespaar nie, maar ook tyd teruggee vir die produsent,” sê hy.

## Meer as net masjinerie

Laastens bly Case IH se ondersteunerswinkel altyd ’n groot trekpleister, waar klerasie en ander Case IH-artikels beskikbaar is. “Daar is baie om te sien en iets vir elke produsent. Ons nooi besoekers uit om te kom ervaar hoe Case IH ’n verskil in hulle boerdery kan maak.” ●




# Dié wit tent 'n moet vir elke dame

Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker

Burre Burger, die sameroeper van die NAMPO Kaap/ Santam-vroueprogram, sorg weer vir 'n opwindende program vir die skoner geslag – en vir al die manne wat ook in die groot wit tent wil kom kuier. Die verskeidenheid bied iets vir elke smaak: van stories wat die hartsnare gaan raak tot kunstenaars wat die lagspiere gaan prikkel. Soos verlede jaar sal die groot skerm buite die wit tent opgestel word sodat daar ekstra plek beskikbaar is as die tent volgepak is.

## Mense wat ander inspireer

Die energieke **Francois Boyce**, die komiese persoonlikheid agter "Hoezit samelewing", 'n aanlyn platform waarop hy daagliks Suid-Afrikaners se lagspiere kielie, is die programleier op die eerste twee dae. Hy is "vinnig met die tong" en het die gawe om die gehoor uit hul mae te laat lag, terwyl hy hulle terselfdertyd inspireer en aanmoedig om 'n lewe van hoop, betekenis en diensbaarheid te lei.






Deesdae is hy ook radio-omroeper op Bok Radio in Brackenfell in die Wes-Kaap.

**Sylvia Nel**, 'n boervrou van Loeriesfontein in die Boesmanland – een van die droogste dele van ons land – kom deel 'n storie van geloof, hoop en wonderwerke. Vir hul gesin was dit nie net reën wat skaars was nie, maar ook antwoorde, sekerheid en hoop. Sylvia se dogter Avia is in Julie vanjaar oorlede. Op Dinsdag 10 September kom deel sy haar getuienis: Sy gaan getuig van trane, maar ook van triomf en van 'n hemelse Vader wat ja gesê het teen alle menslike logika in.

Die geliefde **Hannes van Wyk** van *Kwêla* en *Hannes aan huis* kuier Donderdag 11 September op die bank met Lana Krige, 'n voormalige Suid-Afrikaanse netbalspeler wat aan twee Wêreldbeker-toernooie deelgeneem het. Sy is nie net 'n netbalheldin nie, maar ook 'n boervrou. Op Hannes se bank gaan sy nie net oor haar liefde vir die spel gesels nie, maar ook 'n hartstorie uit die Karoo deel. Dis 'n storie van hoop in die droogte, wind en stof. Sy gaan gesels oor drome wat nie bewaarheid is nie en om moed te hou as jy eintlik wil tou opgooi – 'n getuienis wat elke vrou wat al moes aanhou hoop se hart sal raak.

Op Vrydag 12 September tree Hannes ook as programleier op en bied hy "Sielskos vir die Vrou" aan. In dié aanbieding laat val hy die kollig op die vroue wat sy lewe aangeraak het óf wat hom aangryp en inspireer. Bring maar die sneesdoekies om die trane (van lag en huil) af te vee.

## Kom steek kers op

**Marinda Engelbrecht**, wat bekendheid verwerf het as finalis in *Kokkedoor*, kuier agter die kospotte in die wit tent. Hierdie geliefde Suid-Afrikaanse kospersoonlikheid en TV-aanbieder van *Maklik met Marinda* glo dat kosmaak 'n daad van liefde is. Haar kookboek, *Marinda se koskas*, weerspieël haar passie vir eenvoudige, smaakvolle geregte wat mense bymekaarbring. Met haar warm persoonlikheid, passie vir kos en tuinmaak gaan sy vroue inspireer.

**PG Engelbrecht** kom kuier weer op Bredasdorp Park. Hierdie jong towenaar, wat as Peter G bekend staan, 'n graad in Menslike Hulpbronbestuur het en 'n gesertifiseerde finansiëlebeplanningskonsultant is, het 'n passie vir komedie en towerkuns. Alhoewel hy uiters snaaks en vermaaklik is, is hy 'n uiters gesofistikeerde kunstenaar wat gereeld optree as inspirerende spreker. Sy optrede is getiteld "Vrouens is magic".

*Die verskeidenheid bied iets vir elke smaak: van geprikkelde hartsnare tot lagspiere*

**Johan Coetzee** van Zerocrete is 'n strukturele ingenieur, entrepreneur en kenner in die betonbedryf. Hy het innoverende benaderings ondersoek om nieherwinbare afvalmateriaal in die vervaardiging van sement in te sluit wat die weg gebaan het vir die begin van Zerocrete. Hy bied 'n praktiese sessie aan waar dames gaan leer om iets besonders met hul hande te skep. Tydens die werksessie "Kom giet jou hart in sement", kan jy deelneem en inspirasie kry om nuwe kreatiewe projekte aan te pak.

## Towerklanke om na te luister

Drie van Suid-Afrika se "grotes" kom bied musikale vermaak in die groot wit tent.

Sanger en akteur **Bok van Blerk** het in 2006 bekendheid verwerf met die lied "De la Rey". Sy musiek spreek van 'n liefde vir sy land en het dikwels 'n tikkie humor in. Hy het verskeie toekennings ontvang – van *Huisgenoot* se Tempo-toekenning tot 'n SAMA vir topalbumverkope. Hy was betrokke by die vervaardiging van die rugbymusiekalbum *Ons Vir Jou* wat meer as 90 000 kopieë verkoop het. Sy album *Afrikanerhart*, wat in 2009 vrygestel is, het dubbele platinumverkope aangeteken. Hy is met die aktrise Hanna Grobler getroud en is aktief betrokke by liefdadigheid en Afrikaanse kultuurbevordering.

As jy die naam **Jo Black** hoor, dink jy dadelik aan 'n lang swart baard en 'n diep stem, maar hy is ook 'n entrepreneur en motiveringspreker. Hy het bekendheid verwerf met sy debuutlied, "Skepe", wat miljoene kere op YouTube gekyk is. Buiten dat die lirieke van sy musiek diep boodskappe bevat, motiveer hy mense met sy eerlike gesprekke oor selfwaarde en geestesgesondheid. Hy het ook die Be That Guy-inisiatief gestig om jongmense te inspireer, te waarsku oor die gevare van dwelms en om te praat teen boelies.

**Andriëtte Norman**, wat in 2007 as naaswenner van *Idols SA* bekendheid verwerf het, het 'n reeks treffers op haar lys. Van die bekendstes is seker "Sewe Oseane" en "Wat Rym Met Liefde". Sy is 'n ma van drie, wat buiten haar optredes ook 'n geleentheidskoördineerder en voedingkundige is. Haar ryk, sielvolle stem en nederigheid maak haar 'n gehoorgunsteling. Sy kom sing op Vrydag 12 September vir almal in die wit tent – of jy moeg en moedeloos voel of net 'n oomblik wil sit en asemhaal.

## Baie dankie

Sonder borge sal die program nie moontlik wees nie. 'n Groot dankie aan Santam, AFGRI, B Promotions, Distinctive Choice, Bredasdorp Park NPC en Graan SA. ●

SENSAKO

w | syngenta.co.za
f | SENSAKO
Yt | SENSAKO
t | 27 (0) 58 303 4690

# Belê in **Pure Koringpotensiaal** in die Wes-Kaap

Sensako se ***koringkultivars*** is spesifiek geteel vir die ***Wes-Kaap,*** daarom kan ons jou help om jou goeie planne in goeie opbrengs om te sit. Stel jou plantpakket saam uit die volgende ***SENSAKO-koringkultivars:***

**SST 0208** *(Nuut)*
**SST 0187**
**SST 0166**
**SST 0147**
**SST 0117**
**SST 056**
**SST 015**

Ons help jou groei



syngenta®

# Venster op **kleingraanproduksie** in die streek

**Magda du Toit,** namens Syngenta Saad

Kleingraanprodusente in die Wes-Kaap is onder groot ekonomiese druk en soek volhoubare oplossings. Die afgelope paar seisoene se uiteenlopende uitdagings het produksie bemoeilik en winsgrense bedreig.

"Ons besef produsente is in 'n moeilike posisie, en wil saam met hulle na oplossings kyk sodat die bedryf as geheel nie net kan oorleef nie, maar vorentoe kan beweeg," sê Hendrik van Staden, eenheidshoof van Syngenta se saadafdeling in Afrika suid van die Sahara.

"NAMPO Kaap bied aan ons die geleentheid om met produsente te gesels en idees uit te ruil sodat ons gesamentlik na oplossings kan soek om hulle behoeftes en verwagtinge aan te pak. Ons wil graag met produsente gesels oor die waarde van die sinergie tussen al Syngenta se produkte. By ons proefperseel is dit moontlik om saam met die produsent deur die persele te stap en van hierdie oplossings aan die hand van praktiese voorbeelde aan hulle te wys."

Op die demonstrasieperseel by NAMPO Kaap is nege bestaande en nuwe koringkultivars op 6 Mei 2025 teen verskillende plantdigthede geplant. Produsente sal dus kan sien wat die uitwerking van plantestand op opbrengs is.

Die nuwe koringkultivar SST 0235 wat tans in finale produksiefase is en in 2026/2027 beskikbaar sal wees, is te sien op die demonstrasieperseel. Die ander variëteite wat besigtig kan word, is SST 0208, SST 0187, SST 0166, SST 0117, SST 0147, SST 0127, SST 056 en SST 015.




**Besoekers aan die Syngenta-uitstalruimte by NAMPO Kaap kan gerus met die span kundiges kom gesels om te hoor hoe Syngenta se mandjie produkte waarde tot hul boerderye kan toevoeg.**



**Met die proewe word daar nie net gekyk na die prestasie van die variëteite nie, maar ook na die uitwerking van verskillende kombinasies van gewasbeskermingsmiddels asook siektevertraagsaamheid.**

Produsente sal ook die geleentheid kry om met die span oor hawerkultivars te gesels. Op die perseel is SSH 4185, SSH 4186 en SSH 421 aangeplant. Syngenta het ook namens SABBI vyf van hul garskultivars, naamlik Kadie, Malgas, Jackhammer (13-041-03), Jigsaw (13-039-06) en 14-008-14 aangeplant. Dit kan dus by dieselfde punt besigtig word. Daar is ook een voergarsvariëteit aangeplant, SSG 066V.

Verder sal besoekers kan sien wat die uitwerking is van die verskillende behandelings op koring en gars. Een van die behandelings wat gedoen is, is CELEST® Top. Dit is die enigste geregistreerde saadbehandelingsmiddel teen Fusarium in Suid-Afrika. Die voordele wat saadbehandeling teen wortelsiektes inhou, is die rede waarom al die prebasis- en basiskoringsaad in die Sensako-handelsmerk met CELEST Top behandel word, verduidelik Van Staden.

CELEST Top beheer die versteekte gevare van saad- en gronddgedraagde Fusarium wat onegalige stand kan veroorsaak. 'n Enkele saadbehandeling bied omvattende beskerming omdat dit 'n wye spektrum insekplae en swamsiektes tydens ontkieming beheer.

Die verskil wat Miravis® Aeon, Syngenta se premiumswammiddel vir swam- en siektebeheer, maak wanneer dit op kleingraan toegedien word, sal ook duidelik sigbaar wees in die vergelyking tussen die behandelde en die onbehandelde stroke.

Deesdae word die digitale gedeelte van landboubeplanning en -produksie al hoe belangriker en Syngenta plaas graag hul digitale diens, Cropwise Operations, by NAMPO Kaap in die kollig. Cropwise Seed Selector, wat deel uitmaak van hierdie diens, vergemaklik die seleksie van saadvariëteite deur die beste presterende variëteit vir die gegewe ligging en vereistes te voorsien.

Die Syngenta-span wat die onderskeie afdelings by NAMPO Kaap sal verteenwoordig, is:

- Saad (kultivars) – Driecus Lesch
- Saadbeskerming – Yolandi Furniss
- Gewasbeskerming – Andries Duvenhage
- Digitale dienste – Pieter Burger ●




**Verskeie koringvariëteite word teen verskillende plantdigthede op die proefperseel geplant sodat die produsent die beste aanbeveling kan ontvang.**

# BKB Merino Classic meet nasionale standaarde

Mariëtta Cronje, *SA Graan/Grain*-medewerker

Die jaarlikse BKB Merino Classic-skou wat by NAMPO Kaap aangebied word, is 'n gebeurtenis wat 'n sleutelrol speel in die bevordering van uitnemendheid binne die Suid-Afrikaanse merinobedryf. Dié byeenkoms bring van die land se voorste telers bymekaar om hul beste ramme en ooie ten toon te stel. Biosekuriteitmaatreëls moet vooraf volgens streng voorgeskrewe protokol nagekom word en sal gemonitor word met ontvangs en vertrek.

"Die diere blink uit in genetiese gehalte en speel 'n deurslaggewende rol om die standaard van die bedryf te bepaal. Deur die klem te lê op topprestasie en seleksie, word 'n deurlopende maatstaf gestel waarvolgens telers hul kuddes kan verbeter ten opsigte van wolkwaliteit, liggaamsbou en produksie-eienskappe," sê Willie van Heerden, bestuurder van Merino SA.

Die kompetisie-element van die Merino Classic vorm die kern van die skou en is 'n geleentheid vir Merino SA-lede asook kommersiële telers om hul diere onder verskeie subkategorieë in te skryf ten einde hulle te meet teen streng nasionale standaarde. Van die kategorieë sluit die volgende in:

- Alle klasse word ingedeel in kort (<60 mm) en lang wol.
- Ramme skou tot en met viertandouderdom.
- Ooie skou tot en met tweetandouderdom.
- Die klasse het ook maksimum gewiggrense.

Hierdie geleentheid maak dit vir deelnemers moontlik om hul kuddes op 'n doeltreffende en deursigtige wyse met ander topgenetika te vergelyk wat gevolglik breedvoerige keusebevordering aanmoedig en voortdurend tot verbeterde teelpraktyke lei.

Oordrag van kennis en opleiding is ook 'n belangrike deel van die Merino Classic. Deur middel van beoordelingsdemonstrasies, kundige kommentaar en aanbiedings bied dit waardevolle geleenthede vir jong produsente, studente en selfs gevestigde telers om hul kennis uit te brei. Dit is 'n ruimte waar kundigheid gedeel word en waar sinvolle netwerke tussen produsente, kopers en ander rolspelers in die bedryf gevorm word.



Die veelsydige Merino-ras word hoog aangeskryf vir vleis en wol.

Die BKB Merino Classic dra ook daadwerklik by tot die versterking van die Suid-Afrikaanse wolbedryf deur topklasmerino's te bevorder en 'n kultuur van uitnemende wolproduksie te ondersteun. Dit help om Suid-Afrika se internasionale reputasie vir wol van gehalte te versterk en is 'n bydraende faktor vir die volhoubaarheid en mededingendheid van die merinoprodusent in Suid-Afrika.

Van Heerden nooi besoekers aan NAMPO Kaap om die verrigtinge by die BKB Merino Classic by te woon. "Kom verbreed jou kennis en praat met kenners ten einde eerstehands te ervaar waarom hierdie ras, met sy veelsydigheid vir vleis en wol, so hoog aangeskryf word." ●

# Eerste merinovagskou in agt jaar vind weer plaas

Mariëtta Cronje, *SA Graan/Grain*-medewerker

Ná bykans 'n dekade is die gewilde BKB-merinovagskou weer terug op Bredasdorp Park tydens NAMPO Kaap. Hierdie kompetisie van afgeskeerde merinowolvagte beloof om nie net vir wolprodusente interessant te wees nie, maar ook vir diegene wat meer wil leer oor die merkwaardige eienskappe van merinowol en hoe dit internasionaal presteer.

Suid-Afrika is weliswaar nommer nege op die wêreldlys vir wolproduksie, maar wanneer dit by kleedwol van gehalte kom, staan ons in die derde plek – reg agter Australië en Uruguay. Australië is die grootste produsent in die wêreld, met sowat vyf keer meer wol as Suid-Afrika. Ons wol tel egter steeds wêreldwyd onder die beste danksy ons hoë klasstandaarde, goeie volhoubaarheidspraktyke en uitstekende kwaliteit.

Elke merinovag word beoordeel volgens ses belangrike eienskappe, waarvan sommiges met moderne toerusting gemeet word en ander met 'n kennersoog. Dit behels veseldikte, stapellengte, treksterkte, kwaliteit van karteling, voorkoms en kleur asook skoon opbrengs. Al hierdie eienskappe bepaal saam tussen 88 en 94% van wol se wêreldmarkprys, en wys dus hoekom dit van waarde is. Kom kyk gerus self hoekom merinowol internasionaal so gesog is. ●

# PRECISION CLEANING FOR SOLAR PANELS

**Samantha Paterson,** marketing manager, STIHL SA

The winter season's shorter days and lower temperatures aren't the only concerns – solar panel performance can drop significantly due to reduced sunlight and grime build-up. In fact, dirt and debris can reduce solar efficiency by up to 30%. Fortunately, proper cleaning and maintenance can restore performance, making it essential for those who rely on solar energy.

This is where STIHL's range excels. The range includes high-performance pressure washers and attachments. Whether you're a producer, homeowner, or commercial property owner, keeping your solar panels clean is crucial to maintaining energy efficiency. Known for its German-engineered brush cutters and chainsaws, STIHL continues to innovate with smart, user-focused solutions.

Take the STIHL solar panel cleaner and telescopic lance – a powerful combination that simplifies reaching and cleaning hard-to-access panels. These tools are compatible with a range of STIHL pressure washers, from the corded RE 80 to RE 170, and battery-powered REA 60 and REA 100 models.

The battery-operated models are especially convenient for rooftops or remote areas. No cords, no power outlets – just mobility and freedom to move, ideal for large properties like farms or industrial sites.

A water-fed brush head that simultaneously scrubs and rinses saves time and effort. It's a low-cost, efficient option that empowers users to perform regular maintenance without hiring third-party services.

The telescopic lance extends from 1,57 to 4 m and features quick-release fasteners and an adjustable spray angle – perfect for precise, ladder-free cleaning. Weighing only 2,9 kg and fitted with a carrying strap, it is comfortable for extended use and helps reduce fatigue.

STIHL's bayonet coupling system allows users to quickly switch between nozzles and attachments, enhancing versatility and ease of use. With a maximum pressure of 180 bar, it is strong enough to tackle stubborn grime while still being gentle for delicate tasks.

Whether cleaning your solar panels or hard-to-reach corners around your property, STIHL's cleaning tools bring efficiency, control, and convenience to your fingertips. ●





SPRING CLEAN YOUR SOLAR SYSTEM

Reclaim your solar panel efficiency with the STIHL telescopic lance and brush set attachments that connect to your STIHL high-pressure cleaner, allowing you to reach every panel effortlessly regardless of its height to banish dust, leaves, and debris.

- Adjustable from 1.57m to 4m, featuring an easy-to-alter angle.
- Lightweight and comfortable, with a soft-grip handle.
- Compatible with various attachments, including a rolling brush, suited for use on high windows, roofs, and overhangs.

Maximise the sun with minimum fuss with these practical and highly effective tools that makes tough jobs feel easy.

VISIT US AT NAMPO 2025!

Be sure to stop by Outside Stand 53 to get up close and personal with the STIHL Farmer's Range and explore exactly what our tools can do! Experience our full range of domestic and professional tools to power up your operations and enjoy various on-site activities and interactive product demonstrations. Be part of the action to stand a chance to WIN!

STIHL FOR LIFE.
GERMAN ENGINEERING SINCE 1926.

# Nuwe tegnologie ... in jou kunsmis?

**Dr John Tolmay,** landbouwetenskaplike, Wes-Kaap-streek, Kynoch Fertilizer (Pty) Ltd

Suid-Afrikaners is gek na nuwe tegnologie. Ons sien dit oral: in die voertuie waarin ons ry, in ons werktuie op die plaas, in ons huise en ook op die slimfone wat ons gebruik om te kommunikeer en vir soveel ander dinge. Maar wat van ons kunsmis ... en hoe kan nuwe kunsmistegnologie ons lewens vergemaklik?

Alhoewel tegnologie goed ingespan word om die produksie van kunsmis te outomatiseer en meer akkuraat te maak, is daar min nuwe tegnologie in kunsmis ingebou. Een uitsondering is die gebruik ANVOL™, 'n nuwegenerasie-urease-inhibeerder in Kynoch se stal.


Met die koms van minimum- en geenbewerking word daar al hoe meer staatgemaak op die uitstrooi van kunsmis op die grond. Hierdie praktyk, met die gepaardgaande vervlugtiging van die ureum, is waar die grootste stikstofverliese vandaan kom. Twee Suid-Afrikaanse wetenskaplikes, Du Preez en Burger, het reeds in 1987 gewaarsku dat ureum (op die grondoppervlak gelaat) kan lei na 'n stikstofverlies van tussen 20% en 40% as gevolg van vervlugtiging. Hierdie waardes is ook deur verskeie ander navorsingsresultate in laboratoriums asook in veldproewe bevestig.

*Verskeie produsente het die produk hierdie seisoen suksesvol gebruik en dit is beskikbaar by alle Kynoch-aanlegte*

Die probleem van vervlugtiging het wetenskaplikes reeds sedert die tagtigerjare laat kopkrap. Ons weet dat die inwerk of die inwas van ureum deur middel van reën- of besproeiingswater die vervlugtiging daarvan betekenisvol verminder. In die Wes-Kaap is ureum steeds die voorkeurstikstofbron vir bobemesting, en produsente weet dat die toediening daarvan met reënval gepaard moet gaan om vervlugtiging te beperk. Dit verg fyn beplanning en vinnige reaksie om te verseker dat minimale vervlugtiging plaasvind, maar ongelukkig is weervoorspellings nie altyd akkuraat nie. Situasies waar te min of te veel reën voorkom, kan tot groot stikstofverliese lei, en boonop kan dit te nat raak om betyds bobemesting toe te dien.

In die negentigerjare het die tegnologiese oplossing hiervoor gekom nadat KOCH Industries in die Verenigde State die NBPT-molekule (urease-inhibeerder) gepatenteer en as AGROTAIN beskikbaar gestel het. In die volgende twee dekades het AGROTAIN as urease-inhibeerder tot groot verbetering in stikstofvoeding en effektiwiteit van ureum gelei, veral waar minimum- en geenbewerking toegepas is. Intussen het die patentreg op AGROTAIN verval en het verskeie generiese weergawes daarvan op die mark verskyn.

Terselfdertyd het KOCH Industries met ontwikkelingswerk voortgegaan en in 2018 'n verbeterde urease-inhibeerder met die naam ANVOL gepatenteer. Hierdie inhibeerder word eksklusief deur Kynoch onder die handelsmerk Kynoplus Pro® verkoop en dit vervang die vorige AGROTAIN-produk (Kynoplus). Kynoplus Pro is by NAMPO Oesdag 2025 bekendgestel en is ook reeds in die Wes-Kaap beskikbaar. Verskeie produsente het die produk hierdie seisoen suksesvol gebruik en dit is beskikbaar by alle Kynoch-aanlegte.




**Figuur 1: Duromide en NBPT is twee aktiewe bestanddele in Kynoplus Pro®.**

Wat bied hierdie nuwe tegnologie die produsent? Eerstens het wêreldwye navorsing deur hoogs geakkrediteerde instansies in tientalle proewe bewys dat ANVOL nie net die werking en effektiwiteit van die inhibeerder na vier weke verleng nie, maar direk na toediening reeds verbeterde beskerming teen vervlugtiging bied. Die gebruik van die produk vergemaklik juis die produsent se bestuursbesluite omdat die ureum beskerm is wanneer dit 'n paar dae voor die reën (of op nat grond na die reën) toegedien word. Die produsent het dus 'n heelwat langer toedieningsvenster as voorheen om bobemesting toe te dien en kan beskikbare toerusting beter benut. Soos met Kynoplus behou Kynoplus Pro die kenmerkende helderblou kleur waaraan produsente reeds gewoond is.

Wat moet die produsent doen om deel te wees van hierdie tegnologiese vooruitgang? Dis eenvoudig: Versoek jou agent om seker te maak dat jou ureum met ANVOL behandel is; dus 'n Kynoplus Pro-produk. Geniet dan die gemoedsrus dat die ureum waarvoor jy so duur betaal, beskerm bly en in die grond beskikbaar is om die gewas te voed. ●

## Verwysing

Du Preez, CC & Du T. Burger, R. 1987. Effect of application methods on ammonia volatilization from soils in a controlled environment. *South African Journal of Plant and Soil.* 4(2)

Kynoch

**MOENIE DIT MISLOOP NIE – NUWE TEGNOLOGIE IN KUNSMIS**

Ontsluit Maksimale Opbrengspotensiaal met

NUUT!

# Kynoplus Pro®

Verbeterde tegnologie vir verbeterde resultate.
Nog beter beskerming teen vervlugtiging, verbeterde voedingseffektiwiteit en verhoogde opbrengste.



## BELANGRIKE VOORDELE

- **Minimaliseer Verliese:** Vervlugtigingsverliese word nog meer beperk as die beproefde standaard. Minder loging as ammoniumnitraat.
- **Dubbelaksie-krag:** Kombineer NBPT en Duromide vir verbeterde prestasie.
- **Stabiel en Betroubaar:** Die meer stabiele formulasie lewer betroubare resultate selfs waar ander produkte begin afbreek.
- **Effektiewe Voedingstoepassing:** Verbeter voedingsgebruiksdoeltreffendheid. Verminderde verliese lei tot verbeterde stikstofopname wat lei tot verbeterde opbrengste.
- **Beproefde Resultate:** Menige navorsing wat deur universiteite gedoen is bevestig die opbrengsverhogings.
- **Opbrengs op belegging:** Volgens die onafhanklike proefresultate kan die boer tussen R10 en selfs R80 terug ontvang vir elke R1 wat hy spandeer.

**Kynoplus Pro® bied verbeterde beskerming teen stikstof-vervlugtiging en verminderde voedingsverliese.**

**Kontak jou Kynoch-verteenwoordiger vir verbeterde opbrengs op jou belegging**

011 317 2000 www.kynoch.co.za

Kynoplus Pro® (Anvol) Reg. No. M295 (Act 36 of 1947)
Kynoch Fertilizer Pty Ltd: Reg no: 2009/0092541/07

**Kom besoek ons by NAMPO KAAP**
**10-13 Sep 2025**






**Live the Ranger Life**

From dawn 'til dusk, the Ford Ranger XL Super Cab is built to handle the demands of farm life. Get the job done with the Ford Ranger XL Super Cab.

Visit ford.co.za

Ford

# BOER SE BESTE VRIEND WYS SY STAAL

Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker

Die skaaphondprogram wat verlede jaar se NAMPO Kaap vir die eerste keer groot byval gevind het, keer vanjaar terug met selfs meer energie, insig en interaksie. Danksy die hoofborgskap van Optimizor en met die ondersteuning van BKB, bied die Suid-Afrikaanse Skaaphondvereniging (SASDA) weer 'n dinamiese en opvoedkundige program in die buite-arena aan.

## Skaaphonde in aksie

Die skaaphondvertonings sal op Donderdag en Vrydag 13:00 tot 15:00 plaasvind en beloof om gesinne en spesifiek hondeliefhebbers te bekoor. Skaaphonde word wêreldwyd beskou as van die intelligentste en mees gehoorsame honderasse. "Hulle is nie net lief vir werk nie, hulle floreer daarop," sê Pippa Philip, nasionale sekretaresse van SASDA. Daar sal vanjaar twee skaaphondrasse te sien wees, die Border-kollie en die Australiese kelpie. Hoewel hulle op sigself verskil, is albei rasse besonder vaardige honde wat 'n groot rol op plase in Suid-Afrika speel.

## Kom vra jou vrae

Skougangers sal nie net kyk nie, maar ook oor die volgende onderwerpe kan leer:

- Hoe om 'n geskikte skaaphond te kies
- Basiese opleidingstegnieke
- Voedings- en medikasieriglyne
- Demonstrasies van die honde se vaardighede (skape aanjaag en keer, drukgange en responsiewe werk op opdragte)

Verteenwoordigers van SASDA sal 'n stalletjie beman om besoekers se vrae te beantwoord.

Een van die hoogtepunte is die daaglikse vertonings waar opgeleide skaaphonde hul vaardighede op die plaas wys. Kompetisies waar hanteerders saam met hul honde hul kundigheid meet, sal die tweede gedeelte van die vertoning uitmaak.

Besoekers wat meer oor die aankoop of opleiding van skaaphonde wil weet, is welkom om die SASDA-stalletjie te besoek. Hulle kan ook vir Pippa Philip kontak by 078 439 0329 of 'n e-pos stuur na *sasda@jenny.co.za*.

## Boerboele

Boerboele, bekend vir hul lojaliteit, krag en beskermingsinstink, is 'n belangrike deel van baie produsente se huishoudings en werksomgewing. By NAMPO Kaap kry besoekers op Saterdag die kans om dié indrukwekkende honde van naby te sien en met telers te gesels oor verantwoordelike grootmaak en gebruik van die ras. Die vertoning vind vanaf 09:00 by Arena 2 plaas.



Werkende skaaphonde in aksie by 'n vertoning laas jaar.



## Suid-Afrikaanse Lugmag

Benewens die skaaphond- en boerboelvertonings bied die Suid-Afrikaanse Lugmag ook indrukwekkende hondevertonings aan gedurende NAMPO Kaap. Dié vertonings sal op die volgende tye by die Western Cape Lubricants-arena plaasvind:

- Woensdag 10 September: 13:00 tot 14:00
- Donderdag 11 September: 08:00 tot 09:00
- Vrydag 12 September: 08:00 tot 09:00

Kom kyk hoe die lugmag se honde hul vaardighede ten toon stel in 'n aksiebelaaide demonstrasie wat beslis nie misgeloop moet word nie.

Of jy 'n produsent, honde-entoesias of net 'n diereliefhebber is, die hondeprogram by NAMPO Kaap 2025 bied 'n unieke kombinasie van vermaak en kennis. Kom kyk hoe slim, sterk en toegewyd ons plaaswerkhonde is. ●

# Skoleprogram belê in PRODUSENTE VAN MÔRE

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Vanjaar gaan die jeug weer eens voordeel trek uit die aanbied van NAMPO Kaap deurdat 400 leerders vanuit die distrikte Overberg, Weskus, England (Kaapse Metropool), Witzenberg asook Eden, die jaarlikse landbou-skoleprogram sal kan bywoon. Dié program het ten doel om hoërskoolleerders bloot te stel aan die wye verskeidenheid van geleenthede wat die landbousektor bied.

Die skoleprogram, wat onder andere deur die Departement van Landbou, die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) en African Seeds Group geborg word, is strategies ontwikkel om nie net belangstelling in landbou as moontlike loopbaan te kweek nie, maar ook om die praktiese komponente van die kurrikulum vir vakke soos landboubestuur, landboutegnologie en landbouwetenskap te versterk.

*Hierdie blootstelling help leerders om 'n omvattende begrip te kry van die landbouwaardeketting*

NAMPO Kaap gee skole in die omgewing die geleentheid om hul leerders op 'n uitstappie te neem vir die pret, maar ook om meer van landbou te leer.



"Een van die belangrikste doelwitte van die program is om jongmense bewus te maak van die rol wat landbou speel in ekonomiese groei, werkskepping en voedselsekerheid – veral in landelike gebiede. Deur leerders toegang te gee tot demonstrasies, praktykbesoeke en interaktiewe uitstallings, kry hulle eerstehandse insig in moderne landboutegnieke, insluitend die nuutste landboutegnologie," sê Alfreda Mars, 'n direkteur van Bredasdorp Park NPC.

Hierdie program word jaarliks uitgebrei om meer leerders te betrek en sluit praktiese besoeke in aan onder meer 'n hidroponiese plaas, graanproewe, veetentoonstellings en bemestingstoetse. Dié blootstelling help leerders om 'n omvattende begrip te kry van die landbouwaardeketting – van produksie tot bemarking en verwerking.

"Die skoleprogram bevorder nie net akademiese leer nie, maar help ook om die waarde en potensiaal van die landbousektor op 'n praktiese wyse te illustreer. Jongmense word geïnspireer om die sektor as 'n moderne, dinamiese en volhoubare loopbaankeuse te sien. Hulle word aangemoedig om vrae te vra, met uitstallers in gesprek te tree en hul nuuskierigheid oor landbou uit te leef. Die uitkoms is 'n generasie wat nie net landbou as 'n beroep oorweeg nie, maar ook voorbereid is om 'n betekenisvolle bydrae tot volhoubare voedselproduksie en ekonomiese stabiliteit in Suid-Afrika te maak," sê Mars. ●




Leerders in skooldrag is 'n algemene gesig op die terrein, want landbou is 'n vername sektor vir die toekoms.




**PROUDLY SOUTH AFRICAN for OVER seven decades, Willard Batteries has been the trusted name in battery technology, delivering locally built power solutions tailored for the demands of our agricultural sector.**

Generations of South African farmers rely on Willard - and the next generation will too.

Need power solutions for your farm? Our expert local field service team is ready to visit, assess, and equip you with the right battery solutions to keep your business moving forward.

**WILLARD. THE POWER OF TECHNOLOGY.**

MADE IN SA

www.willard.co.za 0860 12 00 12

Willard Batteries®

THE POWER OF TECHNOLOGY

# Blomme beeld natuurelemente uit

**Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Besoekers aan NAMPO Kaap staan elke jaar in verwondering oor die blommeskouspel wat in twee van die sale op Bredasdorp Park uitgestal word. Die uitstalling in die Voermol-saal weer aandag trek en besoekers meer oor die Overberg se natuurskoon leer. Die groot fynbosuitstalling in die Neptun Deli-saal maak egter plek vir iets nuuts. Daar sal wel van die Overberg se blommeprag te siene wees, net op 'n kleiner skaal.

## 2025 se tema

Vir blommekunstenaar Marjolijn Malan is die uitdaging om elke jaar 'n tema te kry wat spreek tot blommekuns en landbou. Sy is die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Flora-unie se nasionale onderwyspaneel en is ook 'n nasionale beoordelaar van dié unie. As lid van die Wes-Kaapse Blommerangskikkersvereniging kan sy haar passie vir plante uitleef. Hierdie liefde vir plante is deur haar Hollandse pa se liefde vir die natuur geïnspireer. Sy het aan die einde van 2024 'n tweede plek behaal as blomme-ontwerper van die jaar by die Suid-Afrikaanse Blomme-unie-kongres.

Vanjaar is Malan se tema "Natuurelemente in die Overberg". "Wind, water, vuur en die aarde het alles 'n impak op produsente – nie net in die Overberg nie, maar wêreldwyd," vertel sy. Omdat hierdie elemente blywend is en altyd 'n impak op boerdery het, het sy besluit om honderde sewejaartjies vir die groot kunswerk te gebruik omdat dié blomme in Engels bekend staan as *everlasting*. Al die plante wat in haar groot kunswerk gebruik word, kom uit die omgewing. Werk aan die reusekunswerk begin gewoonlik twee weke voor NAMPO Kaap in alle erns. Die groot strukture word op die plaas aanmekaar gesit en dan met 'n trekker en sleepwa of vragmotor na Bredasdorp Park vervoer.

Soos in die verlede gaan 'n paar lede van die Wes-Kaapse Blommerangskikkersvereniging kleiner "natuur-kunswerke" skou wat



**Dié bontebok van 2024 se uitstalling gaan deel vorm van die uitstalling oor plante wat stories vertel. Dit is 'n staalraam wat met ogiesdraad en koerantpapier oorgetrek is. Daarna het Marjolijn Malan honderde Leucadendron-tolletjies en wit sewejaartjies van Baardskeerdersbos se veld gebruik om die bok "in te kleur".**



Vat 'n bossie Overberg huis toe of leer meer oor inheemse plante in die Voermol-saal.






Vir die vyfjaarviering van NAMPO Kaap in 2024 is die hoofuitstalling in die Voermol-saal gemaak uit sewejaartjies en koningskandelare met 'n herhaling van vorige jare se items daarby.




Die Sandberg-fynbosuitstalling tydens 'n vorige NAMPO Kaap het besoekers aan 125 verskillende spesies bekend gestel.




Sommige jare is die blomuitstallings só groot dat die raamwerke met vragmotors en sleepwaens na Bredasdorp Park aangery moet word.

een van die vier elemente moet uitbeeld. Dié rangskikkings sal dan beoordeel word deur die Suid-Afrikaanse Flora-unie se kundiges, maar besoekers aan die uitstallings word ook genooi om te stem vir die rangskikking van hul keuse. "Die meer as 1 000 stemme wat ons verlede jaar ontvang het, het bewys dat hulle dit geniet om deel te wees van die kompetisie," noem sy.

## Leer meer oor die natuur

Dit is vir haar belangrik dat die publiek bewus gemaak moet word van die groot verskeidenheid flora in die Overberg-streek, daarom is daar verskillende areas in dié uitstalruimte:

- Daar is 'n spesie-uitstalling deur Sandberg-fynbosreservaat.
- 'n Uitstalling van "plante met 'n storie" sal ook te siene wees.
- Gretha Engelbrecht, die botanikus met 'n mikroskoop, gaan die publiek aan die ongelooflike wêreld van plante (onder die lens) bekend stel.
- Kunstenaar Nelis Singels is 'n opgeleide ekoloog met 'n liefde vir kuns. Sy kunswerke meng sy beeldhouvaardighede met 'n dieptekennis van die natuurlike omgewing en argeologie.
- Capensis kosmetiese middels, parfuum en biodegradeerbare kerse, wat deur dr Elzanne Singels gemaak word, gaan uitgestal word. Inheemse bestanddele word gebruik vir dié produkte.
- Besoekers gaan 'n unieke geleentheid hê om van Floraland se gedroogde blomme, wat gewoonlik slegs vir die uitvoermark is, aan te koop.
- Floraland Fresh se vars, inheemse blomme sal ook te koop aangebied word.
- Weltevreden-blommeplaas naby Ashton gaan ook vars blomme uitstal en verkoop. ●


BUILT STRONG
FOR 100 YEARS
A century of performance and protection
Mobil
Delvac
MODERN
10W-40
AGRI
UNIVERSAL
Mobil
Delvac
LEGEND
15W-40
AGRI
UNIVERSAL
AG
Lubricants
African Group Lubricants offers a full suite of Mobil™ lubricants for the ultimate protection of your farming equipment.
CONTACT US TODAY
agri@aglubricants.co.za | 011 824 0560
Mobil
Delvac™
100™
YEARS · SINCE 1925



# JONG TALENT WYS HUL SLAG

Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker

Die jaarlikse NAMPO Kaap is nie net 'n uitstalvenster vir produsente en landboubesighede nie, dit bied ook aan jongmense 'n gulde kans om deel te wees van die aksie. Deur die jeugskou kry kinders nie net 'n kykie in die toekoms van landbou nie, maar word hulle aktief betrek, sê Madeline Kriel, koördineerder van die Overberg-streekjeugskou.

"Daar is baie kinders wat nie elke dag met landbou in aanraking kom nie. NAMPO Kaap gee hulle 'n geleentheid om iets nuuts te leer en hulle kennis te verbreed," sê sy. "Ons merk jaar op jaar dat daar groot opgewondenheid is onder leerders wanneer die uitnodigings uitgaan na skole in die distrik."

Die Overberg-streekjeugskou dien as 'n streekuitskakeling vir deelnemers in die omgewing. Wenners in elke kategorie kwalifiseer om aan die Wes-Kaapse kampioenskappe in 2025 deel te neem. Dié wat daar uitblink en provinsiale kleure verwerf, dring deur na die nasionale kampioenskappe. Vir leerders in die Overberg is hierdie jeugskou ook die laaste kans om ervaring op te doen voor die Suid-Afrikaanse kampioenskappe wat van 5 tot 8 Oktober in Upington plaasvind.



NAMPO Kaap is jaarliks 'n groot trekpleister vir die jeug.

*Dit help om kinders se oë oop te maak vir die rol van landbou in ons samelewing*

Kinders en tieners tussen 7 en 19 jaar kan deelneem aan die kompetisie, wat in drie ouderdomsgroepe verdeel word: junior-junior (7 tot 11 jaar), junior (12 tot 15 jaar) en senior (16 tot 19 jaar). Daar is nege verskillende kategorieë waarvoor deelnemers kan inskryf, naamlik suiwelbeeste, vleisbeeste, verskeie skaap- en bokrasse, perde, konyne, suiwelvoorbereiding, kulinêre kunste, fotografie en selfs afslaersvaardighede. Alle beoordelaars wat betrokke is, is ten volle gekwalifiseerde en ervare skoubeoordelaars.

"Ons is baie dankbaar teenoor die Wes-Kaapse Departement van Landbou vir hul ondersteuning, wat dit moontlik maak om die jeugskou op Saterdag 13 September aan te bied," sê Kriel. Registrasie vind tussen 08:00 en 09:30 plaas by Hek C van die BKB-lewendehawesentrum, en die dag se program begin om 10:00.



## Jeugskou bou karakter

Pierre Human, wat as afrigter vir die jeugskou optree, wys daarop dat jeugskoue besonder gewild is onder kinders en dat dit van groot waarde is om hulle van jongs af aan landbou bloot te stel.

"Wanneer kinders by die jeugskou betrokke raak, leer hulle waardevolle lewensvaardighede – soos om verantwoordelikheid te neem vir 'n dier se versorging," verduidelik hy. "Hulle moet sorg dat die dier genoeg water en kos kry, en dat die dier se leefarea skoon en gemaklik is. Daar word ook klem gelê op opleiding en voorbereiding vir die skou self."

Volgens Human is die positiewe uitwerking wat die jeugskou oor die jare op die kinders uitgeoefen het definitief opmerklik. Hulle leer nie net van diere en boerdery nie, maar dit bou ook selfvertroue en dra by tot hul algemene welstand. "Die jeugskou help om kinders se oë oop te maak vir die rol van landbou in ons samelewing en waarom volhoubare voedselproduksie so belangrik is," sê hy.

Hy voeg by dat jeugskoue 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van toekomstige leiers in die landbousektor. Daar word gereeld gesien dat ouddeelnemers uitblink in hul studies en later suksesvolle loopbane in landbou volg.

Die publiek word vriendelik uitgenooi om hierdie jong deelnemers in aksie te sien en om te kom ervaar hoe hard hulle gewerk het om hul diere voor te berei en vaardighede vir die skou op te knap. Dit is 'n uitstekende geleentheid om eerstehands te sien hoe 'n passie vir landbou deur die jeug uitgedra word. ●



# THE NAMPO APP IS YOUR COMPASS

Rentia Mynhardt, *SA Graan/Grain*-redakteur

With smarter navigation and a simpler experience, the NAMPO app is better than ever. Download it from Google Play Store or Apple's App Store.


## Why download the app?

- Browse exhibitors, view their locations and navigate directly to any stand
- Plan your route through the park with ease
- Bookmark your must-see events
- Set reminders
- Explore the grounds in 3D
- Watch relevant videos
- Use the QR code scanner to save information from exhibitors
- Buy your NAMPO tickets and gain access easily
- See what food is available

Developed by FarmSpace, the NAMPO app is exactly what it says – an app to use at NAMPO, which means it can be used at the NAMPO Harvest Day, NAMPO Cape and NAMPO Alfa.

Download or update your personal compass now! ●



While you are busy on your phone, remember to follow NAMPO Cape on social media for all updates and programmes of the expo.


MAAK DIE SLIM SKUIF MET PIONEER KANOLA
Om die SLIM SKUIF met Pioneer te maak beteken om die eerste tree te gee na jou landbousukses.
Ons kanola-basters is met die produsent in gedagte, ontwerp. Elke baster bied sterk groeikragtigheid en staanvermoë.
Werk saam met ons daaraan om die lewens te verryk van diegene wat produseer en dié wat verbruik.
Besoek Ons Webtuiste
PIONEER®
GEMAAK OM TE GROEI™
CORTEVA™ agriscience
™ ® SM Handelsmerke en diensmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye en geregistreerde lisensiehouers.
© 2024 Corteva.

PRODUCT INFORMATION

NAMPO KAAP | CAPE 2025

# Real-time blockage detection enables quick response

Ferdinand Meyer, group sales and marketing manager, Ronin

Dickey-John is a leading provider of advanced agricultural electronic solutions, and their ISOBUS systems stand out for seamlessly integrating critical monitoring and control functions across a wide range of equipment. Among these, blockage monitoring on air seeders and row planters is an essential feature that helps producers ensure precise seed and fertiliser placement while minimising costly downtime and rework.

The system's ISOBUS-compatible blockage monitoring solutions connect directly to a tractor's virtual terminal via the standardised ISO 11783 communication protocol. This means operators can view all sensor feedback and alarms through a single in-cab display, reducing cab clutter and simplifying operation regardless of implement brand.

For air seeders, Dickey-John's blockage monitoring uses optical or acoustic sensors installed in each distribution hose or manifold outlet. These sensors continuously detect the flow of seed or granular product. If a partial or full blockage occurs in any line, the system immediately triggers a visual and audible alert on the ISOBUS terminal. This real-time detection allows operators to respond quickly before significant skips or yield losses happen across wide seeding widths.

On row planters, Dickey-John blockage monitoring systems track individual row units for seed delivery issues. Using precise seed sensors, the system can detect both flow interruptions and population variances. Operators can view row-by-row status screens, enabling them to spot trends like bridging, plugging, or meter malfunctions. The ISOBUS integration makes it easy to customise alarms and thresholds for different seed types and field conditions, ensuring optimal planting performance.

Beyond basic flow detection, Dickey-John's ISOBUS blockage monitoring also logs historical data for each run. This recordkeeping supports better diagnostics, maintenance planning, and verification of seeding accuracy – particularly valuable for compliance with precision farming standards and variable-rate prescriptions.

Overall, Dickey-John's ISOBUS blockage monitoring solutions deliver reliable and user-friendly performance. By combining intelligent sensors with universal ISOBUS communication, they help producers maximise productivity, reduce input waste, and maintain consistent crop establishment across a wide range of air seeder and row planter configurations. ●








# SMUL JOU HIER EN SMUL JOU DAAR

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**






NAMPO Kaap gaan nie net oor trekkers, tegnologie en genetika nie. Daar word ook ruim voorsiening gemaak vir lekker kuier rondom heerlike eetgoed. Alle behoeftes word in ag geneem – of jy nou 'n fynproewer is wat wil gaan aansit om te smul aan uitsoekdisse of net jou hongerpyne wil stilmaak met 'n vinnige wegneemete of versnapering. Van vroegoggend se eerste koffie tot laatmiddag se dekadente bederf, daar is iets vir elke lus en luim.

Die immergewilde Suideroord Tehuis vir Bejaardes se teetuin bied weer 'n spyskaart aan wat herinner aan ouma se kombuis – van geurige skenkel- en wildspasteie tot afval, met iets soets vir na die tyd en tradisionele gemmerbier om die kroon te span. As jy 'n liefhebber van wild is, moet jy beslis koers kry na Colin's Kudu Stall, waar jy aan geurige kerriesosaties vol smaak sal kan proe. Wyoming Spur en Dik Frik sal weer reg laat geskied aan heerlike, sappige burgers met net die regte kombinasie van speserye.

*Daar is voorsiening getref as jy 'n glasie wyn wil geniet of jou dors met 'n bier wil les*

Vir diegene wat iets meer kosmopolitaans verkies, sal NewYorks Pizzaria weer gereed staan met varsgebakte pizza met 'n lekker kors, gesmelte kaas en heerlike geure. Diegene wat nie hul soettand kan ignoreer nie, kan gerus 'n draairoomys of 'n vars aarbei-en-roomysbederf van Mamaliousis probeer. Natuurlik sal die immergewilde pannekoek ook sy plek inneem, want wat is 'n landbouskou sonder hierdie tradisie? Kom maak 'n draai by die Suiderpunt ACVV se pannekoekstalletjie om te kies tussen 'n gevulde of 'n soet pannekoek met kaneel.

Vir iets om aan te knibbel terwyl jy al die uitstallings besoek, is daar volop keuses. Hectic Biltong en Cobi's bied weer hul







Of jy nou 'n soet- of souttand het – daar is iets vir elke smaak.

# SMUL JOU HIER...











topgehaltebiltong, cabanossi en droëwors aan. Chip 'n Dip sal definitief ook weer 'n treffer wees met hul aartappelskyfies, bedek met jou keuse van twaalf verskillende souse. Hulle bederf besoekers ook met liplekker, varsgebakte oliebolle.

Die Napier Garden Cafe in die Neptun Deli-saal gaan 'n verskeidenheid ontbyt- en middagete-opsies hê, asook verskeie soethappies. Daar is voorsiening getref vir diegene wat 'n glasie wyn saam met hulle ete wil geniet of hul dors wil les met 'n bier.

Coffee Café van Hermanus gaan voldoende voorsiening maak vir 'n koppie boeretroos. Dit is dalk net die plek vir 'n espresso-koffie wat jou weer woema sal gee vir die volgende uitstalling. Hoërskool Bredasdorp se stalletjie sal ook hartlike wegneemetes en goeie, sterk plattelandse koffie voorsien.

Vir die avontuurlustiges wat iets ongewoons wil beleef, is daar die legendariese skaapkop-middagete wat die Woensdag, Donderdag en Vrydag in die Bistro aangebied word. Dis nie net 'n feesmaal nie, maar ook 'n geleentheid om deel te wees van 'n plaasgemeenskap se tradisie. Boonop is die opbrengs ten bate van bejaardesorg. Besprekings vir hierdie unieke maaltyd moet vooraf gedoen word by die NAMPO Kaap-kantoor op Bredasdorp Park by 028 050 1385.

Volgens Chrystal van Wyk, besigheidsbestuurder van Bredasdorp Park, is daar 'n sterk fokus op gemeenskapsbetrokkenheid wanneer dit kom by die eetplekke. Skole en ouetehuise bedryf hul stalletjies as fondsinsamelingsprojekte, terwyl kommersiële verkopers 'n gedeelte van hul wins aan 'n behoeftige organisasie van hul keuse moet skenk. ●







# WYN, KAAS EN DELI-LEKKERTES gaan smaakkliere prikkel

Louise Kunz, *SA Graan/Grain*-medewerker

Die Neptun Deli-saal wat voorheen die Elim-blomme-tentoonstelling met 'n wye verskeidenheid fynbos- en veldblomfamilies gehuisves het, trek dié jaar 'n nuwe baadjie aan. Die veldblomplanteskat maak plek vir produkte uit die natuur. Daar sal wel weer 'n uitstalling van die veldblomme ook wees, maar op 'n veel kleiner skaal as in die verlede.

Hierdie nuwe kulinêre kuierplek met wyn, droëvrugte, olywe en handgemaakte produkte sal as die Neptun Deli bekend staan. Alle produkte wat by dié stalletjies verkoop word, kan gebruik word om jou maaltye nog geuriger te maak. Nadat jy jou inkopies gedoen het, kan jy 'n blaaskans neem en jou innerlike versterk met 'n warm koppie boeretroos by die gewilde Napier Garden Café, 'n bekende gesig in die Neptun-saal.

Produkte wat te koop aangebied word by die Neptun Deli sluit in wyn, kase, gedroogde vrugte, souse, marinades en vele meer.

## Vul jou wynversameling aan

Die volgende wynkelders kuier in die Neptun Deli-saal:

- Blaauwklippen-wynlandgoed, een van die oudste wynplase in Stellenbosch
- Perdeberg Wines van die pragtige Paarl-omgewing
- Swartland Wines wat geleë is in die hartjie van Malmesbury
- Van Loveren-wynlandgoed van Robertson

## Peuselhappies

Koop iets om aan te peusel terwyl jy deur Bredasdorp Park wandel.

- As jy lief is vir droëvrugte en neute, is die stalletjie van Cape Dried Fruit Packers die een vir jou. Hierdie maatskappy van Montagu is een van Suid-Afrika se voorste verwerkers en uitvoerders van gedroogde vrugte en neute.
- Goeie Geite van Deonette Boerdery vervaardig 'n verskeidenheid kase van bok- en koeimelk. Die produkte sluit in feta, mozzarella, gouda, parmesaan en 'n paar gegeurde kase. Die kase het 'n romerige tekstuur en is 'n perfekte toevoeging tot enige kaasbord.

## Spesiaal vir jou resepte en disse

Souse en geurmiddels kan vaal disse omtower in iets spesiaal. Kies onder meer uit die volgende produkte:

- Burst Botanicals is 'n Suid-Afrikaanse maatskappy wat gesonde gedroogde voedselprodukte vervaardig. Die infusiesnippers en vrugtevlokkies voeg natuurlike geur en kleur by water, tee,




Vroue sal beslis 'n paar rand in die nuwe Neptun Deli-saal kan spandeer terwyl hulle kies en keur tussen 'n verskeidenheid van produkte.




Luister die gespreksreeks
gemik op boere deur
prominente agri-leiers
John Deere
Financial
Sluit aan by ons gespreksreeks saam met John Deere Financial, Absa, Graan SA, Agri SA, Senwes en Afgri Equipment. Ontdek hoe generasies van boerdery, slim finansiële beplanning en nuwe tegnologie die toekoms van landbou vorm.
Beyond the Field
John Deere Financial en vennote
Skandeer die kode om na die episode te kyk.
www.deere.africa | JohnDeereAME
John Deere
John Deere Africa & Middle East







# WYN, KAAS EN...

gebak en ander disse. Van die produkte wat in 75 g-flessies beskikbaar is, is droë rooi uie, wit uie, beet, koejawel, appel, vye, hibiskus, kiwi, granaat, pynappel, roosblare en laventel.

- Epa! Craft se reeks souse word met vars bestanddele gemaak en bevat geen preserveermiddels nie. Die souse is veelsydig en kan gebruik word op braaivleis, *wraps*, as slaai- of doopsous óf as marinade. Daar is iets vir elke smaak – van die ligte Lemon Mild Zing tot die vuurwarm Lemon Jalapeño Zing.
- Met Liefde is 'n plaaslike handelsmerk wat 'n reeks van 34 tuisgemaakte produkte bied. Die souse, konfyt, marinades en slaaisouse bevat geen preserveer- of kleurmiddels nie. Die Karoolam-marinade en peer-en-bloukaasslaaisous is van hul gewildste produkte. Daar is ook suikervrye slaaisous en marinades beskikbaar.
- Rio Largo Olive Estate, geleë in die pragtige Breederiviervallei tussen Worcester en Robertson, is bekend vir sy bekroonde ekstra suiwer olyfolie. Buiten vir olyfolie wat in 'n *bag-in-box*-verpakking met 'n draaikraantjie beskikbaar is, bied hulle ook olywe aan.
- Spiceologist is 'n Suid-Afrikaanse handelsmerk wat handgemaakte speserye, soutmengsels en souse vervaardig. Van hul gewildste produkte sluit in die Bosveld Blend wat veral vir biltongmakers ontwikkel is en Bull Dust Beef Grinder, wat ideaal is vir braai-entoesiaste.

## En daar's meer ...

- Karoo Pak verbou granate in die Klein Karoo. Hierdie vrug is rooi, soet en ryk aan antioksidante. Die vrugte word verwerk om 'n verskeidenheid produkte te vervaardig – 100% suiwer granaatsap, port, bier, *gin* en 'n unieke granaatpitolie-reeks vir vel- en haarsorg.
- Neptun Boot, die vervaardiger van veiligheidstewels, is 'n bekende handelsmerk by NAMPO Kaap. Hierdie trots Suid-Afrikaanse maatskappy se stewels is van hoogstaande gehalte en word plaaslik en internasionaal bemark. ●

NAMPO KAAP | CAPE 2025

PRODUKINLIGTING

# Hierdie sleepwaens bied 'n eenvoudige oplossing


**Charlotte Esterhuizen,** verkope, Algar

Algar bied nou twee groottes sleepwaens vir hommeltuie: 'n 6 m-weergawe vir deklandings en 'n 4 m-weergawe vir grondlandings. Albei is gebou uit duursame materiaal met standaarddekke, maar met aanpasbare opsies vir mengstasies (320 liter- tot 2 500 liter-tenks) en kragvoorsiening (van DJI/XAG-opwekkers tot 44 kVA-driefase-eenhede).

Die sleepwaens sluit 'n toegewyde batterylaaikas in en kan buite seisoen as platbakwaens gebruik word. Die ontwerp fokus op veiligheid en duursaamheid, met volledige naverkope-ondersteuning.

Besoek ons by NAMPO Kaap (10 tot 13 September, standplaas 93) of kontak ons by 082 324 6256, per e-pos by *algar@algar.co.za* of besoek die webtuiste by *www.algar.co.za*.

Ontdek hoe Algar jou hommeltuigbedrywighede kan optimaliseer! ●

# PLUIMVEE SKUD HUL EKSPO-VERE REG

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**

'n Kleurvolle tentoonstelling van pluimvee beloof om oud en jonk te verras en te vermaak. Hierdie tentoonstelling gaan wys hoe teling, rasverbetering en fyn seleksie in selfs die kleinste van ruimtes kan plaasvind. Selfs as jy op 'n dorpserf woon, kan jy 'n hoenderhok omskep in jou eie miniplaasprojek!

Verskeie bekende hoenderrasse sal tydens die tentoonstelling te sien wees, waaronder die robuuste Australorps, die produktiewe Leghorns en die gewilde Orpingtons, wat bekend is vir hul sagte vere en rustige temperament. Daar sal ook minder algemene, selfs eksotiese rasse vertoon word. Die gespierde Ko-Shamo-bantams, die elegante en slanke moderne veghoenders en die unieke rooskambantams met hul kenmerkende kopversiering sal ook uitgestal word. Elkeen van hierdie rasse is 'n toonbeeld van veelsydigheid, sorgvuldige teling en rasverbetering.

'n Interessante toevoeging tot die uitstalling is verskeie gans- en eenderasse wat veral in die Wes-Kaap aangetref word. Eende is uiters aanpasbaar en geskik vir kleiner ruimtes, wat dit 'n toeganklike opsie maak vir beginners of gesinne om die plesier van 'n eendboerdery te ervaar.

Besoekers sal die kans kry om met kundiges te gesels, nuwe spesies van naby te sien en sal selfs 'n paar geveerde vriende kan koop om huis toe te neem. Kom loer in by die pluimvee-uitstalling en sien self hoe fassinerend pluimvee kan wees! ●



# GENETIKA VAN GEHALTE IN DIE KOLLIG

**Mariëtta Cronjé, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Besoekers word uitgenooi om die Landbank-veetent te besoek waar 'n indrukwekkende versameling van groot- en kleinveerasse ten toon gestel gaan word. Dit dien as 'n huldeblyk aan ons land se ryk landbou-erfenis, die tegnologie wat teling bevorder het en aan die produsente wat met toewyding, insig en harde werk hierdie genetika help vorm het. Die uitstalling dek 'n wye spektrum van bees-, skaap- en bokrasse, elkeen met unieke eienskappe wat hulle onmisbaar maak in die Suid-Afrikaanse boerderylandskap.

## Beesrasse van wêreldgehalte

Die beeskategorie spog met 'n indrukwekkende lys wat beide vleis- en melkbeesrasse sal verteenwoordig. Onder die hoogtepunte tel die imposante Chianina-beeste van die Monti Bianchi-stoetery, oorspronklik afkomstig van Italië en wêreldwyd bekend as die grootste beesras. Hierdie spiermassareus met sy kenmerkende wit kleur en rustige geaardheid sal 'n blywende indruk laat. Dan sal die Franse Limousin ook te sien wees, wat vir sy kompakte, gespierde liggaam en hoë vleisgehalte gewaardeer word en 'n ideale keuse is vir kommersiële teling. Die Santa Gertrudis, met sy diep rooi kleur, 'n vleisbees uit Texas wat plaaslik uitblink in hitteverdraagsaamheid en gehardheid, sal ook verteenwoordig word.

Die stylvolle Pinzgauer, met sy oorspronklike herkoms in Switserland en sy veelsydigheid as 'n melk- en vleisras, sal herkenbaar wees aan sy wit rugstreep en kastaiingbruin kleur. Afrika sal verteenwoordig word deur die inheemse Boran, 'n geharde en vrugbare vleisras wat met min moeite presteer in uitdagende veldtoestande. Die Sussex met sy kalm temperament sal ook van nader beskou kan word en is 'n uitstekende vleisras wat 'n goeie karkasopbrengs lewer. Die Tuli, afkomstig van Zimbabwe, sal ook onder die uitgestalde rasse wees en staan bekend vir sy gemaklike hantering, vroeë volwassenheid en uitsonderlike vrugbaarheid.

'n Ware dubbeldoelras wat ook verteenwoordig sal word, is die saggeaarde Braunvieh (Bruin Switser), wat uitstekend presteer in beide melk- en vleisproduksie. Die Jersey, klein van postuur maar groot in prestasie, sal haar plek inneem as Suid-Afrika se geliefde suiwelkoei, danksy haar ryk melk met 'n hoë bottervetinhoud.





### Skaaprasse wat presteer

Van die skaaprasse sal daar ook 'n verskeidenheid uitgestal word. In die merinofamilie sal die Konsortium-merino en Döhne-merino verteenwoordig word. Die Konsortium-merino is 'n vooruitstrewende ras wat doelgerig ontwikkel is om beide kwaliteitwol en vleis van hoë gehalte te lewer, sonder om maklike hantering en aanpasbaarheid prys te gee. Die Döhne-merino is 'n kruising wat beide fyn wol en hoë vrugbaarheid kombineer en bied aan produsente 'n mededingende voordeel.

Kom vind ook meer uit oor die Meatmaster-, Dormer-, Dorper- en Suffolk-rasse. Die Meatmaster is spesiaal vir Suid-Afrikaanse toestande ontwikkel en is 'n toonbeeld van aanpasbaarheid, gehardheid en kommersiële waarde. Dormers word op hul beurt gekies vir hul vinnige groeitempo en uitstekende speengewigte. Die Dorper is 'n ware Suid-Afrikaanse trots en bekend vir sy aanpasbaarheid op droë veld en vir die feit dat hy nie geskeer hoef te word nie. Die Suffolk bring weer Europese genetika in lyn met plaaslike behoeftes en is bekend vir sy vinnige groei en uitstekende speenlammers.

### Veelsydige bokrasse

Die bokrasse in die Landbank-veetent voeg hul eie karakter en waarde by tot die uitstalling. Die Bonnievale Boerbok- en Wes-Kaap Boerbokklub sal van die beste genetika in die streek uitstal, met diere wat bekend is vir hul hoë vrugbaarheid, robuuste karkasbou en gehardheid in verskeie klimaatstoestande. Inheemse veldbokke speel 'n toenemend belangrike rol in volhoubare boerdery en hul teenwoordigheid by NAMPO Kaap sal wys op die waarde van genetiese diversiteit en plaaslike aanpasbaarheid. Hulle is maklik om te bestuur, teel goed en benodig minimale insetkoste.



Angorabokke, bekend vir hul kenmerkende, sagte, glansende sybokhaar en rustige temperament, gaan ook uitgestal word. Hierdie spesialiteitsras speel 'n belangrike rol in Suid-Afrika se tekstielbedryf en gaan by die skou nie net sy estetiese waarde wys nie maar ook sy ekonomiese voordele.

### Kom kyk self wat veeteelt vermag

Of jy nou 'n produsent, stoetteler, student of bloot 'n belangstellende diereliefhebber is – die Landbank-veetent by NAMPO Kaap bied 'n unieke geleentheid om eerstehands te ervaar hoe Suid-Afrikaanse veeteelt floreer. Met rasse wat nie net geskiedenis dra nie, maar ook die toekoms vorm, bied die uitstalling insig in genetiese vooruitgang, veekundige innovasie en die aanpasbaarheid van plaasdiere in uiteenlopende produksie-omgewings. Dit is 'n viering van veeboerdery op sy beste. ●





Voermol Stressbuster
BREËSPEKTRUM-TOEPASSING!!!
KLOP STRES!!
VOLHOUBARE PRESTASIE DEUR STRES-VERLAGING IN JOU DIERE
- Verbeter immuniteit
- Ondersteun voerinname
- Verbeter spysverterings-kanaalgesondheid
- Verbeter voedingstof-verteerbaarheid
- Verlaag mortaliteite & morbiditeite
STRESS-BUSTER
Voermol
STRESSBUSTER
MASSA 40 kg MASS
60 JAAR
Meer as 60 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens
Vir verdere inligting kontak jou naaste Voermol-verkoopsverteenwoordiger.
Voermol Feeds SA | www.voermol.co.za
Voermol Stressbuster, Regnr. V35135, (Wet 36/1947). Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk., Posbus 13, Maidstone, 4380.
Voermol
Wat die natuur kort - sal Voermol voorsien
Strong Jul 2025 E&OE

# Verlaag STRES in HERKOUERS só

**Ashley Grimsell,** tegniese bestuurder, Voermol Voere

Produsente word verplig om meer doeltreffend en ekonomies te boer in die huidige landbou-omgewing met 'n groter vraag na menslike voedsel, minder beskikbare bewerkbare grond en finansies wat onder druk is. Die druk op vleisproduksiestelsels om meer doeltreffend te produseer onder stremmende omstandighede, veroorsaak verhoogde stresvlakke in herkouers. Hieronder tel die stres om hulle oor te skakel na intensiewe produksiestelsels (byvoorbeeld lamhokstelsels en voerkrale), vervoer na verskillende plase asook 'n verhoogde siektelading of uitdagings. Dit kom saam met die "normale" stressors waaraan herkouers daagliks blootgestel word, soos roofdiere, speenskok en omgewingstres (veranderings in voer of kampe, die weer, temperatuur en troppe).

Stres kan op een van twee maniere deur die produsent bestuur word (beide sluit voeding in):

1. Bestuur die oorsaak (oorsprong) van stres
2. Bestuur die effek van die stres

Sodra enige herkouer blootgestel word aan 'n stresfaktor, verhoog die hartklop en respirasietempo, kortisol word vrygestel, veranderings in bloedglukosevlakke vind plaas en verlaagde voerinname word waargeneem. Die veranderings in hartklop en respirasietempo is 'n poging van die liggaam om die dier se spiere voor te brei om vinnig te kan vlug of om die liggaam weer na "normale" toestande te bring (byvoorbeeld gedurende hittestres). Bloedglukosevlakke verhoog om energie aan die dier beskikbaar te stel. Kortisol, die streshormoon, het verskeie werkings op die dier se liggaam, wat die funksie van die immuunstelsel insluit en veroorsaak dat liggaamsweefsel afgebreek word om voedingstowwe beskikbaar te stel.

'n Afname in voerinname veroorsaak 'n reeks uitwerkings op verskillende metaboliese stelsels in die dier. Die spysverteringstelsel word kwesbaar omrede daar minder voer deur die stelsel beweeg en bloedtoevoer minder is aangesien toevoer na ander stelsels verhoog om die stres te probeer bekamp. Die gewone toestand in die spysverteringstelsel word dus gesteur. Dit lei tot inflammasie (aktivering van die immuunstelsel) en 'n toegangsroete vir patogene om die liggaam binne te dring. Immuunselle wat gedurende inflammasie geaktiveer word, gebruik glukose, 'n vinnig beskikbare energiebron. Inflammasie lei uiteindelik tot morbiditeite – en moontlik mortaliteite – indien dit nie reg bestuur en behandel word nie.

*Voermol se navorsing bied 'n oplossing aan die mark wat die gevolge van stres in herkouers verlaag*

Die teenoorgestelde kan ook gebeur: Die immuunstelsel se funksie kan afneem tydens stres, wat veroorsaak dat opportunistiese mikrobes (wat gewoonlik geen gevaar vir die dier inhou nie) siekte veroorsaak. Die bekendste hiervan is infeksies van die lugweg en longe. Gevolglik neem produksie in 'n dier wat stres ervaar af, aangesien minder voedingstowwe beskikbaar gestel word vir dié funksies, wat groei, reproduksie en melkproduksie insluit.

Stres is onvermydelik en in party gevalle onopspoorbaar maar teenwoordig. Die produsent kan poog om die effek van stres op die gesondheid en produksie van herkouers te verlaag. Voermol het deeglike navorsing gedoen om 'n oplossing in die mark vry te stel wat die gevolge van stres in herkouers verlaag.

Voermol Stressbuster (V35135) is uniek geformuleer om die spysverteringskanaal se gesondheid en funksie te ondersteun, immuniteit te verbeter, voedingstofverteerbaarheid te verhoog en morbiditeite en mortaliteite te verlaag. Melasse, 'n bron van suiker, word in die formulasie van die produk gebruik. Dit is smaaklik, stimuleer voerinname, en kan maklik in glukose omgeskakel word om die verhoogde energiebehoefte van herkouers wat stres ervaar, te ondersteun. Bestuur die onvermydelike met die insluiting van Voermol Stressbuster by jou veevoer. ●




**Voermol Stressbuster is uniek geformuleer om die spysverteringskanaal se gesondheid en funksie te ondersteun.**

NAMPO KAAP | CAPE 2025

# Dié kleppe en silinders bring einde aan waterprobleme

**Hans Carstens,** eienaar, Prima Engineering Services

Prima Engineering Services bestaan reeds vanaf 1995 en vervaardig vlotterkleppe (*ball valves*) asook drie reekse boorgatsilinders van uitmuntende kwaliteit.

## Vlotterkleppe

Die Maxifloat word van vlekvrye staal vervaardig. Die bal word vervaardig van dieselfde materiaal as dié van watertenks, het 'n UV8-telling en kan 'n impak van 120 kg weerstaan. Die klep is ontwerp om maksimum vloei te verseker; dus is die in- en uitlaat in alle gevalle dieselfde grootte. Die groot gat veroorsaak dat dit nie maklik verstop nie. 'n Stop is op die hefboom aangebring om te verhoed dat die bal, in 'n tenk gemonteer, deurswaai en teen die tenk se wand druk. Die watervlak is verstelbaar. Die laedrukvlotterkleppe (2 bar) is in vier groottes beskikbaar, naamlik: 20 mm, 25 mm, 32 mm asook 40 mm. Die kleppe kan ook op aanvraag in 3 bar verskaf word. Die volgende is ook beskikbaar: twee hoëdrukmodelle (8 bar) in 20 mm asook 32 mm. Alle materiaal, dit sluit die diafragma in, kan hoë temperature asook lae temperature (onder vriespunt) weerstaan. Alle materiaal op die vlotterklep is geskik vir voedselgebruik.

**Getuigskrif van Anko Bonsmaras:** "Uitstekende produk; ek het al my oues vervang en gebruik net hierdie en dit werk baie goed. Géén meer waterprobleme."

## Boorgatsilinders

Prima Engineering Services se reeks boorgatsilinders word almal van vlekvrye staal en ingenieursnylon vervaardig. Die Supermax is spesifiek ontwerp om van die forskop/forssilinder ontslae te raak. Die water word deur 'n plastiese pyp uitgepomp; die staalpype staan droog en dien slegs as anker vir die silinder. Die ontwerp van die silinder verskil beduidend van die konvensionele silinder: Die voetklep sit nie onder in die silinder nie, maar aan die bokant. Die suierstang steek onder uit en bo-op die silinder skroef die glyreël in. Dit bestaan uit twee plat stawe wat aan die voetklep vasgesweis is. Tussen die twee plat stawe gly 'n balkie op en af; gekoppel aan die windpompstang. Aan die balkie word 'n hoekplaat aan elke kant gekoppel asook aan die onderste een wat gekoppel is aan die suierstang. So word die beweging oorgedra. Hierdie silinder kan ook met 'n T-koppeling voorsien word om sodoende 'n dompelpompkoppeling te kan gebruik. Die silinder word vervaardig in vier groottes: 2" (51 mm), 2½" (63 mm), 3" (76 mm) asook 3½" (85 mm).

Die konvensionele silinder (OD-reeks) is die tipies bekende boorgatsilinder. Uitstaande kenmerke van dié silinder is die beproefde seël wat gebruik word. Op alle dieptes word slegs een seël gebruik. Nóg 'n voordeel is dat die voetklep se enigste bewegende deel 'n bal is. 'n Brugstuk bo-oor die bal beskerm die klep indien die stange sou val. Vuiligheid beïnvloed nie die funksionering van die klep nie. Die voetklep het ook skroefdraad aan die onderkant vir 'n siffie om vullis uit te hou. Die silinder word vervaardig in vyf groottes: 2" (51 mm), 2½" (63 mm), 3" (76 mm), 3½" (85 mm) asook 5" (125 mm).

Prima Engineering Services se oppervlaksilinder (SP-reeks) staan bo-op die grond onder die stang van die windpomp en word gebruik om water hoër en verder te pomp. Dit kan water uit 'n tenk suig óf uit 'n rivier óf fontein. Die inlaat- en uitlaatkoppeling is van vlekvrye staal net soos dié van die res van hul silinders en is aangesweis om sodoende moontlike lekkasies te verhoed. Die plastiese pyp (LDPE) word slegs oor die laste gedruk en gesluit met 'n swaardiens- vlekvrye staalklamp. Die silinder word voorsien met óf 'n horisontale óf 'n vertikale inlaat. Saam met die silinder word 'n standaard-basisplaat, twee swaardiens- vlekvrye staalklampe, asook 'n eenrigting-voetklep voorsien. Die silinder word in drie groottes vervaardig: 2½" (63 mm), 3" (76 mm) asook 3½" (85 mm). ●





NAMPO KAAP | CAPE

# PERDEPROGRAM: SA en Australië sê mekaar die stryd aan

Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker

NAMPO Kaap vier die fyn kuns van perdry op internasionale vlak, met Suid-Afrika en Australië wat mekaar die stryd aansê in 'n internasionale pensteek-kompetisie. Die perdeprogram lok jaarliks groot belangstelling en bied aan besoekers die geleentheid om 'n sport te ervaar wat nie altyd oral te sien is nie.

## 'n Geskiedkundige oomblik vir junior en vroueperdry

Die hoogtepunt van die perdeprogram is ongetwyfeld die toetstydperk tussen Suid-Afrika en Australië in pensteek (*tentpegging*), 'n eiesoortige en adrenalienbelaaide ruitersport wat sy oorsprong in militêre geskiedenis het. Wat hierdie jaar se kompetisie besonders maak, is die insluiting van beide 'n vrouespan én 'n junior onder/21-span. Dit is 'n eerste vir 'n internasionale byeenkoms van hierdie formaat in Suid-Afrika. Dit bied nie net 'n geleentheid vir internasionale erkenning nie, maar is ook 'n gulde kans om die deelname van vroue en jongmense in die sport te bevorder. Dit is 'n belangrike stap aangesien die sport wêreldwyd steeds oorwegend deur senior mans gespeel word.

Suid-Afrika se junior en vroueruiters is egter nie net deelnemend nie, hulle is wêreldklas – met albei spanne wat reeds hul staal in vorige kompetisies gewys het.

## Wat is pensteek?

Pensteek vereis uiterste presisie, balans en spoed. Gewapen met lanse en swaarde moet ruiters op 'n galop klein voorwerpe soos penne, ringe of lemoene met millimeter-akkuraatheid tref. Die kompetisie strek oor drie dae:

- Dag 1: Lans-items
- Dag 2: Swaard-items
- Dag 3: Aflos – met ringetjies en lemoene

Elke dag word die beste span en beste individuele ruiter aangewys, met 'n galageleentheid aan die einde waar die algehele wenners aangekondig word.

Die perdeprogram bied jaarliks aan oud en jonk die geleentheid om uitstaande vaardighede in aksie te sien.




## Landbou se bande met die sport

Tot vandag toe het ongeveer 80% van Suid-Afrika se pensteekruiters 'n boerdery-agtergrond. Dit maak hierdie sport 'n unieke verbinding tussen landbou, kultuur en sport.

## Internasionale standaarde en uitsending

Om aan internasionale standaarde te voldoen, kom drie veeartse asook beoordelaars uit die buiteland. Dit verseker dat plaaslike ruiters vir Protea-kleure kwalifiseer. Die toernooi word boonop regstreeks uitgesaai na meer as 40 lande en is 'n uitstekende geleentheid om Suid-Afrika se perde- en sportkultuur aan die wêreld te wys. Alhoewel die toernooi se koste na raming R320 000 beloop – wat uit eie sak en met borgskappe gedra word – sien die organiseerders dit as 'n belegging in ontwikkeling en internasionale erkenning.

## Programhoogtepunte

Die perdeprogram het iets vir elke toeskouer, van tegniese pensteek tot gimkana-speletjies en perdeboogskut. (Gimkana is 'n reeks mededingende gemonteerde perdespeletjies wat 'n ruiter se perdekuns en spanwerkvaardighede deur 'n verskeidenheid wedrenne en uitdagingstoets.)

Hier volg 'n oorsig van die week se program in die Western Cape Lubricants-arena:

### Woensdag 10 September

- 09:00 tot 10:00: Gimkana (*Mounted Games*)
- 10:00 tot 13:00: Pensteek: SA teen Australië
- 14:00 tot 15:00: Perdeboogskut
- 15:00 tot 17:00: Pensteek: SA teen Australië

### Donderdag 11 September

- 10:00 tot 11:00: Perdeboogskut
- 11:00 tot 13:00: Pensteek: SA teen Australië
- 15:00 tot 17:00: Pensteek: SA teen Australië

### Vrydag 12 September

- 09:00 tot 10:00: Gimkana
- 10:00 tot 11:00: Perdeboogskut
- 11:00 tot 13:00: Pensteek: SA teen Australië
- 15:00 tot 17:00: Pensteek: SA teen Australië

### Saterdag 13 September – Perdevertoningsdag

- 08:00 tot 09:00: Perdevertonings
- 09:00 tot 11:00: Gimkana
- 11:00 tot 13:00: Overberg-streeksjeugskou: Perde
- 12:00 tot 12:30: Ikahan Quistador-friesperde
- 13:00 tot 14:00: Perdevertonings

Die perdeprogram by NAMPO Kaap 2025 is nie net 'n skouspel van vaardigheid en spanwerk nie, dit is 'n geleentheid om geskiedenis te maak. Met internasionale deelname, die bevordering van jeug- en vrouebetrokkenheid en die wêreld se oë op Bredasdorp, is hierdie 'n gebeurtenis wat jy nie wil misloop nie.

Vir toeskouers, produsente, perdeliefhebbers en sportentoesiaste beloof dit om een van die hoogtepunte op die skoukalender te wees. ●

# SAADPROEWE WYS WAT WERK

**Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Met die toekoms van volhoubare graanproduksie in die kollig, bied die saadplotproewe by NAMPO Kaap weer 'n uitsonderlike geleentheid om eerstehands te sien watter genetiese vooruitgang en agronomiese praktyke produksie kan optimaliseer. Saadmaatskappye soos Syngenta en Agricol se demonstrasiepersele is gereed en die maatskappye nooi produsente uit om daar besoek af te lê.

## Syngenta wys plantestand en kultivarverskeidenheid

Volgens Hendrik van Staden, eenheidshoof van Syngenta se saadafdeling in Afrika suid van die Sahara, het die maatskappy nege koringkultivars teen verskillende plantdigthede in hul demonstrasieperseel aangeplant. Die doel? Om prakties aan produsente te wys hoe plantestand opbrengs kan beïnvloed.

Die aanplantings is op 6 Mei 2025 gedoen en sluit bekende kultivars soos SST 0208, SST 0187, SST 0166, SST 0117, SST 0147, SST 0127, SST 056 en SST 015 in, asook die nuwe SST 0235, wat in die finale toetsfase is en in 2026/2027 kommersieel beskikbaar sal wees.

Produsente sal ook die kans kry om meer te leer oor hawerkultivars SSH 4185, SSH 4186 en SSH 421. Daarbenewens wys Syngenta, namens SABBI, ook vyf garskultivars naamlik Kadie, Malgas, Jackhammer (13-041-03), Jigsaw (13-039-06) en 14-008-14, asook een voergarsvariëteit, SSG 066V.

Van Staden beklemtoon verder die waarde van saadbehandeling teen wortelsiektes en veral teen Fusarium. Een van die demonstrasies by die plot toon die uitwerking van verskillende saadbehandelings, waaronder CELEST® Top wat tans die enigste geregistreerde saadbehandelingsmiddel teen Fusarium in Suid-Afrika is. Volgens hom is dit die rede waarom alle prebasis- en basiskoringsaad in die Sensako-handelsmerk hiermee behandel word.

Die verskil wat Miravis® Aeon, Syngenta se premiumswammiddel vir swam- en siektebeheer maak wanneer dit op kleingraan toegedien word, sal ook duidelik sigbaar wees in die vergelyking tussen die behandelde en die onbehandelde stroke.

## Agricol brei hul kleingraanaanbod uit

Jaco Jacobs, agronoom by Agricol, sê die maatskappy se aanplantings by NAMPO Kaap bied vir elke produsent iets besonders. Hul suksesvolle kanolakultivars sluit in die konvensionele Diamond en Quartz, die TT-kultivars HyTTec Trophy, HyTTec Trifecta en HyTTec Velocity, asook die Clearfield-kultivar Nuseed Ceres.

Op kleingraangebied het Agricol hul bekende hawerkultivars, Magnifico, Dunnart, Pallinup en Saia aangeplant, sowel as twee eksperimentele kultivars. Wat egter vanjaar besonders maak, is hul toetrede tot die koringmark. Die nuwe IS Tordo-kultivar, saam met twee potensiële opvolger- koringkultivars, dui op 'n strategiese skuif om sterker en meer doelgerig tot die koringmark toe te tree.

Die demonstrasiesaadplotte sluit ook weidingsgewasse soos korog (AGBently), stoelrog (Echo) en rog (Duiker Max) in, asook drie voergarskultivars wat die bekende kultivar SKG9 insluit.

Verder kan besoekers hul kennis verbreed met demonstrasies van lupiene, wieke, voererte en knolgewasse as deel van die weidingskomponente en dekgewasmengsels. Daar is selfs twee lusernkultivars vir droëlandproduksie aangeplant. Hierdie demonstrasie-aanplantings weerspieël Agricol se toewyding aan produsente in die Wes-Kaap, met 'n uitgebreide produkreeks wat aan uiteenlopende saadbehoeftes voldoen.

Met 'n rykdom aan gewasdiversiteit, nuwe genetiese materiaal en innoverende behandelingspraktyke is die NAMPO Kaap-saadproewe meer as net 'n vertoonvenster. Vir produsente is dit 'n strategiese leergeleentheid en vir maatskappye is dit 'n kans om nuwe tegnologie ten toon te stel. Produsente wat hul besluite op grond van praktiese insigte en kundige advies wil neem, moet beslis die demonstrasiepersele op hul besoeklys plaas.

## Slimmer en groener produksie met AECI Plant Health

Pieter Blom, tegniese adviseur by AECI Plant Health, sê hul fokus by NAMPO Kaap is op volhoubare boerderypraktyke wat die grondgesondheid aktief verbeter. "Ons volg 'n diverse wisselboubenadering op die demonstrasiepersele, met spesifieke aandag aan peulplante wat natuurlike stikstofbinders is. Hierdie benadering help ons om die grondstruktuur te verbeter en die natuurlike voedingsbalans in stand te hou," verduidelik hy.

Onder die aanplantings tel 'n mengsel van Haymaker-weiwieke en Arvika-voererte, verkry van Barenbrug, asook die nuutste kanolavariëteite van Pioneer. "Ons het beide PY429 TT, wat triasien-weerstandig is, en PY520TC geplant, wat nie net triasien-weerstandig is nie, maar ook deel van die Clearfield-tegnologie," sê Blom.

Benewens die gewasdiversiteit word daar ook verskillende proewe met sogenaamde "sagter chemie" gedoen. "Ons toets of dit haalbaar is om kommersieel te produseer met alternatiewe produkte, veral in 'n era waar die gebruik van insekdoders, swamdoders en onkruiddoders toenemend aan regulering en uitfasering onderhewig is," sê hy. Hierdie volhoubare benadering vorm deel van AECI se NuWay-stelsel: "Slimmer, Groener Gewasproduksie". Dit is 'n stelsel wat produsente toerus vir die uitdagings van moderne landbou sonder om op swaar chemiese insette staat te maak. ●





# Drie sussies ry 1 900 km vir demensie

Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker

Wanneer 'n geliefde met demensie gediagnoseer word, verander jou hele wêreld. So vertel Esmé Marks, wie se pa 'n paar jaar gelede met Lewy Body-demensie gediagnoseer is. Sy vertel dat sy en haar familie onvoorbereid en oningelig die uitdagende pad saam met hom gestap het.

Haar pa is intussen oorlede, maar die besef dat min mense weet wat die versorging van 'n geliefde met die siekte behels, bly haar by. Daarom het sy en haar twee sussies, Debbe Pieterse en René Daffue, besluit om 'n unieke trekkerveldtog van Potchefstroom tot in Bredasdorp aan te pak. Só beplan hulle om bewusmaking oor demensie te skep en gesinne by te staan wat dieselfde uitdagings trotseer.

Esmé vertel watter groot impak haar pa se siekte op hulle as familie gehad het. "Ons as kinders was beslis nie voorbereid op wat sou kom nie. Demensie is 'n siekte wat nie net die pasiënt raak nie, maar die hele gesin. Jy verloor jou vryheid om sommer weg te gaan, daar is finansiële koste waarvoor niemand begroot nie, en dit plaas stremming op jou huwelik en verhoudings," deel sy.

*Dit perk jou vryheid in, beïnvloed jou finansies en plaas stremming op jou verhoudings*

Die gebrek aan kennis en ondersteuning het Esmé geïnspireer om iets te doen. Sy het 'n projek by die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit geregistreer, en só is die TRACTOR-veldtog gebore; 'n akroniem vir Together Rallying Across Communities To Overcome Remembrance-loss. Wat as 'n eenvoudige idee begin het, het vinnig aanklank by haar sussies en gemeenskappe oor die hele land gevind.

## Van Potch tot by NAMPO Kaap

Die sussies vertrek op 30 Augustus vanaf Potchefstroom met 'n Landini Solis 90-trekker. Die roete dek dorpies soos Bloemhof, Kimberley, Hopetown, Britstown, Carnarvon, Williston, Vanrhynsdorp, Citrusdal, Tulbagh en Robertson, en eindig op 11 September in Bredasdorp, net betyds vir NAMPO Kaap.



Sussies René, Esmé en Debbe onderneem 'n rit vanaf Potchefstroom tot in Bredasdorp om bewustheid te skep oor demensie.




Die Landini Solis 90-trekker waarmee hulle meer as 1 900 km ry.

Die plan is om nie meer as vyf en 'n half ure per dag te ry nie. Terwyl die trekker vorder, sal ander spanlede vooruit ry om by winkelsentrumparkeerterreine stalletjies op te slaan om inligting te versprei en gesprekke met plaaslike gemeenskappe aan te knoop ter wille van bewusmaking oor demensie.

## Landini se hart klop saam

Die trekker waarop die sussies hierdie besondere tog aanpak, word met trots deur Landini in Potchefstroom geborg. Jannie Vergottini, Landini se handelaarshoof daar, vertel dat hy persoonlik geraak is deur die projek. "Ek het groot empatie met die saak en het dadelik geweet ons wil betrokke wees. Dit is 'n voorreg om die span te ondersteun," sê hy. Die trekker sal na afloop van NAMPO Kaap per vragmotor terug na Potchefstroom vervoer word.

## 'n Gemeenskapstaak

Met demensielyers wat volgens statistieke teen 2030 kan verdubbel, is inisiatiewe soos dié van Esmé en haar span broodnodig. Die TRACTOR-veldtog herinner ons dat siektes soos demensie nie net individue raak nie, maar hele families en gemeenskappe. Dit vra vir begrip, voorbereiding en ondersteuning.

Kyk gerus uit vir hierdie drie ysterdames by NAMPO Kaap! ●

NAMPO KAAP | CAPE 2025

# TEGNOLOGIE VIR LANDBOU – HIER EN IN BUITELAND

**Kobus Botha,** direkteur, Kokama Mining and Agriculture

Kokama lok groot belangstelling met sy gesofistikeerde reeks landbou-oplossings. Die onderneming, gebaseer in Koster, is sedert 1997 'n toonaangewende verskaffer van innoverende, betroubare en kliëntgesentreerde landboutegnologie – met 'n voetspoor oor die hele Suid-Afrika en internasionaal.

Hul produkreeks sluit onder meer die volgende in:

- voerbergingstelsels
- voerhanteringstoerusting
- voermengeenhede
- versakkingseenhede
- selfvoerders

## Nuut tot hul produkreeks

**Modulêre selfvoerders:** Hierdie unieke ontwerp maak dit moontlik om slegs individuele komponente te vervang soos nodig.

**Baallaaier:** Hierdie ontwerp vergemaklik die laai van bale, spaar tyd en verminder arbeid.

Die onderneming beskik oor 'n toegewyde ingenieurspan wat voortdurend besig is met die ontwerp, toetsing en vervaardiging van robuuste produkte wat produsente se bedryfslas verlig.

Kokama se kliëntebenadering onderskei hulle van ander industrieë. Die span werk nou saam met kliënte om hul unieke uitdagings te verstaan, en ontwikkel oplossings wat funksioneel, betroubaar en aanpasbaar is volgens elke kliënt se behoeftes. Hierdie verbintenis sluit volhoubare naverkoopondersteuning in – 'n sleutelkomponent in die onderneming se waardetoevoeging.

Hul hoë vervaardigingstandaarde het daartoe gelei dat Kokama ook kliënte in die mynbousektor suksesvol bedien. ●

*Vir meer inligting, besoek hul webwerf by www.kokama.co.za. Besoek Kokama tydens NAMPO Kaap 2025, uitstalruimte 31.*





# Borge is NAMPO Kaap se hartklop

**Rentia Mynhardt, *SA Graan/Grain*-redakteur**

NAMPO Kaap en Graan SA sê opreg dankie aan elke borg wat 'n unieke ekspo soos dié moontlik maak:

ABC Pumps
AB InBev
Absa/Nampo Pty Ltd
ACDC
AFGRI
Agri Expo
AgriAbout
BBF
Berda Fruit
Bester Voer en Graan
BKB
BKB Jeugskou
Bredasdorp Spar
Case
Chrystal Life Water
Clark Forklifts/Kempston
Corteva
Dirk Uys Prokureurs
Engen
FNB
Ford
Jonsson
Greenspan
Hexagon
Hollard
Ikusasa
Kaap Agulhas-munisipaliteit
KWV
Landbank
Lemco
Mospare/Greenworks
Nedbank
Neptun
New Way
Nutrochem
Omnia
Old Mutual
Overberg Agri
Packtown
Plaasmedia
Peninsula Beverages: Coca Cola
SA Truck Bodies
Santam
Score Immune Booster
Syngenta
SEW Eurodrive
Skeepswrakmuseum
SRS
Standard Bank
Swartland Wyne
Suidpunt Sekuriteit
TotalEnergies
Toyota SA
Van Zyl Staalwerke
Varsmark
Voermol
Virbac
Wes-Kaapse Departement van Landbou (WKDL)
Western Cape Lubricants
2Zero50 ●

# Maak die hekke oop!

**Rentia Mynhardt, *SA Graan/Grain*-redakteur**

Kaartjies vir NAMPO Kaap is reeds aanlyn by Ticketpro beskikbaar. Jy kan boonop R10 per kaartjie spaar en net jou foon by die ingang laat skandeer sonder om skielik te onthou dat jou kaartjie steeds by die huis lê! ●

**Koop jou kaartjie hier.**

**Toegangskoste per persoon per dag:**
**Aanlyn: R100**
**By die hekke: R110**
**Skoolkinders: R50**
**Voorskool: Gratis**



NAMPO KAAP | CAPE 2025



Die iPlan-span.

# Inligtingstegnologie ondersteun strategiese bestuursbesluite

**Dr Susan Tredoux,** hoofbestuurder, iPlan

Inligtingstelsels (IS) hou strategiese waarde vir die graanbedryf in, wat belanghebbendes in staat stel om doeltreffendheid te verbeter. Dit lei tot ingeligte besluitneming en mededinging wat belangrik is in die gekompliseerde en vinnig veranderende wêreldmark. 'n Geskikte stelsel kan 'n groot ontwikkelingsrol deur die hele graanwaardeketting speel, vanaf produksie en berging tot logistiek en handel.

Presisieboerdery-tegnologieë, insluitend GPS-geleide toerusting, satellietbeelde en IoT-sensors, stel graanprodusente in staat om aanplantings-, besproeiings- en oesprosesse te optimeer. Dit lei tot hoër opbrengste, laer insetkoste en beter benutting van hulpbronne. Stelsels soos Enterprise Resource Planning (ERP) en outomatiese voorraadbestuur help met effektiwiteit en minder vermorsing om produktiwiteit te verbeter.

Verder maak inligtingstelsels datagedrewe besluitneming moontlik. Direkte toegang tot weerpatrone, grondgesondheidsdata, gewasprestasieprofiele en kommoditeitspryse bemagtig produsente en handelaars om akkurate strategiese besluite vinnig te neem, byvoorbeeld plantdatums, markneigings, risikobestuur, bekamping van plae en weersomstandighede.

Inligtingstelsels bied logistieke funksionaliteit met opspoorbaarheid om 'n optimale verskaffingsketting te verseker. Tegnologieë soos RFID (radiofrekwensie-identifikasie), GPS-nakoming en blokketting (*blockchain*) word gebruik om produkte van die land tot by die eindgebruiker te volg, wat voedselveiligheid en kwaliteitversekering ondersteun. Hierdie stelsels verbeter ook die koördinering van vervoer en die vermindering van vertragings en vermorsing tydens berging of versending.

Verder verleen inligtingstelsels toegang tot markinligting wat mededingendheid verhoog. Digitale handelsplatforms verbind produsente met kopers wat prysdeursigtigheid verbeter en die afhanklikheid van 'n middelman verminder. Integrasie met finansiële stelsels en globale kommoditeitsmarkte lei ook tot meer effektiewe risikobestuur en kontrakonderhandeling. Dit ondersteun graanondernemings om insette te monitor, emissies op te volg en om te voldoen aan omgewings- en voedselveiligheidsregulasies.

Inligtingstelsels ondersteun groei, innovasie en veerkragtigheid in die graanbedryf, wat belanghebbendes in staat stel om effektief te bestuur.

Kontak iPlan om te help om die regte produk te kies. ●



# GRONDLOSE STELSELS EN GROENTE TREK AANDAG

**Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker**

Grondlose boerderystelsels soos hidroponika en akwaponika neem wêreldwyd vinnig toe namate produsente en navorsers nuwe maniere soek om volhoubaar voedsel te produseer.

Volgens marknavorsing deur MarketsandMarkets (2024) word 'n saamgestelde jaarlikse groeikoers van meer as 11 tot 15% in die wêreldwye hidroponikamark verwag, met 'n waarde van meer as $25 miljard teen 2027. Akwaponika, hoewel 'n kleiner segment, wys ook 'n bestendige opwaartse tendens en word al hoe meer gebruik in kleinskaalse stedelike projekte, by skole en op kommersiële plase.

In Suid-Afrika word hierdie stelsels toenemend gesien as lewensvatbare oplossings vir voedselonsekerheid en die beperkinge van tradisionele boerdery. Die Landbounavorsingsraad (LNR) het reeds verskeie loodsprojekte van stapel gestuur om die haalbaarheid van hidroponika in dorpsgebiede te toets, veral waar water- en grondhulpbronne beperk is.

*Besoekers sal drupstelsels, vertikale eenhede, groeipype en gruisstelsels kan sien*

Met die vermoë om tot 98% minder water as konvensionele boerdery te gebruik, en om gewasse tot 20% vinniger te laat groei, bied hidro- en akwaponika 'n aantreklike alternatief vir produsente wat volhoubaarheid, doeltreffendheid en opbrengs wil balanseer.

## WAT IS HIDRO- EN AKWAPONIKA?

**Hidroponika** is 'n metode van plantverbouing sonder grond, waar plante hul voedingstowwe direk uit wateroplossings ontvang. Die plante word gewoonlik in 'n inerte medium soos gruis, klippies, turf of saagsels geanker en groei in 'n beheerde omgewing met presiese beheer oor water en voeding.

**Akwaponika** is 'n geïntegreerde stelsel wat viskweek (akwakultuur) kombineer met hidroponika. Die visse produseer afvalstowwe wat deur bakterieë omgeskakel word in voedingstowwe vir plante. Die plante reinig op hul beurt die water, wat weer terugvloei na die visdamme. Dit skep 'n geslote, volhoubare kringloop wat min afval en lae waterverbruik tot gevolg het.

Die Bredasdorp Park Hidroponika- en Akwaponika-eenheid by die Waterwise-sentrum is 'n werkende eenheid wat deur die jaar vars produkte vir plaaslike markte produseer en onder die leiding staan van dr Ian Goldie.

Hierdie eenheid is in 2019 as 'n demonstrasie- en opleidingsfasiliteit gevestig met die doel om kleinskaalse boerdery in omliggende dorpe aan te moedig. Die projek word ondersteun deur Two Oceans Projects & Services, en samewerking met kenners, insluitend die Universiteit Stellenbosch se Waterinstituut, het gelei tot 'n waardevolle netwerk.

Moenie die uitstalling van hidro- en akwaponikapraktyke by NAMPO Kaap misloop nie.



Die fasiliteit, wat in Mei 2021 amptelik geopen is, bestaan uit drie kweekhuise, twee nethuise en 'n grondtuin waar afloopwater hergebruik word. Besoekers sal verskeie stelsels in aksie sien, insluitend drupstelsels (*nutrient film technique*), vertikale eenhede, groeipype en gruisstelsels.

### Wat om by NAMPO Kaap te verwag

Dr Goldie verduidelik dat die uitstalling voortbou op verlede jaar se sukses en dat daar hierdie keer nóg meer te sien is, veral op die gebied van boerderypraktyke en afvalhantering. "Ons werk daaraan om ons stelsels so doeltreffend op te stel dat daar absoluut geen vermorsing is nie. Ons strewe dus na 'n 0%-vermorsingsbenadering," sê hy.

Besoekers sal die uitstalling te voet kan verken en demonstrasies van verskillende tegnieke dophou. "Dis 'n praktiese 'vat-en-kyk'-ervaring waartydens kenners hulle kennis met die publiek deel. Selfs iemand met geen agtergrond in die onderwerp nie, sal beslis baie daaruit leer," voeg hy by.

NAMPO KAAP | CAPE 2025

# TAKE CONTROL OF WASTE, ONE BALE AT A TIME

Article supplied by **Akura**

If there's one thing South African producers know, it's how to make the most of what they have. Whether it's turning offcuts into mulch or running a farm on tight margins, nothing goes to waste if it can be helped. That's where the Bramidan vertical baler comes in – a hardworking waste compaction machine that is built tough and made to last.

At NAMPO Cape 2025, you'll get to see it up close: a compact baler that helps you deal with cardboard boxes, plastic packaging, and other recyclables in a clean, safe, and space-saving way.

'We understand that on a busy farm, every piece of equipment must earn its keep. The Bramidan baler does just that – quietly improving day-to-day operations by managing recyclable waste better,' says Jaco du Toit, divisional manager at Akura. 'It's reliable, easy to operate, and adds value by turning waste into something manageable.'

## Why producers appreciate the Bramidan baler

- Bramidan balers are known for their durability and consistent performance.
- Safety is a top priority. The baler incorporates European safety features to protect operators during the compaction process.
- Operating the baler is straightforward, making it accessible to both experienced professionals and newcomers.
- It can handle various recyclable materials, including cardboard boxes, plastic bottles, and more.
- The vertical design saves space, making it suitable for businesses with limited room.

## Bales today, benefits tomorrow

Whether you're in grain, fruit, wine, poultry, or livestock, chances are you're generating recyclable waste that's costing you time, or space, or creating a fire risk. A Bramidan baler helps you take control of that waste – making it easier to store, move, and recycle. The result? A neater yard, better fire safety, and even some money back if you sell your bales.

Akura Manufacturing Engineering Company has been serving the South African industry since 1970. From our factory in Paarl and branches in Johannesburg, Durban, and Gqeberha, we support our customers across the country with quality machinery and solid after-sales service.

Come visit the Akura stand at NAMPO Cape and discover how effortless waste handling can free up space and time – so you can focus on what really matters on the farm. ●




**The range of Bramidan balers for the baling of recyclables or waste materials.**

**Maximize Your Farming Efficiency with the Bramidan Waste Baler!**

Introducing Bramidan Waste Balers, the perfect solution for farmers looking to reduce operational cost and contribute to recycling.

- **Compact a variety of materials:** Cardboard, plastic, foil, paper and more.
- **Save Space:** Compact waste efficiently, freeing up valuable space on your farm.
- **Improve Logistics:** Simplify waste management and reduce transport costs.
- **Enhance Hygiene:** Maintain a cleaner, more organized storage area.
- **Ensure Worker Safety:** Designed for ease of operation and equipped with advanced safety features to protect your workers.
- **Contribute to Recycling:** Do your part in promoting sustainable farming practices.




**Visit us at NAMPO Cape at Bredasdorp Park to see the Bramidan X10 in action (Stand 32) or contact us on 021-872 2224 / www.akura.co.za**

AKURA



## GRONDLOSE STELSELS...

Die uitstalling is 'n werklike, funksionele boerderyeenheid en bied besoekers die kans om verskillende tegnieke van nader te ervaar. Van die hoofgewasse wat tans verbou word sluit in blaarslaai, tamaties, kruie, aarbeie en selfs eetbare blomme.

"Ons wil graag met belangstellendes gesels oor waar hierdie tipe boerdery sin maak, en watter faktore in ag geneem moet word by die keuse van 'n spesifieke mikro-omgewing," sê dr Goldie.

Die hidroponika-sentrum is geleë by die Sensako-hek, langs die Standard Bank Rûens Kollege Steakhouse.

### Nuwe fokus: groente onder beskerming

Volgens dr Goldie is groenteproduksie 'n nuwe fokusarea by NAMPO Kaap, 'n veld waarin hy groot potensiaal sien vir toekomstige groei. Om hierdie belangstelling verder aan te moedig, bied Two Oceans Projects & Services in samewerking met Food For Mzansi 'n spesialis-seminaar aan oor beskermde groenteverbouing.

Die seminaar vind op Vrydag 12 September van 8:30 tot 12:00 in die Santam-ouditorium plaas en sluit bydraes in van verskeie kundiges wat hul kennis oor beskermde groenteproduksie sal deel. Volgens dr Goldie is die sessie veral relevant vir beginnerboere wat met beperkte toegang tot grond en water werk, maar steeds groente wil verbou. Sprekers sluit in verteenwoordigers van die Universiteit Stellenbosch, gevestigde groenteprodusente en spesialiste in plaagbeheer.

"Hierdie seminaar is bedoel vir belangstellendes wat bereid is om die oggend af te staan om te leer, vrae te vra en insig te kry oor die uitdagings en moontlikhede van hierdie tipe boerdery," sê dr Goldie. "Ons gaan onder meer gesels oor volhoubaarheid, risiko's en die praktiese toepassing van beskermde verbouing."

Die seminaar is beperk tot 50 deelnemers. Kaartjies sal beskikbaar gestel word – hou dus NAMPO Kaap se sosiale media dop vir verdere besonderhede. ●



Verskillende tegnieke demonstreer hoe 'n 0%-vermorsingsbenadering gevolg word.






# Linne, leer en PURE LEKKERTE hiér te koop

Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker

’n Kleurvolle verskeidenheid van uitstallers wat spesifiek op vroue gerig is, bring weer flair, styl en fynproewersgenot na Bredasdorp Park.

Van plaas tot huis, kombuis tot klerekas is daar iets van alles vir vroue onder een dak in die BKB-saal waar 57 uitstallers spesifiek op produkte vir vroue gaan fokus.

## Topgehalteprodukte vir die vrou

**Fyn uitgevat** – Van linnerokke tot reënjasse, sagte truie en elegante leerhandsakke is daar iets van alles vir modeliefhebbers in die verskeie boetiekkledingstalletjies wat handgemaakte kleding van top gehalte aanbied. Skoene gemaak van egte bees- en volstruisleer is elke jaar baie gewild en perfek vir vroue met ’n liefde vir beide styl én egtheid.

*Fynbos-soute, -asyn en -tees sal sorg vir ’n unieke plaaslike geurervaring*

**Jou huis is waar jou hart is** – Vir diegene wat hul huis wil opkikker, sal daar ’n oorvloed dekoritems beskikbaar wees: keramiekborde, muurpanele met inspirerende woorde, houtskinkborde, kruise en selfs handgemaakte spieëls en rame. Handgeweefde mohairkomberse, tapyte en kussings bring warmte na elke sitkamer. En moenie die doen-dit-self-kussingstelle en naaldwerkpakkies misloop vir kreatiewe naaldwerkers nie.

KAMERS/Makers is ’n opwindende nuwe toevoeging tot NAMPO Kaap waarna almal wat ’n unieke ervaring waardeer, kan uitsien.







Vat vir jou ’n stukkie NAMPO huis toe.

**Bederf jou lyf** – Daar is ook geen tekort aan produkte vir persoonlike sorg nie. Produkte soos natuurlike rome, gegeurde olies, handgemaakte seep en oliegebaseerde parfuum gaan die vrouekant van die BKB-saal heerlik laat ruik.

**’n Fees van smake** – Met handgemaakte soetgoed, Hollandse stroopwafels, sagte toffies, Turkse lekkers en gourmetspringmielies gaan besoekers se monde behoorlik water. Fynbos-soute, -asyn en -tees sal sorg vir ’n unieke plaaslike geurervaring.

**Slim en stylvolle oplossings** – Handige vroue het ook hul plek gevind, met slim kombuis- en naaldwerktoestelle wat jou kreatiewe projekte ’n hupstoot gaan gee. Daar is ook veiligheidstoerusting, slim rugsakke en kampeerware vir die avontuurlustige vrou.










Of jy na nuwe skoene, klere of juwele soek – jy gaan dit by NAMPO Kaap kry!




## Neem 'n stukkie NAMPO Kaap huis toe

Die gewilde Graan SA-stalletjie in die BKB-saal bied iets besonders vir elke besoeker.

As jy van geskenke hou wat jou lank ná die geleentheid nog aan die ervaring herinner, is dié stalletjie by NAMPO Kaap die plek om in te loer. Hier kan jy 'n verskeidenheid NAMPO Kaap-handelsmerkitems koop – prakties én stylvol – wat jou herinner aan jou tyd op Bredasdorp Park.

Van funksioneel tot gesellig, kan besoekers uitsien na:

- NAMPO-vellies vir gemaklike kuier op die terrein;
- truie, baadjies en pette vir alle weerstoestande;
- waterbottels en koffiebekers vir 'n warm koppie of koel slukkie;
- kombuis- en braai-items wat die plaaslewe vier; en
- selfs kinderoorpakke en leerbykomstighede wat perfekte geskenke maak.

"Ons hoor elke jaar hoe besoekers iets soek wat hulle kan saamneem om te wys hulle was hier. Daarom sorg ons vir gehalte-aandenkings wat bruikbaar is én herinneringe vasvang," sê Alzena Gomes van Graan SA se kommunikasiespan.

Besoek die stalletjie tydens jou kuier by NAMPO Kaap van 10 tot 13 September, en kom kry jou eie stukkie NAMPO Kaap om saam te neem huis toe.

## Wip in hierdie rigting

KAMERS/Makers, Suid-Afrika se geliefde platform vir handgemaakte plaaslike ontwerp, bring hul gewilde boetiekstyl-opwipwinkel [K]apsule, na NAMPO Kaap.

Na die groot sukses van hul debuut by die NAMPO Oesdag in Bothaville, bied KAMERS se [K]apsule nou vir die eerste keer by NAMPO Kaap 'n keurig saamgestelde versameling van meer as 20 uitsonderlike Makers. Dit is 'n unieke kans om die gehalte en kreatiwiteit van Suid-Afrikaanse ontwerp in 'n gemaklike, stylvolle winkelruimte te ervaar.

Alle produkte word direk deur die Makers self op die terrein verkoop, wat vir 'n egte, persoonlike winkelervaring sorg. Dit bring 'n nuwe wêreld van ontwerp en vakmanskap na landboufamilies, entrepreneurs en feesgangers.

"Die Makers [K]apsule bied aan NAMPO 'n keurversameling van oorspronklike gehalteprodukte van oor die hele land, in 'n formaat wat prakties én inspirerend is," sê Ben-Carl Havemann, mede-eienaar van KAMERS/Makers. "Dit is 'n kans om iets unieks, met trots plaaslik gemaak – hetsy klerasie, skoene, dekor of bykomstighede – huis toe te neem."

Die KAMERS [K]apsule bied onder meer mode-bykomstighede, deliprodukte, geskenke, natuurlike velsorg en huisware – alles met die kenmerkende KAMERS-fokus op kwaliteit, oorsprong en estetiese styl. ●

*Vind die KAMERS [K]apsule reg langs RSG se uitstalruimte en ontdek iets besonders. Vir meer inligting, besoek www.kamers.co.za*

# Groot pryse vir KREATIWITEIT EN INNOVASIE

Valerie Cilliers, *SA Graan/Grain*-medewerker

Die gewilde Boereplanne-kompetisie, geborg deur Omnia Nutriology®, keer terug na NAMPO Kaap met 'n prysgeldpot van meer as R50 000 en 'n sterk fokus op plaaslike innovasie. Hierdie unieke platform gee produsente en leerders die geleentheid om hul vindingryke oplossings vir landboubestuursuitdagings ten toon te stel en daarmee saam die kans om nasionale erkenning te kry.

Volgens Donald Brink, verkoopsbestuurder by Omnia, was verlede jaar se kompetisie 'n groot sukses met 37 inskrywings oor verskeie kategorieë. "Ons sien uit daarna om weer inskrywings te ontvang en is tans hard aan die werk om skole in die omgewing aan te moedig om in te skryf."

Die afgelope twee jaar het skole soos Pionier, HTS Drostdy, Hoër Landbouskool Oakdale, Boland Landbouskool en Augsburg Landbougimnasium reeds deelgeneem. Brink voeg by dat indien daar genoeg belangstelling is, die skole-afdeling moontlik vanjaar in verskeie kategorieë verdeel gaan word, naamlik houtwerk, pas-en-draai, konstruksie, elektries en metaalwerk.

*Dit is gesonde kompetisie, en deelnemers staan 'n kans om hul deel van meer as R50 000 te wen*

Met agt verskillende kategorieë is die kompetisie oop vir alle produsente, studente en belangstellendes met innoverende planne vir alles van nuwe en gemodifiseerde toerusting tot huis- en tuinoplossings. 'n Video-afdeling maak voorsiening vir planne wat te groot of onprakties is om te vervoer en nie fisies uitgestal kan word nie. Patente wat minder as twee jaar kommersieel bemark en deur 'n werklike produsent ontwerp is, kan in aanmerking kom vir 'n waardevolle uitstalruimte tydens NAMPO Kaap in 2026.




Skole neem aan die Boereplanne-kompetisie deel onder Afdeling F, wat op jong ontwerpers fokus.









Beoordeling vind vanaf 09:00 op Woensdag 10 September plaas, met die prysuitdeling op Vrydag 12 September om 12:00. Video- en kommersiële inskrywings moet voor of op 1 September by Graan SA ingehandig wees. Ander inskrywings moet voor 14:00 op 9 September op die die perseel saam met 'n inskrywingsvorm wees.

"NAMPO Kaap se boereplanne is gesonde kompetisie, en deelnemers staan 'n kans om hul deel van meer as R50 000 te wen," sê Brink. "Boonop bied dit uitstekende mediablootstelling, aangesien televisieprogramme soos *Fiësta* en *Landbouweekliks* en kanale soos VIA al oor die kompetisie verslag gedoen het, terwyl *Landbouweekblad* en *SA Graan/Grain* dekking aan die wenners gee."

## Kategorieë vir inskrywings

### *A. Nuwe ontwerpe*

Hierdie afdeling fokus op oorspronklike, selfontwikkelde masjinerie of landboutoerusting, insluitend digitale en tegnologiese oplossings wat nog nie kommersieel beskikbaar is nie.

### *B. Aangepaste toerusting*

Inskrywings wat bestaande masjinerie of implemente wysig of verbeter het, val in hierdie afdeling. Dit sluit ook programmatuur,









'n Boer maak 'n plan – en planne word beslis nie in hierdie kompetisie aan ouderdom gekoppel nie.







selfoontoepassings en enige vorm van tegnologie in wat aanpassings vergemaklik.

### *C. Gereedskap en toebehore*

Alle hand- en elektriese gereedskap wat spesifiek ontwerp is vir gebruik in landbou- of werksomgewings word in hierdie kategorie oorweeg.

### *D. Huishoudelike en tuinoplossings*

Innovasies wat die lewe rondom die huis, kombuis of tuin vergemaklik, kan hier ingeskryf word. Dit sluit alledaagse maar nuttige planne vir die plaaslewe in.

### *E. Oop kategorie*

Enige unieke plan of idee wat nie binne die ander kategorieë pas nie, en waarvan die materiaal- of vervaardigingskoste onder R5 000 bly, kom hiervoor in aanmerking.

### *F. Jong ontwerpers (skole-afdeling)*

Hier kan leerders of studente van skole en opleidingsinstansies hul skeppings inskryf. Afhangend van die belangstelling kan dit verder verdeel word in byvoorbeeld houtwerk en metaalwerk.

### *G. Kommersiële ontwikkelings*

Produkte wat minder as twee jaar kommersieel bemark is en deur werklike produsente ontwikkel is, ding mee vir die spesiale uitstalgeleentheid by NAMPO Kaap 2026.

### *H. Digitale voorleggings*

Vir projekte wat weens hul grootte, ligging of kompleksiteit nie na NAMPO Kaap vervoer kan word nie, kan 'n video-inskrywing ingedien word. ●

*Vir navrae kontak Wim Venter by wim@grainsa.co.za of 086 004 7246.*

# NAMPO KAAP Boereplanne

**'n TOTALE PRYSGELD VAN R50 000 IS OP DIE SPEL!**

## Wen groot met jou unieke boereplanne op vanjaar se NAMPO Kaap. Skryf vroegtydig in om jou plek te verseker.

### Amptelike inskrywingsvorm

Hierdie planne sluit enige toerusting in wat aangewend kan word om uitdagings op die plaas aan te pak. Behalwe vir kategorie G mag die toerusting nie reeds gepatenteer wees nie en mag dit deur enigiemand vir eie gebruik nagemaak word.

### Inskrywings

Rig alle inskrywings aan Wim Venter by *wim@grainsa.co.za* of skakel hom by 086 004 7246 met enige navrae.

Naam en van: ____________________

Adres: ____________________

Selfoonnommer: ____________________

E-pos-adres: ____________________

Plan staan bekend as: ____________________

Beskrywing: ____________________

____________________

Naam van skool/instansie (F): ____________________

Dui die afdeling met 'n kruisie aan:

A. Nuut: masjinerie, implemente en landboutoerusting (digitale tegnologie ingesluit)
B. Gemodifiseerd: masjinerie, implemente en landboutoerusting (rekenaarprogrammatuur, slimfoontoepassings en enige ander tegnologie ingesluit)
C. Gereedskap: alle gereedskap, elektries sowel as nie-elektries
D. Huis en tuin: planne wat in en om die huis gebruik kan word, ook in die kombuis
E. Ope-afdeling: enige item wat nie hierbo genoem word nie met 'n vervaardigingskoste van minder as R5 000
F. Skole-afdeling: enige inskrywing van 'n student/leerder aan 'n onderriginstansie
G. Kommersiële afdeling: planne nie ouer as twee jaar wat reeds kommersieel beskikbaar is kom in aanmerking vir die spesiale prys van 'n NAMPO Kaap 2026-uitstalruimte (10 m x 10 m). Slegs een plan in hierdie kategorie per persoon en deelnemers moet *bona fide*-boere wees
H. Video-afdeling: vir planne wat te groot, te ver of onprakties is om fisiek by Nampo Kaap te kry. Die prysgeld vir hierdie afdeling is effens minder as vir A tot F

Ek onderneem hiermee om by die reëls van die kompetisie te hou.

Geteken: ____________________

### Reëls

1. Ingeskrewe artikels moet van Woensdag tot Saterdag (10 tot 13 September) by Graan SA se NAMPO Kaap uitgestal word, en moet reeds teen Dinsdag 9 September om 14:00 op die Boereplanneterrein wees. Planne mag nie voor Saterdagmiddag 14:30 van die terrein verwyder word nie.
2. Slegs inskrywings op die amptelike inskrywingsvorm sal aanvaar word.
3. Alle deelnemers sal na afloop van NAMPO Kaap deur *Landbouweekblad* gekontak word vir moontlike publikasie van die betrokke inskrywing in *Landbouweekblad* of op Landbou.com en die wenners sal op die borge se sosialemediaplatforms aangekondig word.
4. Die deelnemer is verantwoordelik vir die vervoer van sy plan voor en na die kompetisie, tensy anders met die borge ooreengekom.
5. Graan SA, Omnia Nutriology® en *Landbouweekblad* aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies tydens deelname aan die kompetisie nie.
6. Elke deelnemer of sy verteenwoordiger moet tydens die beoordeling op Woensdag 10 September 2025 teenwoordig wees om die plan te demonstreer. Deelnemers kwalifiseer as uitstallers en is dus geregtig op een gratis toegangskaartjie vir elke dag wat hulle op die terrein is.
7. Wenners of hul verteenwoordigers moet tydens die prysuitdeling op Vrydag 12 September 2025 om 12:00 teenwoordig wees.
8. Items wat reeds kommersieel bemark word of in die proses is om as patent geregistreer te word, kan in kategorie G ingeskryf word, mits dit nie ouer as twee jaar is nie. Die wenner in hierdie kategorie sal die spesiale Graan SA-prys soos bo genoem wen, en kom nie in aanmerking vir prysgeld nie.
9. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen mondelinge of skriftelike kommunikasie sal hieroor gevoer word nie.
10. Die beoordelaars sal pryse na goeddunke toeken en inskrywings diskwalifiseer wat nie na hul oordeel gepas is nie. Spesiale pryse mag volgens die beoordelaars se diskresie toegeken word.
11. Deelnemers kan in die afdelings soos hierbo uiteengesit meeding.
12. Inskrywings moet Graan SA voor of op Maandag 1 September 2025 bereik, behalwe vir kommersiële planne en video-inskrywings wat voor 20 Augustus ingedien moet wees.
13. 'n Afskrif van die inskrywingsvorm moet saam met die plan by die ingangshek getoon word om toegang te verkry.

omnia NUTRIOLOGY — NAMPO KAAP | CAPE — Landbou weekblad

**Die prysuitdeling vind op Vrydag 12 September 2025 om 12:00 plaas. Produsente word genooi om die inskrywings by die Boereplanne standplaas langs Omnia te kom besigtig. Skakel Wim Venter by 086 004 7246 met navrae.**


omnia
NUTRIOLOGY
A holistic approach to crop production
Precision farming powered by Nutriology®
Farming today is tougher than ever - but so are South Africa's farmers.
Rising costs, climate uncertainty, and the pressure to farm more sustainably – all while delivering consistent results. It's no small task.
At Omnia, we get it. That's why we're more than just a supplier. Through our Nutriology® model, we partner with farmers to nurture soil health, boost yields, and build long-term resilience.
Together, we're growing stronger, season after season.
Visit Omnia to see how Nutriology® can transform your farm | www.nutriology.co.za

# NAMPO 2025
KAAP | CAPE

Ikusasa Water New Entrance 5

**Neptun Hall**
Neptun Deli
Napier Garden Cafe F5

**Honey Show**

**Land Bank Livestock Tent**
Breed exhibitions

**Darling Romery F21**
**Radio Overberg T19**

**BKB Livestock Centre**
BKB Merino Classic
BKB National Fleece Show
Young Auctioneers Competition
Overberg Regional Youth Show
DS de Wet School F19

**Western Cape Lubricants Arena**
Tentpegging: SA vs Australia
Mounted Games
Sheepdog demonstrations
Mounted Archery
Horse shows
Pony rides
Boerboel Dog show

**Western Cape Museums Tent**

**New York Pizza F3**

**Kamers Market**

**RSG**

VINPRO **Producers Reception and Parking**


**Wyoming Spur Take Aways**

**Voermol Exhibition Hall**
Exhibitions
Flora exhibition
Coffee Cafe F17
Santam Boerekos Gunsteling F18

GSA **ABSA Building**
Grain SA, MPO, RPO
Reception Hollard Bistro


**Lemco Building**
Emergency Services

**Biltong & Brew F11**
**Chip n Dip F12**
**Caledon FM T18**
**Suidpunt ACVV Dienssentrum F13**




Coca-Cola Peninsula Beverages






**Ikusasa Water Wise Centre**
Soilless Growing Systems
Demonstrations
Hydroponics and Aquaponics

**Helicopter Rides**

**Hoërskool Bredasdorp F20**

**WC Department of Agriculture Tent**
NAMPO Cape Schools Programme

**Standard Bank Steakhouse**

**Santam Auditorium**
Organised Agriculture discussions and meetings

**Food For Mzansi Discussions**

**Omnia Farmer's Innovations**

**Hectic Biltong F7**
**Colin's Kudu Stall F7A**
**Mamaliousis F7B**

**Margerite Uys Playground**

**Total Energies Hall**
Exhibitions

**Experimental Plots**
Grain experiments

**BKB Hall**
Exhibitions
BKB Suideroord Tea Garden F4
Bredasdorp Primary Food Stall F2
Grain SA Information Office
2Zero50 Media Lounge

**Syngenta Stoep F22**

**Implement demonstrations**

**Zoetendal Kombuis F16**

**Greenworks Demo Track**
Electric vehicle demonstrations

**Engen 4x4 Track**
Vehicle demonstrations

**Distinctive Choice Tent**
Santam Women's Programme

**Likkewaan demo track**

**Dik Frik Spitbraai F14 & 15**

**Tented Accommodation**

# Sale-uitleg/ Layout of halls



Quaker Houghton
Forward Together™




African Group Lubricants offers a range of Quaker Houghton Dust Suppressant and Fire-Resistant Hydraulic Fluid for the farming industry.

CONTACT US TODAY
agri@aglubricants.co.za
011 824 0560




Vir jou, die boer, bied ons omvattende dienste, terwyl ons streef na voedselsekerheid in Suid-Afrika en die res van die vasteland: van wêreldgehaltegraanopberging en -hantering, toegevoegde waarde deur gehalte-meulenaars, betroubare toerusting, insette en voerstrategieë, ondersteun deur 'n uitgebreide kleinhandelnetwerk, tot landboufinansiering en opleiding en ontwikkeling. **Skakel vandag nog by ons diensaanbod in, want die toekoms is blink met sterk besigheidsvennote.**

Jou vennoot in **Landboubesigheid**

Skakel ons nou by: **011 063 2347** of besoek **www.afgri.co.za**

AFGRI
SINCE | SEDERT 1923